“kennisgewing in die media” ’n kennisgewing in die drie amptelike tale, in koerante wat binne die Stad se grense verskyn;

“kleefbemarking” (*ambush marketing*) bemarkings-, produkbevoororderings-, reklame- of openbare-betrekkingebedrywighede in woorde, klank of enige ander vorm, hetsy regstreeks of nieregstreeks gekoppel aan die kompetisie, en wat aanspraak maak of dui op ’n verbintenis met die kompetisie en/of kapitaliseer of bedoel is om te kapitaliseer op ’n verbintenis met die kompetisie, of daaruit voordeel trek of bedoel is om daaruit voordeel te trek ten koste van enige borg van die kompetisie, maar wat onderneem word deur ’n persoon wat nie deur FIFA gemagtig is om ’n verbintenis met die kompetisie te hê of voormelde aktiwiteit te beoefen nie;

“kommersiële geaffilieerde” enige FIFA-vennoot, of borg, nasionale ondersteuner en handelsmerk-gelisensieerde van die FIFA Wêreldbeker;

“kompetisie” die 2010 FIFA Wêreldbeker Suid-Afrika_ wat van 11 Junie tot 11 Julie in die jaar 2010 onder die bestuur van FIFA in die Republiek van Suid-Afrika sal plaasvind, wat alle wedstryde en amptelike geleenthede insluit;

“kompetisiemerkttekens”:

- (a) die amptelike embleem;
- (b) enige amptelike kompetisiemaskot;
- (c) enige amptelike kompetisieplakkaat;
- (d) enige amptelike kompetisiebeeld-ontwerpe;
- (e) twee- of driedimensionele voorstellings van die FIFA Wêreldbekertrofee; en
- (f) enige kompetisieverwante ontwerpe en benamings, wat insluit handelsmerke en merkttekens soos in die Handelsmerkwet, 1993 (nr. 194 van 1993) omskryf;

“kruising” enige kruising soos omskryf in die regulasies wat ingevolge die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (nr. 93 van 1996) uitgevaardig is;

“lugbesoedeling” dieselfde as in die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Luggehalte, 2004 (nr. 39 van 2004);

“media” alle lede van die gedrukte media, fotograawe en elektroniese media wat op media-akkreditasie geregtig is;

“mediaregte” die reg om die kompetisie of enige deel daarvan, sowel as alle opnames daarvan, uit te saai, oor te sein, te vertoon, te verfilm en te fotografeer, in enige vorm en via alle bekende en toekomstige media, asook die reg om genoemde ten volle te benut en te ontgin;

“nasionale ondersteuner” ’n persoon aan wie FIFA ’n pakket gespesifiseerde bemarkingsregte verleen, welke regte slegs in die Republiek van Suid-Afrika uitgeoefen mag word;

“ontspanning” enige aktiwiteit wat deel uitmaak van vryetydsbesteding;

“openbare pad” ’n plein; openbare straat; laan; pad; sypaadjie; verkeerseiland in ’n straat, laan of pad; duikweg; brug; looplyns; openbare deurloop, en enige deurgang wat op ’n algemene dorpsplan aangedui word of met betrekking waartoe die publiek ’n voorskriftelike of ander deurgangsreg bekom het en wat meer uitvoerig in die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (nr. 93 van 1996) omskryf word;

“openbare plek”:

- (a) enige openbare grond; plein; openbare swembad; openbare oord; openbare ontspanningsterrein; dierkundige, plantkundige of ander openbare tuin; park of staproete, wat enige gedeelte daarvan en enige gerief of apparaat daarin of daarop insluit, asook enige openbare oop ruimte, openbare pad, padreserwe, reserwestraat, meer, dam of rivier;
- (b) enige openbare gebou, struktuur, saal, vertrek of kantoor, wat enige gedeelte daarvan en enige gerief of apparaat daarin insluit, wat die eiendom is van, in besit is van, of beheer of gehuur word deur die Stad, en waartoe die algemene publiek toegang het, hetsy deur die betaling van toegangsgeld of nie;
- (c) enige natuurbewaringsgebied, wat insluit:
 - (i) natuureservate;
 - (ii) beskermde natuurgebiede;
 - (iii) bewaringswaardige natuurgebiede;
 - (iv) oop natuurruimtes;

“openbare reklamemedia” reklamemedia wat insluit, maar nie beperk is nie tot, lamp- en elektriesiteitspale en reklameruimte op openbare geboue wat deur die Stad besit, gehuur of bestuur word of onder die regstreekse beheer van die Stad is;

“padrand” ’n (pad)rand soos omskryf in die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (nr. 93 van 1996); en

“perseel” ’n erf, standplaas, stuk grond, kleinhoewe, landbouhoewe, plaasgedeelte of soortgelyke entiteit, of enige gebou of aanbouings daarby, wat in ’n aktesregister geregistreer is;

“persoon” ’n regspersoon, wat ’n natuurlike persoon, vennootskap, firma, korporasie, korporasietrust, oningelyfde vereniging, gesamentlike onderneming, maatskappy of beslote korporasie insluit;

“plaaslike gemeenskap” ook persone wat die Stad se regsgebied besoek, wat besoekers aan die kompetisie insluit;

“PRK” die 2010 Wêreldbeker-reëlingskomitee, ’n vereniging wat ingevolge artikel 21 van die Maatskappyyewet, 1973 (nr. 61 van 1973) tot stand gebring is (registrasiennr. 2005/029945/08);

“reklame” die handeling of proses van kennisgewing, waarskuwing, tentoonstelling, bekendmaking of enige ander handeling van inligtingsoordrag op ’n visuele of mondelingse wyse;

“reklamebord” enige skerm, bord of teken vir reklamedoeleindes wat deur ’n losstaande struktuur ondersteun word en hetsy met die hand of geskryf, geteken of geverf; met papier beplak; met sierverfwerk bedek; met viniel beplak, of met ’n kombinasie van sodanige metodes bedek, beplak of beskryf is en spesiale effekte kan insluit;

“reklamestruktuur” enige fisiese struktuur wat opgerig of geplaas is om ’n teken of reklamebord te vertoon, of waaraan ’n teken of reklamebord geheg is;

“rommel” enige bak, houër of ander materiaal wat weggegooi of agtergelaat is;

“SASV” Suid-Afrikaanse Sokkervereniging;

“span” enige span wat ’n deelnemende lidvereniging verteenwoordig en wat vir deelname aan die kompetisie in aanmerking kom; verwysings na **“span”** sal alle lede van oefengroepe en afrigters insluit soos neergelê in die 2010-regulasies, asook mediese en ander hulp personeel;

“spanhotel” ’n hotel of enige ander plek wat binne die regsgebied van die Stad aan ’n span verblyf bied;

“spesiale geleentheid” ’n parade, optog, resies, konsert, vertoning, uitstalling, fees, plegtigheid, verfilming, fotosessie of enige ander soortgelyke geleentheid van ’n sport-, kulturele of ontspanningsaard wat die alleengebruik van ’n openbare plek, hetsy in sy geheel of gedeeltelik, vereis;

“Stad” die Stad Kaapstad ingestel ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture (nr. 117 van 1998);

“stadion” enige stadion binne die geografiese regsgebied van die Stad wat vir doeleindes van die kompetisie gebruik sal word, wat die hele perseel daarvan binne die grensheining, die lugruimte bo sodanige stadionperseel, alle parkeerfasiliteite, gasvryheidsgebiede, mediasones, konsessiegebiede en kommersiële uitstalgebiede insluit;

“stadsbestuurder” ’n persoon wat ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (nr. 117 van 1998) as stadsbestuurder aangestel is;

“steurnis”:

- (a) enige stroom, poel, moeras, voor, sloot, waterloop, waterbak, watersekreet, droë toilet, urinaal, sinkput, vuilput, drein, rioolpyp, riooltenk, ashoop of mishoop wat so morsig of in so ’n toestand of geleë of opgerig is dat dit aanstootlik, of skadelik of gevaarlik vir menslike gesondheid is;
- (b) enige stal, kraal, skuur, kamp of perseel wat gebruik word vir die aanhouding van diere of voëls, en wat so opgerig of geleë is en gebruik of gehou word dat dit aanstootlik, of skadelik of gevaarlik vir menslike gesondheid is;

- (c) enige opgehoopte vullis, afval, mis of ander materiaal wat aanstootlik, of skadelik of gevaarlik vir menslike gesondheid is;
- (d) enige openbare gebou wat so geleë of opgerig is en gebruik of gehou word dat dit onveilig, of skadelik of gevaarlik vir menslike gesondheid is;
- (e) enige bewoonde blyplek wat nie binne 'n redelike afstand toegang tot behoorlike en voldoende suiwervatervorsing het nie;
- (f) enige fabriek of nywerheids- of sakeperseel wat nie in 'n higiëniese toestand en vry van aanstootlike reuke uit enige drein, watersekreet, droë toilet, urinaal of enige ander bron gehou word nie; of wat nie oor genoeg ventilasie beskik om so ver prakties moontlik enige gasse, dampe, stof of ander onsuiverhede wat ontstaan, uit die weg te ruim of onskadelik te maak nie; of wat so oorvol of swak verlig of geventileer is dat dit skadelik of gevaarlik is vir die gesondheid van diegene wat daarin of—op werk;
- (g) enige fabriek of nywerheids- of sakeperseel wat reuke of onwelriekende walms veroorsaak of laat ontstaan wat aanstootlik, of skadelik of gevaarlik vir menslike gesondheid is;
- (h) enige stuk grond wat in 'n aanstootlike toestand gehou of gelaat word;
- (i) enige ander aktiwiteit, toestand of ding wat ingevolge die bepalings van die Gesondheidswet, 1977 (nr. 63 van 1977) deur die minister tot steurnis verklaar is;
- (j) enige handeling of toestand met 'n nadelige invloed op:
 - (i) die gesondheid of welstand van 'n persoon of die algemene publiek;
 - (ii) 'n eienaar of bewoner se gebruik en genieting van sy/haar eiendom;
 - (iii) 'n lid van die publiek se gebruik en genieting van 'n openbare plek;

“straathandel” die verkoop van enige goedere in 'n openbare plek;

“straathandelaar” 'n persoon wat goedere verkoop, wat insluit 'n verkoper, smous of venter, asook:

- (a) 'n persoon wat as hoof, agent, assistent, subkontraakteur, werkgewer of werknemer straathandel beoefen, of namens wie of ten gunste van wie straathandel beoefen word; en
- (b) 'n persoon aan wie die Stad 'n staanplek verhuur of toewys vir solank as wat sodanige persoon daarop straathandel beoefen;

“straatmeubels” enige meubels wat deur of namens die Stad by 'n openbare plek geïnstalleer word;

“teken”:

- (a) enige metode waardeur skrif, letters, nommers, syfers, voorwerpe, kompetisiemerktekens, foto's, simbole of illustrasies vertoon word, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, 'n niefisiese teken wat op 'n gebou of 'n ander struktuur of in die lug met behulp van moderne tegnologie (bv. laserstrale) geprojekeer word, welke ontwerp, artikel of niefisiese teken op enige manier hoegenaamd vanaf 'n openbare, of enige, plek sigbaar is of versprei word vir die doel van reklame, die bied van inligting, kleefbemarking of die lok van die publiek na enige plek, openbare vertoning, of artikel of items te koop, ongeag of die oppervlak van die teken geheg is aan of deel uitmaak van 'n gebou, of vasgemaak is aan die grond of 'n paal, boom, skerm of reklamebord, persoon, voertuig of enige ander beweeglike voorwerp; of
- (b) enige metode waardeur skrif, letters, nommers, syfers, voorwerpe, kompetisiemerktekens, foto's, simbole of illustrasies op enige ander manier vertoon of versprei word, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, sekuriteitstekens; projeksietekens; sleepwatekens; grensmuurtekens; toerismetekens; venstertekens; tekens op geboue; rookskrif; daktekens; plat tekens; geverfde tekens op mure en dakke van geboue; vlieërttekens; ontwikkelingstekens; diensfasiliteittekens; tekens vir geborgde padverkeersprojekte; geboutoelvoutekens (*building wrap signs*); bouperseeltekens; toring- en brugtekens; perseelsaketekens; tekens by residensiële eiendomme of gemeenskapstekens; voorhoftekens; balkon-, stoep-, afdak- en sonkaptekens; funksionele tekens van openbare liggamme; eiendomsagenttekens; elektroniese tekens; tekens vir die verkoop van goedere of vee; tekens wat deur voertuie getrek, geskep of daaraan geheg word; handtekens; baniere, en tekens op of as deel van klere, hoofbedekkinge, kostuums, vlae, toeskouer-artikels of—baniere, en wat duidelikheidshalwe enige reklamebord insluit, maar Stad-padverkeerstekens en—straatnaamtekens uitsluit;

“termyn” die tydperk soos in aangehegte bylae bepaal;

“uitsaaireghouers” persone wat enige deel van die uitsaairegte regstreeks of nieregstreeks van FIFA bekom het;

“uitsaairegte” die reg om die kompetisie of enige deel daarvan, sowel as alle opnames daarvan, uit te saai, oor te sein, te vertoon, te verfilm en te fotografeer, in enige vorm en via alle bekende en toekomstige media, sowel as die reg om genoemde ten volle te benut en te ontgin;

“uitsluitingsone” die beheerde sone net buite die buitengrens van die stadion, soos deur die Stad aangewys of afgebaken, wat privaat eiendom binne sodanige grens insluit;

“veiligheid-en-sekuriteitsplan” die veiligheid-en-sekuriteitsplan wat ten tyde van die kompetisie deur die Stad in werking gestel word;

“verbode gebied”, met betrekking tot straathandel, 'n plek wat ingevolge artikel 6A(2) van die Wet op Besighede, 1991 (nr. 71 van 1991) tot verbode gebied vir straathandel verklaar is;

“verkeersvrye sone” dieselfde as in artikel 1 van die Wet op die 2010 FIFA Wêreldbeker Suid-Afrika: Spesiale Maatreëls, 2006 (nr. 11 van 2006);

“vryhoogte” die minimum vertikale afstand vanaf die grond, pad of oppervlak, na gelang van omstandighede, tot by die onderkant van 'n teken; en

“wedstryd” elke sokkerwedstryd in sy geheel, ekstra tyd en strafskopfasies ingereken, van die kompetisie, wat oefenwedstryde en enige vertrapde of uitgestelde wedstryde en herhaalwedstryde insluit.

Toepassing van die verordening

2(1) Vir die doeleindes van hierdie verordening, sal 'n verwysing na enige wetgewing 'n verwysing na daardie wetgewing sowel as die regulasies daaronder uitgevaardig verteenwoordig, soos op die datum van uitvaardiging van hierdie verordening, en soos van tyd tot tyd gewysig of herverorden.

(2) In soverre die bestaande verordening van die Stad en hierdie verordening in stryd is met mekaar, sal die bepalings van hierdie verordening geld.

Doel van die verordening

3. Die doel van hierdie verordening is om die Stad gedurende die termyn daartoe in staat te stel om:

- (a) reklame te reguleer;
- (b) beheerdetoegangsterreine te bestuur;
- (c) spesiale geleenthede te reguleer en openbare oop ruimtes te bestuur en netjies te hou;
- (d) toepaslike verkeersreëlings-,—bestuurs- en—beheermaatreëls te aanvaar, wat insluit om openbare-padgebruikers van alle nodige inligting te voorsien, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, inligting oor werklike en verwagte padsluitings, ompaaie, parkeergebiede, verkeersvrye sones en, waar moontlik, aanwysings en geskikte roetes na en van stadia en amptelike geleenthede ten einde die ordelike en veilige vloei van verkeer te verseker; en
- (e) straathandel te reguleer.

HOOFSTUK 2— HOOFBEPALINGS: REKLAME

Aansoek en goedkeuring

4. Vir die doeleinde van hierdie hoofstuk, sal “goedkeuring” beteken goedkeuring ingevolge die Stad Kaapstad: Verordening op Buitereklame en Advertensietekens gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant 5801 van 5 Desember 2001, of enige daaropvolgende verordening wat daardie verordening vervang.

Kleefbemarking en onwettige reklame

5.(1) 'n Lid van die metropolitaanse polisiediens kan die bepalings van die Handelswaremerke-wet, 1941 (Wet no.17 van 1941) toepas sover dit betrekking het op die magte van 'n inspekteur om kleefbemarking te bekamp—

- (a) ten tyde van die finale trekking en vir 'n tydperk van een week onmiddellik voor en een week onmiddellik ná die finale trekking;
- (b) gedurende die tydperk van die kompetisie en vir 'n tydperk van twee weke onmiddellik voor die eerste wedstryd en twee weke onmiddellik ná die laaste wedstryd;
- (c) in onderstaande gebiede:
 - (i) by enige beheerdetoegangsterrein;
 - (ii) binne 'n radius van een kilometer van die plek van die finale trekking, of van 'n stadion, of soos deur die stadsbestuurder afgebaken;
 - (iii) binne 'n radius van 100 m van 'n FIFA-ondersteunerspark, of soos deur die stadsbestuurder afgebaken; en
 - (iv) by enige plek sigbaar van 'n openbare pad af, soos deur die stadsbestuurder met behulp van toepaslike tekenborde afgebaken, op pad na die plek van die finale trekking of 'n stadion, en binne twee kilometer van die buitengrens van die plek van die finale trekking of stadion, na gelang van omstandighede of soos deur die stadsbestuurder afgebaken.

(2) Nieteenstaande paragraaf (a), (b) en (c) van subartikel (1), maak niks wat in hierdie verordening vervat is, inbreuk op die magte wat ingevolge die Handelswaremerke-wet, 1941 (Wet no.17 van 1941) aan 'n lid van die metropolitaanse polisiediens verleen is nie.

(3) In soverre dit van toepassing en binne die regsgebied van die Stad is, sal geen persoon sonder die vooraftoestemming van die stadsbestuurder enige reklamebedrywighede via enige openbare reklamemedia van stapel stuur nie:

- (a) ten tyde van die finale trekking en vir 'n tydperk van twee weke onmiddellik voor die finale trekking;
- (b) gedurende die tydperk van die kompetisie en vir 'n tydperk van 15 werkdade onmiddellik voor die eerste wedstryd en 5 werkdade onmiddellik ná die laaste wedstryd;
- (c) in onderstaande gebiede:
 - (i) net buite of om lughawens;
 - (ii) in, net buite of om hoofreinstasies;
 - (iii) binne 'n radius vanaf die sentrale sakekern van die regsgebied van die Stad, soos deur die stadsbestuurder afgebaken;
 - (iv) in soverre dit binne die Stad se regsgebied val, op die hoofroetes tussen die lughawe en hoofreinstasies en die sentrale sakekern van die regsgebied van die Stad en die stadion.

(4) Geen persoon sal gedurende die termyn sonder die skriftelike vooraftoestemming van die stadsbestuurder wat bepaald vir die doeleindes van die kompetisie bekom is, 'n teken of reklamebord by 'n beheerdetoegangsterrein of 'n uitsluitingsone oprig, in stand hou, versprei of vertoon nie.

Veiligheid

6. Geen persoon sal 'n teken, reklamebord of reklamestruktuur op 'n beheerdetoegangsterrein of in 'n uitsluitingsone oprig, in stand hou, versprei of vertoon nie wat:

- (a) 'n gevaar vir enige persoon of eiendom inhou;
- (b) so geplaas is dat dit, of wat 'n element bevat wat die aandag van bestuurders in so 'n mate aflei dat dit waarskynlik tot onveilige padtoestande sal aanleiding gee;
- (c) dermate verlig is dat dit ongemak veroorsaak of belemmerend is vir die sig van aankomende voetgangers of bestuurders;
- (d) aan 'n padverkeersteken of—sein geheg is;
- (e) saam met 'n padverkeersteken of—sein 'n padverkeersteken of—sein verberg;
- (f) verwarring skep met 'n padverkeersteken of—sein;
- (g) die werking van 'n padverkeersteken of—sein belemmer, of 'n padgevaar skep;
- (h) 'n voetganger of bestuurder se sig van voetgangers, pad- of spoorvoertuie, en kenmerke van die pad, spoorlyn of sypaadjie, soos kruisings, draaie en breedteveranderinge, belemmer;

- (i) oor 'n voetganger- of fietsroete uitsteek, tensy die vryhoogte van sodanige teken deur die stadsbestuurder goedgekeur is;
- (j) 'n nooduitgang of brandweertoerusting verberg; of
- (k) nader is as die minimum vryruimte van oorhoofse kragkabels, soos deur die stadsbestuur voorgeskryf.

Ontwerp en bou

7.(1) Reklamestrukture op 'n beheerdetoegangsterrein of in 'n uitsluitingsone sal ontwerp en gebou word ingevolge toepaslike standaarde soos deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) goedgekeur.

(2) Elke teken op 'n beheerdetoegangsterrein of in 'n uitsluitingsone waarvoor elektrisiteit gebruik word, wat elektroniese tekens en ligreklame insluit, moet:

- (a) oor kragkabels en leipype beskik met elektriese geleiers wat op so 'n wyse geplaas en vasgemaak is dat dit nie onooglik is nie;
- (b) sodanig ontwerp wees dat die teken nie 'n brandgevaar inhou nie;
- (c) oor 'n eksterne skakelaar in 'n toeganklike posisie en minstens drie meter van die grond af beskik met behulp waarvan die elektrisiteitstoevoer na die teken afgesluit kan word;
- (d) ooreenkomstig en onderworpe aan die bepalings van alle toepaslike wette en regulasies bedraad en gebou word; en
- (e) deur 'n gekwalifiseerde elektriese geïnstalleer en opgerig word.

(3) Geen persoon sal 'n teken, reklamebord of reklamestruktuur op 'n beheerdetoegangsterrein of in 'n uitsluitingsone oprig, in stand hou of vertoon wat inbreuk maak of 'n nadelige uitwerking het op die werking van die natuuumgewing nie.

Instandhouding

8. Alle tekens op beheerdetoegangsterreine of in uitsluitingsones sal behoorlik en op 'n gereelde grondslag deur die eienaars daarvan in stand gehou word, en eienaars sal verseker dat sodanige tekens veilig, netjies en skoon gehou word.

Verwydering van en beslaglegging op tekens

9.(1) Onderworpe aan artikel 5, sal die stadsbestuurder by magte wees om met betrekking tot enige teken, reklamebord, reklamestruktuur of advertensie wat op 'n beheerdetoegangsterrein, in 'n uitsluitingsone of via enige openbare reklamemedia in die gebiede in artikel 5(1)(c)(i) en (ii) na verwys, opgerig, geplaas, versprei of vertoon word:

- (a) die eienaar van sodanige teken, reklamebord, reklamestruktuur of advertensie wat in sy geheel of gedeeltelik oor enige grens van 'n perseel, hetsy openbaar of privaat, uitsteek of dit oorskry, kennis te gee om die teken in sy geheel, of die deel daarvan wat uitsteek of oorskry, onmiddellik te verwyder, met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie op oorskrydings of uitsteeksels wat ingevolge die Verordening op die Bestuur en Administrasie van die Stad Kaapstad se Vaste Eiendom deur die stadsbestuurder goedgekeur is; en
- (b) 'n kennisgewing aan die verantwoordelike persoon te beteken om sodanige teken, reklamebord of advertensie te verwyder of te staak indien dit in stryd met die Stad Kaapstad: Verordening op Buitereklame en Advertensietekens vertoon word.

(2) In geval van versuim om aan 'n kennisgewing vir die verwydering van 'n teken, reklamebord, reklamestruktuur of advertensie te voldoen, kan die Stad poog om 'n hofbevel vir die verwydering of staking daarvan te bekom.

HOOFSTUK 3— HOOFBEPALINGS: BEHEERDETOEGANGSTERREINE

Aanwysing van beheerdetoegangsterreine en uitsluitingsones

10(1) Die stadsbestuurder kan deur 'n kennisgewing in die media 'n gebied as 'n beheerdetoegangsterrein aanwys.

(2) Die stadsbestuurder kan deur 'n kennisgewing in die media 'n gebied as 'n uitsluitingsone aanwys.

Algemene verbod van toepassing op beheerdetoegangsterreine

11. Geen persoon sal:

- (a) rook, eet, drink of slaap op enige beheerdetoegangsterrein waar hierdie aktiwiteite verbode is nie;
- (b) enige werk belemmer wat binne die grense van of op 'n beheerdetoegangsterrein uitgevoer word nie, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, die installering van toerusting, aanlegte of infrastruktuur;
- (c) enige voorwerp of deel daarvan, of enige vaste toebehoorsel, montering of toerusting van 'n beheerdetoegangsterrein verwyder nie;
- (d) enige dier, buiten gidshonde of diere wat gemagtigde amptenare in die uitvoering van hulle pligte bystaan, op enige beheerdetoegangsterrein bring nie;
- (e) op 'n beheerdetoegangsterrein skel- of andersins aanstootlike taal gebruik of op 'n beledigende, aanstootlike of wanordelike manier optree nie;
- (f) enigeen wat enige beheerdetoegangsterrein gebruik of betree hinder, steur, belemmer of teister nie;
- (g) enige deel van 'n beheerdetoegangsterrein of die inhoud of toerusting daarvan hetsy regstreeks of nieregstreeks beskadig nie;
- (h) enige stof wat gevaar of skade vir enige gebruiker van 'n beheerdetoegangsterrein kan inhou of veroorsaak, mors of stort nie;
- (i) enige vernielsgtige daad pleeg nie, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, die verf, skending of merk van enige deel van enige beheerdetoegangsterrein;
- (j) op enige beheerdetoegangsterrein lê, sit, byeenkom of loop op 'n wyse wat 'n belemmering van enige aard veroorsaak nie;
- (k) hom/haar aan die bestuurder van 'n motorvoertuig wat sodanige voertuig by 'n beheerdetoegangsterrein parkeer, opdring of aan hom/haar voorstelle maak vir die doeleinde of onder die voorwendsel daarvan om na die motorvoertuig te kyk of daarvoor te waak nie;
- (l) op enige beheerdetoegangsterrein urineer, ontlas of enige daad van openbare onwelvoeglikheid pleeg nie;
- (m) enige voorwerp wat vir enige gebruiker van 'n beheerdetoegangsterrein gevaar kan inhou, skade kan veroorsaak of hinderlik kan wees, neersit of agterlaat of laat agterlaat nie;

- (n) enige wapen, tradisionele wapen of enige ander voorwerp wat skade kan veroorsaak, op 'n beheerdetoegangsterrein dra, rondswaai of op enige ander wyse vertoon of gebruik nie; of
- (o) enige voorwerp, van watter aard ook al, op of na 'n beheerdetoegangsterrein gooi nie.

Uitsluitingsone

12. Onderworpe aan artikel 5 mag geen persoon op 'n wedstryddag in die uitsluitingsone sake doen nie, buiten met die goedkeuring van die stadsbestuurder wat bepaald vir die doeleinde van die kompetisie bekom is, met dien verstande dat hierdie verbod nie sal geld vir persone wat met betrekking tot hulle gewone sakebedrywighede by die inwerkingtreed van hierdie verordening geoorloof is om 'n onderneming op privaat eiendom te bedryf nie.

HOOFSTUK 4—HOOFBEPALINGS: VERFRAAIING VAN OPENBARE PLEKKE EN DIE STAD

Stadverfraaiing vir die kompetisie

13.(1) Die stadsbestuurder sal 'n beroep doen op alle persone wat gedurende die termyn besig is met groot bouwerk in die openbare oog en na aan groot of gekonsentreerde vervoersentra of vermaakgebiede wat vir die kompetisie gebruik sal of kan word, sowel as na aan beheerdetoegangsterreine en uitsluitingsones, om op eie onkoste alle nodige maatreëls te tref om sodanige boupersone te bedek of te verberg.

(2) Die stadsbestuurder sal by magte wees om enige houder van enige bestaande lisensie, permit, goedkeuring of ander magtiging om enige groot openbare of privaat bouwerk by enige gekonsentreerde vervoersentra of vermaakgebiede wat vir die kompetisie gebruik sal of kan word, sowel as by beheerdetoegangsterreine en uitsluitingsones te onderneem, welke werk reeds by die aanvang van die kompetisie aan die gang is, te versoek om sodanige bouwerk vir die hele termyn of 'n deel daarvan op te kort.

(3) Geen persoon sal enige muur, struktuur of gebou in enige straat of openbare plek, of wat sigbaar is van sodanige straat of openbare plek af, ontsier deur ten tyde van die kompetisie daarop te skryf, verf of enige simbole, prente of tekens daarop aan te bring nie.

Algemene verbod met betrekking tot die verfraaiing van openbare plekke en die stad

14. Geen persoon sal by 'n spesiale geleentheid:

- (a) 'n steurnis veroorsaak of 'n steurende daad pleeg nie;
- (b) teenoor enige ander persoon skel- of andersins aanstootlike taal gebruik of op 'n beledigende, aanstootlike of wanordelike manier optree nie;
- (c) enige ander persoon hinder, steur, belemmer of teister nie;
- (d) enige infrastruktuur, aanleg, toerusting, vaste toebehoorsels, monterings, geboue of strukture regstreeks of nieregstreeks beskadig nie;
- (e) rook, eet, drink of slaap waar hierdie aktiwiteite verbode is nie;
- (f) enige stof wat gevaar of skade vir ander persone kan inhou of veroorsaak, mors of stort nie;
- (g) enige werk wat uitgevoer word of die installering van enige toerusting, aanlegte of infrastruktuur belemmer nie;
- (h) enige voorwerp of deel van enige vaste toebehoorsel, montering, toerusting, aanleg of infrastruktuur verwyder of beskadig nie;
- (i) enige vernielugtige daad pleeg nie, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, die verf, skending of merk van enige infrastruktuur, aanleg, toerusting, vaste toebehoorsels, monterings, geboue of strukture;
- (j) lê, sit, staan, byeenkom of loop op 'n wyse wat 'n opsetlike belemmering, of andersins enige belemmering van enige aard, veroorsaak nie;
- (k) hom/haar aan die bestuurder van 'n motorvoertuig wat sodanige voertuig parkeer, opdring of aan hom/haar voorstelle maak vir die doeleinde of onder die voorwendsel daarvan om na die motorvoertuig te kyk of daaroor te waak nie;
- (l) urineer of ontlast buiten in 'n fasiliteit wat bepaald vir daardie doeleinde ontwerp en voorsien is, of andersins enige daad van openbare onwielvoeglikheid pleeg nie;
- (m) geld bedel of vra nie;
- (n) enige voorwerp wat gevaar kan inhou of skade kan veroorsaak, neersit of agterlaat of laat agterlaat nie;
- (o) enige wapen, tradisionele wapen of enige ander voorwerp wat skade kan veroorsaak, dra, rondswaai of op enige ander wyse vertoon of gebruik nie;
- (p) enige voorwerp, van watter aard ook al, gooi nie;
- (q) enige gebied betree waartoe toegang beperk of verbode is nie;
- (r) in enige waterliggaam bad, inloop, swem of hom/haar, 'n dier of enige voorwerp, wat klere insluit, was nie;
- (s) 'n vuur maak, aansteek of andersins veroorsaak nie, buiten in 'n fasiliteit wat bepaald vir daardie doeleinde ontwerp en voorsien is;
- (t) kampeer of bly nie; of
- (u) enige handeling uitvoer wat ingevolge enige kennisgewing of teken, soos deur die Stad opgerig, verbied word nie.

Toegangsbeperking

15. Die stadsbestuurder kan algemene toegang tot en die gebruik van enige openbare oop ruimte beperk ten einde:

- (a) 'n openbare oop ruimte te beskerm;
- (b) vernielug of die vernietiging van Stad-eiendom in enige openbare oop ruimte te verminder; en
- (c) enige aktiwiteit te ontwikkel of te onderneem wat hy/sy binne redelike perke as nodig of toepaslik sou ag om die doelwitte van hierdie verordening in die aanloop tot die kompetisie te behaal.

Afval

16. Geen persoon sal in 'n openbare oop ruimte:

- (a) enige afval neersit, stort, weggooi of mee wegdoen, buiten in 'n houer wat vir daardie doeleinde deur die Stad voorsien word nie; of

(b) enige afval neersit of mee wegdoen, of enige besoedeling veroorsaak wat 'n nadelige uitwerking op enige waterliggaam kan hê nie.

Voertuie

17. Geen persoon sal in 'n openbare oop ruimte:

- (a) (a)enige voertuig, buiten 'n fiets of rytoestel vir 'n persoon met 'n gestremdeheid, bestuur, trek of aandryf nie, buiten op tye en paaie of roetes wat deur die stadsbestuurder gespesifiseer en bepaal is;
- (b) enige voertuig van watter aard ook al teen 'n snelheid vinniger as veertig (40) kilometer per uur bestuur, trek of aandryf nie; of
- (c) enige voertuig van watter aard ook al parkeer nie, buiten in 'n aangewese of ander gebied waar parkering andersins deur die stadsbestuurder toegelaat word.

Plantegroei en diere

18. Geen persoon sal sonder die uitdruklike toestemming van die stadsbestuurder, in 'n openbare oop ruimte:

- (a) enige boom, struik of ander plantegroei versteur, beskadig, vernietig of verwyder nie;
- (b) enige advertensie van watter aard ook al op enige plek in sodanige ruimte opsit, plaas, opstel of skep nie;
- (c) enige plantegroei plant nie;
- (d) die helling of dreineringspatroon wysig ten einde die toegang van water, lug of voedingstowwe tot enige boom of ander plant te beïnvloed nie;
- (e) enige dier, vis, voël (of voëlnes of—eiers) vang of probeer vang, jaag, na skiet, beseer, met voorwerpe gooi, terg, teister of op enige ander manier versteur nie;
- (f) perdry nie, buiten:
 - (i) in 'n gebied wat vir daardie doeleinde deur die stadsbestuurder aangewys is; en
 - (ii) 'n persoon wat in die uitvoering van sy/haar amptelike pligte sodanige openbare oop ruimtes te perd patrolleer;
- (g) met enige dier buiten 'n perd of hond stap, enige dier dra, op sodanige dier ry, of sodanige dier in die openbare oop ruimte inbring nie, met dien verstande dat die teenwoordigheid van 'n perd of hond nie ook in sodanige openbare oop ruimte verbied word nie;
- (h) met enige hond stap nie waar:
 - (i) die stadsbestuurder deur middel van 'n kennisgewing of teken stap met honde in sodanige openbare oop ruimte verbied; of
 - (ii) sodanige hond nie te alle tye in die openbare oop ruimte onder die beheer is van die persoon wat met die hond stap nie.

Gebruik van openbare oop ruimtes

19.(1) Geen persoon sal in 'n openbare oop ruimte:

- (a) die ruimte op 'n manier gebruik wat ander gebruikers van die openbare oop ruimte op 'n onbillike wyse verhinder of verhoed om die openbare oop ruimte te geniet nie; of
- (b) enige goedere of artikels, hetsy te koop of te huur, verkoop, smous, aanbied of uitstal nie, buiten in 'n openbare oop ruimte of deel daarvan wat vir daardie doel deur die stadsbestuurder aan 'n persoon verhuur word.

(2) Geen persoon mag enige geleentheid of spesiale geleentheid onderneem wat vir die doeleindes van die kompetisie gebruik sal of kan word nie, tensy bepaalde toestemming daarvoor van die stadsbestuurder verkry word.

HOOFSTUK 5—HOOFBEPALINGS: OPENBARE PAAIE EN VERKEERSREËLING

Algemene verbod met betrekking tot openbare paaie

20. Geen persoon sal gedurende die kompetisie:

- (a) sonder die toestemming van die stadsbestuurder enige voorwerp, wat enige banier, tou, draad, koord, paal, doringdraadheining, reling, spitspaalheining, muur of enige ander versperring of obstruksie van watter aard ook al insluit, op, onder, oor of bo-oor enige openbare pad oprig, of veroorsaak of toelaat dat dit opgerig word, of plaas nie, met dien verstande dat die verbod nie vir die Suid-Afrikaanse Polisiediens of die metropolisie in die uitvoering van hulle pligte sal geld nie;
- (b) enige materiaal of goedere gebruik wat waarskynlik skade aan enige deel van 'n openbare pad sal veroorsaak, of enige openbare-padgebruiker leed sal aandoen nie, welke gebruikers insluit, maar nie beperk is nie tot, voetgangers, fietsryers, motorfietsryers en motoriste;
- (c) enige stof op of oor of bo-oor 'n openbare pad mors of stort nie, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, die uitstorting van enige water, chemikalie of olie wat enige padgebruikers, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, voetgangers, fietsryers, motorfietsryers en motoriste, op enige manier in gevaar kan stel of benadeel;
- (d) enige werk belemmer wat deur die Stad of enige gemagtigde diensverskaffer of derde party op 'n openbare pad of met betrekking tot enige Staddienste uitgevoer word nie, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, die grawe van gate, slote, putte of tunnels op of onder enige openbare pad;
- (e) enige vernielsugtige daad pleeg nie, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, die verf, skending of merk van enige deel van 'n openbare pad;
- (f) enige openbare-padgebruiker, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, enige voetganger, fietsryer, motorfietsryer of motoris, wat enige openbare pad gebruik of begaan, hinder, steur, belemmer of teister nie;
- (g) enige dier na 'n openbare pad laat afdwaal of daarop laat loop nie, met uitsondering van gidshonde en diere wat 'n gemagtigde amptenaar in sy/haar wetstoepassingspligte bystaan;
- (h) hom/haar aan die bestuurder van 'n motorvoertuig wat sodanige voertuig in 'n openbare pad of naby 'n plek van vermaak parkeer, opdring of aan hom/haar voorstelle maak vir die doeleinde of onder die voorwendsel daarvan om na die motorvoertuig te kyk of daaroor te waak nie;
- (i) op 'n openbare pad of enige beheerdetoegangsterrein urineer, ontas of enige optrede toon wat as 'n handeling van openbare onwelvoeglikheid beskou kan word nie; en

(j) op/langs 'n openbare pad bedel nie.

(2) Buiten met die toestemming van die stadsbestuurder, sal geen persoon gedurende die kompetisie:

- (a) enige trollie op 'n openbare pad, in 'n uitsluitingsone of op 'n beheerdetoegangsterrein stoot of op enige ander manier laat voortbeweeg nie;
- (b) enige sand, klip, grond, bakstene, hout, kalk, sement of ander bou- of uitgegraafde materiaal van watter aard ook al op enige gedeelte van 'n openbare pad neersit, agterlaat of laat agterlaat nie; of
- (c) enige voertuig van watter aard ook al, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, enige motor, bus, minibus, vragmotor, fiets, trapfiets, rodelslee, slee, motorfiets, karavaan, sleepwa, kar, trekker of grondverskuiwingstoerusting, hetsy beman of nie, op enige openbare pad buiten 'n aangewese parkeerruimte parkeer of laat nie.

Algemene verbodende met betrekking tot padverkeersbeheer

21.(1) Geen persoon, buiten 'n gemagtigde amptenaar, sal enige vorm van verkeer met behulp van enige sigbare of hoorbare sein reël nie.

(2) Geen persoon mag 'n voertuig in 'n verkeersvrye sone bestuur of parkeer nie, tensy 'n permit wat die teenwoordigheid van die voertuig in daardie verkeersvrye sone magtig, op 'n geldige wyse uitgereik en bekom is, en sigbaar op die voertuig vertoon word.

(3) Geen persoon op enige trapfiets, motorfiets, rodelslee, slee, rolskaatse of enige ander soortgelyke toestel sal hom/haar of sodanige trapfiets, rodelslee, slee, rolskaatse of toestel aan enige ander bewegende voertuig op 'n openbare pad vasmaak of daaraan vashou nie.

(4) Geen persoon sal sonder die toestemming van die stadsbestuurder enige voertuig van watter aard ook al in 'n aangewese parkeerruimte parkeer of laat parkeer sonder die betaling, waar van toepassing, van die toepaslike bedrag, of sonder om die toepaslike bewys of kaart in die toepaslike parkeermeter vir die vereiste parkeertydperk te plaas nie.

Algemene verbodende met betrekking tot parkering

22. Die stadsbestuurder sal by magte wees om op wedstryddae of met amptelike geleenthede openbare toegang tot aangewese parkeerruimtes en ander parkeergebiede in of om 'n stadion of ander beheerdetoegangsterrein te beperk, en sal in hierdie verband daarop geregtig wees om:

- (a) die reg op gebruik van sekere aangewese parkeerruimtes en ander parkeergebiede binne die stadion en net buite die ingange daarvan tot onderstaande persone te beperk:
 - (i) baie belangrike persone (BBP's);
 - (ii) spanne; en
 - (iii) wedstrydbeamptes, wat skeidsregters insluit;
- (b) die reg op die gebruik van sekere aangewese parkeerruimtes en ander parkeergebiede binne die stadion en so na as moontlik aan die stadiongebou, en waar ook al deur diensverskaffers vereis, tot onderstaande persone te beperk:
 - (i) die FIFA-afvaardiging;
 - (ii) lede van die PRK-afvaardiging;
 - (iii) kommersiële geaffilieerdes;
 - (iv) uitsaaiereghouers;
 - (v) FIFA-gaste; en
 - (vi) diensverskaffers;
- (c) die reg op die gebruik van sekere aangewese parkeerruimtes en ander parkeergebiede binne die stadion tot verteenwoordigers van die media en die mediapendeldiens te beperk.

Opdragte deur gemagtigde amptenare

23. Vir die doeleindes van die toepassing of uitvoering van die veiligheid-en-sekureiteitsplan, kan 'n gemagtigde amptenaar, waar omstandighede dit so vereis, en ter versekering of bevordering van verkeersbeheer of—veiligheid op 'n wedstryddag:

- (a) enige persoon opdrag gee om nie 'n openbare pad te gebruik nie; en
- (b) enige persoon opdrag gee om sy/haar voertuig, hetsy geparkeer, stilstaande of in beweging, van 'n openbare pad te verwyder.

Padsluitings deur stadsbestuurder

24. Ná toepaslike kennisgewing in die media, kan die stadsbestuurder enige openbare pad, straat of deurgang wat onder die Stad se beheer is, tydelik vir die doeleindes van verkeersbeheer, -bestuur of -reëling, of vir die toepassing of uitvoering van die veiligheid-en-sekureiteitsplan sluit, hetsy in die omgewing van enige stadion, amptelike geleentheid, FIFA-ondersteunerspark, amptelike oefenterrein, uitsluitingsone of beheerdetoegangsterrein, of nie.

HOOFSTUK 6— HOOFBEPALINGS: STRAATHANDEL

Goedkeuring vir straathandel

25. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk, sal “goedkeuring” beteken goedkeuring ingevolge verordeninge wat die Stad kragtens die Wet op Besighede, 1991 (nr. 71 van 1991) aanvaar het, of enige wetgewing of wet wat sodanige verordening of wetgewing vervang.

Gedrag van straathandelaars in die algemeen sowel as ten tyde van handel

26.(1) 'n Straathandelaar sal nie gedurende die termyn:

- (a) enige deel van 'n openbare plek met sy/haar eiendom of goedere beset nie, buiten in soverre dit deur die stadsbestuurder goedgekeur is;
- (b) by afhandeling van sy/haar daaglikse sakebedrywighede enige van of al sy/haar eiendom en goedere in 'n openbare plek agterlaat nie;
- (c) sy/haar eiendom of goedere in 'n openbare plek plaas nie, buiten om 'n staanplek op te stel voor die aanvang van sake, of vir die doeleindes van straathandel;

- (d) sy/haar eiendom en goedere op so 'n wyse plaas of opstapel dat dit 'n steurnis of gevaar vir enige persoon of eiendom is of kan wees, of waarskynlik enige persoon sal beseer of eiendom sal beskadig nie;
- (e) enige voorwerp op enige manier aan enige openbare plek, padrand, boom, parkeermeter, lamppaal, elektrisiteitspaal, telefoonpaal, telefoonhokkie, posbus, verkeersteken, bank of enige ander straatmeubels in of op 'n openbare plek vasmaak nie;
- (f) in enige plek of onder enige omstandighede 'n vuur maak waar dit skade of verlies met betrekking tot 'n persoon, gebou of straatmeubels kan meebring nie, tensy daar toestemming daarvoor verkry is om voedsel met behulp van oopvlam- of gasvlamtoestelle te berei;
- (g) by die plek van sy/haar straathandelsaak oornag nie;
- (h) enige struktuur vir die bied van skuiling by die plek van sy/haar straathandelsaak oprig nie, buiten in soverre dit deur die stadsbestuurder goedgekeur is;
- (i) 'n persoon se vermoë belemmer om 'n padrand te gebruik om goedere in 'n winkelluikvenster te besigtig, of sodanige goedere verberg nie;
- (j) sake doen, stelling inneem of sy/haar eiendom op 'n gedeelte van 'n openbare plek plaas in stryd met 'n teken of kennisgewing wat vir die doeleinde van hierdie verordening deur die stadsbestuurder opgerig is nie;
- (k) sy/haar eiendom of goedere in 'n luikgat, stormwaterdrein of 'n openbare toilet, bus- of taxihalte of onder 'n openbaar toeganklike boom berg nie;
- (l) straathandel beoefen nie op 'n manier wat:
 - (i) 'n steurnis veroorsaak; of
 - (ii) die oppervlak van 'n openbare plek of enige openbare of privaat eiendom beskadig of skend;
- (m) verkeer belemmer; toegang tot voetgangeroorgange, parkeer- of laaisone of ander fasiliteite vir voertuigverkeer of voetgangers versper, of 'n versoek deur 'n gemagtigde amptenaar om sy/haar eiendom en goedere te verwyder om enige werk of diens met betrekking tot 'n openbare plek moontlik te maak, ignoreer, verontagsaam of weier nie;
- (n) sy/haar goedere of eiendom op of in 'n openbare plek uitstal nie, buiten met die goedkeuring van die stadsbestuurder; en
- (o) kleefbemarking doen nie.

(2) 'n Straathandelaar sal verseker dat wanneer vloeibare petroleumgas in straathandelbedrywighede gebruik word, dit aan toepaslike standaarde en vereistes met betrekking tot die gebruik van sodanige gas voldoen.

Gedrag van 'n straathandelaar om te verseker dat handelsruimte skoon gehou word

27. 'n Straathandelaar sal gedurende die termyn:

- (a) met rommel wegdoen wat deur sy/haar saak geskep word, in watter houer ook al vir die publiek deur die stadsbestuurder voorsien of goedgekeur is, of by 'n stortingsterrein van die Stad;
- (b) nie met rommel wegdoen in 'n luikgat, stormwaterdrein of enige ander plek wat nie vir daardie doeleinde bedoel is nie;
- (c) op versoek van 'n gemagtigde amptenaar sy/haar eiendom en goedere verskuif sodat die gebied of terrein waar hy/sy sake doen skoongemaak kan word, of sodat munisipale dienste gelewer kan word, of om enige ander wettige rede;
- (d) verseker dat geen rook, walms of ander stof die lug besoedel nie;
- (e) verseker dat geen reuk of geraas vanweë sy/haar bedrywighede enige soort steurnis veroorsaak nie;
- (f) die gebied of terrein wat hy/sy vir die doeleindes van sy/haar saak beset, in 'n skoon en higiëniese toestand hou;
- (g) sy/haar eiendom in 'n skoon, higiëniese en goed onderhoue toestand hou;
- (h) in die loop van sy/haar sake tot die bevrediging van die stadsbestuurder sodanige voorsorg tref as wat nodig kan wees om te voorkom dat enige vet, olie of ghries of enige ander potensieel skadelike stof vir die algemene publiek en gebruikers van 'n openbare plek, op sodanige openbare plek of in 'n stormwaterdrein gestort word; en
- (i) verseker dat die gebied of terrein wat hy/sy vir handelsdoeleindes beset, by afhandeling van elke sakedag rommelvry is, en wel binne sekere voorgeskrewe en bepaalde tydperke.

Regulering van straathandel

28.(1) Buiten met die vooraftoestemming van die stadsbestuurder wat bepaald met betrekking tot die kompetisie bekom is, sal geen persoon gedurende die termyn—

- (a) op enige beheerdetoegangsterrein of in enige uitsluitingsone straathandel beoefen nie;
- (b) in 'n beperkte gebied straathandel beoefen nie;
- (c) in 'n tuin of park waartoe die publiek toegangsreg het, straathandel beoefen nie.

(2) Geen persoon sal straathandel beoefen nie:

- (a) in 'n verbode gebied;
- (b) op 'n padrand wat aan 'n bankoutomaat grens;
- (c) op 'n padrand wat grens aan:
 - (i) 'n gebou wat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (nr. 25 van 1999) tot erfenishulpbron verklaar is, buiten waar spesiale toestemming ingevolge voormelde wetgewing bekom is;
 - (ii) 'n gebou wat aan die Staat of die Stad behoort, of slegs deur die Staat of Stad beset word;
 - (iii) 'n kerk of ander plek van aanbidding;

- (iv) 'n openbare plek, buiten in soverre die bedryf van sodanige saak toegelaat word deur, en plaasvind ingevolge 'n teken wat deur die stadsbestuurder opgerig of vertoon word;
- (v) 'n plek waar:
 - (aa) dit 'n ingang of uitgang van 'n gebou versper;
 - (bb) dit 'n brandkraan of ander munisipale diens versper; en
- (vi) daardie helfte van 'n openbare pad wat grens aan 'n gebou wat vir residensiële doeleindes gebruik word, indien die eienaar of persoon in beheer of enige bewoner van die gebou daarteen beswaar maak;
- (vii) daardie helfte van 'n openbare pad wat grens aan 'n winkel of daardie deel van 'n gebou waarin daar sake gedoen word deur 'n persoon wat dieselfde soort goedere, of goedere van 'n soortgelyke aard, verkoop as die goedere wat deur die straathandelaar verkoop word, indien sodanige persoon daarteen beswaar maak;
- (viii) op 'n staanplek of enige gebied wat ingevolge artikel 6A(3)(b) van die Wet op Besighede, 1991 (nr. 71 van 1991) deur die stadsbestuurder afgebaken is, tensy hy/sy in besit is van 'n skriftelike bewys dat hy/sy sodanige staanplek of gebied van die Stad huur, of dat sodanige staanplek aan hom/haar toegeken is, terwyl hy/sy ook nie in stryd met die bepalings en voorwaardes van sodanige huurooreenkoms, permit of toekenning sal handel dryf nie; en
- (ix) binne 'n redelike afstand van enige beheerdetoegangsterrein, welke afstand deur die stadsbestuurder bepaal sal word.

Beperkte en verbode handelsgebiede

29. Die Stad kan ooreenkomstig die Wet op Besighede, 1991 (nr. 71 van 1991) of enige verordening wat informele handel reguleer, beperkte of verbode gebiede aanwys en afbaken.

Verbod op persone onder die ouderdom van sestien

30.(1) Geen persoon jonger as sestien jaar sal in of na aan 'n openbare plek straathandel beoefen nie.

(2) Enigeen wat 'n persoon na wie daar in subartikel (1) hier bo verwys word, in diens neem, nader of versoek om straathandel te beoefen of daarmee bystaan, sal hom/haar aan 'n oortreding skuldig maak.

HOOFTUK 7— DIVERSE BEPALINGS

Reg op toegang om persele te inspekteer

31.(1) 'n Gemagtigde amptenaar sal by magte wees om enige goedkeuring wat ingevolge hierdie verordening toegestaan is, aan te vra of te inspekteer.

(2) Versuim deur die eienaar of ander houër van 'n goedkeuring, om die goedkeuring aan 'n gemagtigde amptenaar te voorsien, sal ingevolge hierdie verordeninge op 'n oortreding neerkom.

Toegangsregte en—beperkings met betrekking tot beheerdetoegangsterreine

32.(1) Die reg op toegang tot en gebruik van 'n beheerdetoegangsterrein sal deur akkreditasie en kaartjie-uitreiking gereguleer word.

(2) Na gelang van die aard van die beheerdetoegangsterrein en die aard van die geleentheid wat by sodanige beheerdetoegangsterrein gehou word, sal geen persoon buiten:

- (a) 'n geakkrediteerde persoon;
- (b) 'n kaartjiehouer; of
- (c) enige ander persoon wat behoorlik gemagtig of toegelaat is om 'n beheerdetoegangsterrein te betree, toegang tot 'n beheerdetoegangsterrein verkry nie.

Opdragte deur gemagtigde amptenare met betrekking tot openbare oop ruimtes

33. 'n Gemagtigde amptenaar kan enige persoon opdrag gee om 'n openbare oop ruimte te verlaat indien:

- (a) die gemagtigde amptenaar binne redelike perke glo dat die persoon enige bepaling van hierdie verordeninge oortree; en
- (b) sodanige persoon versuim om onmiddellik in opdrag van daardie gemagtigde amptenaar sodanige oortreding te staak.

Deursoekings- en beslagleggingsmagte van die Stad op openbare paaie en met betrekking tot straathandeloortredings

34.(1) Ingevolge die Strafproseswet, 1977 (nr. 51 van 1977) en onderworpe aan enige ander toepaslike wetgewing, kan 'n gemagtigde amptenaar enige goedere, eiendom, houër, struktuur, materiaal, stof, skuiling, tent of voertuig van watter aard ook al, hetsy beman of nie, deursoek, verwyder of op beslag lê wat:

- (a) hy/sy binne redelike perke vermoed gebruik word of bedoel is om gebruik te word of reeds gebruik is vir of met betrekking tot die saak van straathandel of 'n oortreding van hierdie verordening;
- (b) in enige ongemagtigde parkeergebied gelaat of geparkeer word; of
- (c) hy/sy geparkeer of op 'n openbare plek vind, en wat na sy/haar mening op 'n oortreding van hierdie verordening neerkom, ongeag of sodanige goedere, eiendom, struktuur, materiaal, stof, skuiling, tent of voertuig ten tyde van sodanige beslaglegging of verwydering in besit of onder beheer van enige persoon is.

(2) 'n Gemagtigde amptenaar sal 'n ontvangsbewys uit 'n goedgekeurde bewysboek aan die persoon oorhandig wat in beheer van die betrokke goedere, eiendom, struktuur, materiaal, stof, houër, skuiling, tent of voertuig blyk te wees.

(3) Enige goedere, eiendom, houër, struktuur, materiaal, stof, skuiling, tent of voertuig soos in subartikel (1) bedoel, sal op 'n toepaslike manier gemerk en in veilige bewaring gehou word.

(4) Die straathandelaar op wie se goedere, eiendom, houër, struktuur, materiaal, stof, skuiling of tent ingevolge hierdie verordeninge beslag gelê

word, sal eers die bergingskoste, soos van tyd tot tyd deur die stadsbestuurder bepaal, aan die Stad betaal voordat sodanige goedere, eiendom, materiaal, stof, houer, skuiling, tent of voertuig aan hom/haar teruggegee sal word.

(5) Die eienaar van enige goedere, eiendom, houer, struktuur, materiaal, stof, skuiling, tent of voertuig waarop daar beslag gelê is, kan sy/haar eiendom/besittings opeis nadat hy/sy tot bevrediging van die stadsbestuurder bewys van eienaarskap gelewer het.

A person is, on conviction, and subject to penalties prescribed in any other law, liable to a fine or in default of payment, to imprisonment, or to such imprisonment without the option of a fine, or to both such fine and such imprisonment, and in the case of a successive or continuing offence, to a fine for every day such offence continues, or in default of payment thereof, to imprisonment if he or she—

(a) fails to give access required by an officer in terms of section 36;

(b) obstructs or hinders an officer in the exercise of his or her powers or the performance of functions or duties under this by-law;

(c) uses or interferes with the municipality's equipment for consumption of services supplied;

(d) fails or refuses to give the municipality or an officer such information as the municipality or the officer may reasonably require for the purpose of exercising powers or functions under this by-law, or gives the municipality or the officer false or misleading information knowing it to be false or misleading;

(e) fails to comply with the terms of a notice served upon him or her in terms of this by-law; or

(f) tampers or breaks any seal on a meter or on any equipment belonging to the municipality, or for any reason causes a meter not to register the services used properly, and the person shall furthermore be charged for usage of electricity or water, as the case may be.

40. Repeal of by-laws

The following by-laws are hereby repealed:

- (a) Any by-law previously promulgated by the municipality or any of the disestablished municipalities now incorporated into the municipality, in so far as it relates to any matter provided for in this by-law; and
- (b) Any by-law previously promulgated by the Hessequa Municipality or any of its predecessors, in so far as it has been made applicable to the municipality by the authorisation for the execution of powers and functions in terms of section 84(3) of the Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998).

41. Short title and commencement

This by-law may be cited as the Customer Care and Revenue Management By-law and commences on the date of publication thereof in the Provincial Gazette.

16 January 2009

33469

HESSEQUA MUNISIPALITEIT**VERORDENING INSAKE KLANTESORG EN INKOMSTEBESTUUR**

Ingevolge artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, artikel 6 van die Wet op Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004) en artikel 75 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) verorden die Hessequa Munisipaliteit soos volg:

INHOUDSOPGAWE

1. Woordomsrywings

HOOFSTUK 1: KLANTESORG BEGINSELS, OOGMERKE EN IMPLEMENTERING, EN ONDERSKEIDING

2. Klantesorg beginsels en oogmerke
3. Munisipale bestuurder verantwoordelike beampte
4. Onderskeiding tussen klante en vrystelling

HOOFSTUK 2: VERSKAFFING VAN MUNISIPALE DIENSTE

Deel 1: Aansoek vir verskaffing van dienste en diensooreenkomste, deposito's, rekeninge en betaling en beëindiging van diensooreenkomste

5. Aansoek vir verskaffing van munisipale dienste en diensooreenkomste
6. Deposito's
7. Rekeninge en betaling
8. Beëindiging van diensooreenkoms

Deel 2: Nie-betaling van munisipale rekeninge

9. Reëlings vir betalings
10. Rente op agterstallige munisipale rekeninge
11. Meganismes vir skuldinvordering

Deel 3: Metertoerusting en meting van dienste

12. Algemene bepalings
13. Metertoerusting en meting van verbruik
14. Herverkoop van water of elektrisiteit

Deel 4: Maatreëls vir armoedeverligting

15. Vereistes vir bystand aan hulpbehoewendes
16. Kredietverlening

HOOFSTUK 3: TARIEWE

Deel 1: Algemene beginsels, berekening van tariewe vir hoofdienste

17. Algemene beginsels
18. Berekening van tariewe vir hoofdienste

Deel 2: Tariefstrukture vir hoofdienste, ondergeskikte tariewe

19. Tariefstrukture
20. Elektrisiteit
21. Water
22. Vullisverwydering
23. Riolering
24. Ondergeskikte tariewe

HOOFSTUK 4: EIENDOMSBELASTING

25. Heffing van eiendomsbelasting
26. Kortings op eiendomsbelasting
27. Aanpassing van eiendomsbelasting
28. Frekwensie van waardasies

HOOFSTUK 5: UITVOERING

29. Munisipaliteit se bevoegdheid om dienste te beperk of te diskonnekteer
30. Peutering, ongemagtigde aansluitings en heraansluitings en wederregtelike gebruik
31. Uitklaringsertifikaat
32. Tenders en hulptoelaes
33. Bevoegdheid van raad om koste te verhaal
34. Prima facie bewys
35. Afskryf van slegte skulde en volle en finale vereffening van rekening
36. Reg van toegang en inspeksie
37. Magtiging en betekening van bevele, kennisgewings en ander dokumente

HOOFSTUK 6: ALGEMENE BEPALINGS

38. Reg tot appèl
39. Misdrywe en strawwe
40. Herroeping van verordeninge
41. Korttitel en inwerkingtrede

1. Woordomsrywings

Vir doeleindes van hierdie verordening, tensy die inhoud anders aandui—

“**aansoeker**” beteken ’n persoon wat aansoek doen vir die voorsiening van munisipale dienste;

“**beampte**” beteken ’n werknemer van die munisipaliteit of enige ander persoon wat spesifiek daartoe gemagtig is deur die munisipaliteit om enige handeling, funksie of plig te verrig, of enige bevoegdheid ingevolge hierdie verordening uit te oefen;

“**belasting**” beteken ’n munisipale belasting op eiendom soos bedoel in artikel 229(1) van die Grondwet;

“**belastingbetaler**” beteken ’n persoon wat teenoor die munisipaliteit aanspreeklik is vir die betaling van belasting op eiendom in die munisipaliteit, of ander belasting, verpligting of heffing opgelê deur die munisipaliteit, of gelde vir die voorsiening van dienste of deur die munisipaliteit of ingevolge die voorwaardes van ’n diensooreenkoms, of ’n kombinasie van voornoemde;

“**belasbare eiendom**” beteken eiendom waarop die munisipaliteit ingevolge artikel 2 van die Wet op Eiendomsbelasting, 2004 ’n belasting mag hef, maar uitgesluit eiendom ten volle uitgesluit van die heffing van belasting ingevolge artikel 17 van daardie Wet, maar ingesluit enige regte geregistreer teen sodanige eiendom, met uitsluiting van ’n verband;

“**besikbaarheidsgelde**” beteken ’n vaste maandelikse of jaarlikse geld wat gehef word teen die rekeninghouer, gebaseer is op die koste vir die voorsiening van ’n munisipale diens aan die perseel van die rekeninghouer;

“**deeltiteleenheid**” beteken ’n eenheid soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986);

“**deeltitelskema**” beteken ’n skema soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986);

“**eienaar**” beteken—

- (a) ’n persoon in wie die wetlike titel tot ’n perseel berus;
- (b) in die geval waar die persoon in wie die wetlike titel berus insolvent of oorlede is, of onder enige vorm van wetlike ongeskiktheid wat ook al is, die persoon in wie die administrasie en beheer van sodanige perseel berus as kurator, trustee, eksekuteur, administrator, geregtelike bestuurder, likwidateur of ander regsverteenvoerder;
- (c) in die geval waar dit nie vir die munisipaliteit moontlik is om die identiteit van die persoon in wie die wetlike titel berus te bepaal nie, die persoon wat geregtig is op die voordeel van sodanige eiendom of ’n gebou daarop;
- (d) in die geval van persele waarvoor ’n huurtermyn van 30 of meer jaar aangegaan is, die huurder daarvan;
- (e) met betrekking tot—
 - (i) ’n stuk grond geteken op ’n deelskema plan geregistreer ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986), en sonder beperking van die voorafgaande, die ontwikkelaar of die beheerliggaam ten opsigte van die gemeenskaplike eiendom; of
 - (ii) ’n afdeling soos gedefinieer in sodanige Wet, die persoon op wie se naam sodanige afdeling geregistreer is onder die deeltitelakte en sluit in die wetlik aangestelde agent van sodanige persoon;
- (f) enige regs persoon ingesluit, maar nie beperk nie tot—
 - (i) ’n maatskappy geregistreer ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), Trust inter vivos, Trust mortis causa, ’n Beslote Korporasie geregistreer ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet 69 van 1984), ’n vrywillige organisasie;
 - (ii) enige staatsdepartement;

- (iii) enige raad of bestuur ingestel ingevolge enige wetgewing van toepassing op die Republiek van Suid-Afrika; en
- (iv) enige Ambassade of ander buitelandse entiteit; en
- (g) 'n huurder van munisipale eiendom wat geag word as die eienaar vir die doeleindes van lewering van 'n munisipale rekening;

“eienaar” met betrekking tot—

- (a) 'n perseel waarna verwys word in paragraaf (a) van die omskrywing van “eiendom”, beteken 'n persoon op wie se naam eienaarskap van die eiendom geregistreer is;
- (b) 'n reg waarna verwys word in paragraaf (b) van die omskrywing van “eiendom”, beteken 'n persoon op wie se naam die reg geregistreer is;
- (c) 'n grondbesitreg waarna verwys word in paragraaf (c) van die omskrywing van “eiendom”, beteken 'n persoon op wie se naam die reg geregistreer is of aan wie dit toegeken is ingevolge wetgewing; en
- (d) openbare diensinfrastruktuur waarna verwys word in paragraaf (d) van die omskrywing van “eiendom”, beteken die staatsorgaan wat die openbare diensinfrastruktuur besit of beheer soos bedoel in die woordskrywing van “openbare beheer”, met dien verstande dat vir die doeleindes van die Wet op Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004) die munisipaliteit die eienaar van 'n eiendom mag beskou as—
 - (i) in die geval van 'n eiendom in 'n trust, maar uitgesluit staatstrustgrond, 'n trustee;
 - (ii) in die geval van 'n eiendom in 'n bestorwe boedel, 'n eksekuteur of administrator;
 - (iii) in die geval van 'n eiendom in 'n insolvente boedel of in likwidasie, 'n trustee of likwidateur;
 - (iv) in die geval van 'n eiendom in die boedel van 'n persoon onder geregtelike bestuur, 'n geregtelike bestuurder;
 - (v) in die geval van 'n eiendom in die boedel van 'n persoon onder kuratorskap, 'n kurator;
 - (vi) in die geval van 'n eiendom wat onderhewig is aan vruggebruik of ander persoonlike serwituut, 'n persoon op wie se naam 'n vruggebruik of ander persoonlike serwituut geregistreer is;
 - (vii) in die geval van 'n eiendom wat geregistreer is op die naam van die munisipaliteit en deur dit verhuur word, 'n huurder; en
 - (viii) in die geval van 'n eiendom wat deur die munisipaliteit verkoop is en waarvan besit aan die koper gegee is hangende registrasie van eienaarskap op die naam van sodanige koper, 'n koper;

“eiendom” beteken—

- (a) onroerende eiendom geregistreer op die naam van 'n persoon, ingesluit in die geval van 'n deeltitelskema, 'n deeltiteleenheid geregistreer op die naam van 'n persoon;
- (b) 'n reg wat teen onroerende eiendom op die naam van die persoon geregistreer is, maar uitgesluit 'n verband wat teen die eiendom geregistreer is;
- (c) 'n grondbesitreg geregistreer op die naam van 'n persoon of toegeken aan 'n persoon ingevolge wetgewing, soos 'n “grondhervormingsbegunstigde”; en
- (d) openbare diensinfrastruktuur;

“fakturering” beteken fakturering op 'n munisipale rekening aan 'n rekeninghouer van 'n bedrag of bedrae betaalbaar vir eiendomsbelasting, gemeterde dienste, ander munisipale koste, heffings, gelde, boetes, belastings, of enige ander bedrag of bedrae betaalbaar wat ontstaan uit enige aanspreeklikheid of verpligting;

“finale betaaldatum” beteken die datum gespesifiseer as sodanig op 'n munisipale rekening vir enige gelde betaalbaar en wat die laaste toelaatbare dag is vir die betaling van sodanige gelde;

“grondhervormingsbegunstigde”, met betrekking tot eiendom, beteken 'n persoon wat—

- (a) die eiendom verkry het deur die bepaling van die Wet op die Beskikbaarstelling van Grond en Bystand, 1993 (Wet 126 van 1993);
- (b) die eiendom verkry het deur die bepaling van die Wet op die Herstel van Grondregte, 1994 (Wet 22 van 1994);
- (c) die eiendom hou onderhewig aan die Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom, 1996 (Wet 28 van 1996); of
- (d) die grond hou of die eiendom verkry ingevolge sodanige ander grondbesit hervorming wetgewing soos afgekondig mag wees;

“hoofdienste” beteken die dienste bedoel in artikel 17(5);

“inkomste” beteken alle gelde wat aan die munisipaliteit verskuldig is en ten opsigte waarvan die munisipaliteit die reg het om betaling te vorder en af te dwing, ongeag die feitelike rede vir of die oorsprong daarvan;

“jaarlikse begroting” beteken die begroting wat vir 'n bepaalde finansiële jaar deur die munisipale raad goedgekeur is, en sluit enige aanpassings van sodanige begroting in;

“klante bestuur” beteken die fokus op die rekeninghouer se behoeftes op 'n verantwoordelike en proaktiewe wyse ten einde betaling aan te moedig en sodoende die noodsaak vir afdwinging te beperk;

“klante dienssentrum” beteken en dien as—

- (a) 'n kantoor waar 'n aansoeker aansoek kan doen vir dienste en 'n diensooreenkoms met die munisipaliteit kan aangaan;
- (b) 'n kantoor waar 'n rekeninghouer 'n rekening kan betaal of 'n voorafbetaling kan maak vir dienste;
- (c) 'n kredietkeuringspunt waar die kredietwaardigheid van 'n aansoeker geprosesseer kan word; of
- (d) 'n kantoor waar 'n rekeninghouer inligting kan inwin oor rekeninge of om rekeninge en gemeterde verbruik te verifieer, en griewe, navrae, aanbevelings en ander relevante aangeleenthede aan die munisipaliteit mag kommunikeer en vanwaar die reaksie van die munisipaliteit aan die rekeninghouer oorgedra kan word;

“kortings” met betrekking tot 'n belasting betaalbaar op 'n eiendom, beteken 'n afslag toegestaan ingevolge artikel 15 van die Wet op Eiendomsbelasting, 2004 op die bedrag van die belasting betaalbaar op die eiendom;

“**maand**” beteken een van 12 maande van ’n kalenderjaar;

“**munisipale bestuurder**” is die persoon wat deur die munisipaliteit aangestel is ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998), en sluit in enige persoon—

- (a) in sodanige posisie waarneem; en
- (b) aan wie die munisipale bestuurder enige mag, funksie of verantwoordelikheid gedelegeer het in sover dit betref die uitvoering van daardie magte, funksies of verantwoordelikhede;

“**munisipale diens**” beteken ’n diens wat die munisipaliteit ingevolge sy magte en funksies voorsien of mag voorsien aan of tot die voordeel van die plaaslike gemeenskap ongeag daarvan of—

- (a) sodanige diens voorsien word, of voorsien gaan word, deur die munisipaliteit deur ’n interne meganisme soos beoog in artikel 76 van die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) of deur betrokkenheid van ’n eksterne meganisme soos beoog in die genoemde artikel 76; en
- (b) koste, gelde of tariewe ten opsigte van sodanige diens gehef word, al dan nie;

“**munisipale eiendom**” sluit ’n eiendom in wat deur ’n munisipale entiteit besit word;

“**munisipale entiteit**” beteken—

- (a) ’n private maatskappy vermeld in artikel 86B(1)(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000);
- (b) ’n diensmaatskappy; of
- (c) ’n multi-jurisdiksie diensmaatskappy;

“**munisipale rekening**” beteken ’n rekening wat gelewer word en waarop ’n bedrag of bedrae gefaktureer is wat aan die munisipaliteit verskuldig is vir eiendomsbelasting, gemeterde dienste, ander munisipale koste, heffings, gelde, boetes, rente, belastings of enige ander bedrag of bedrae betaalbaar voortspruitend uit enige ander aanspreeklikheid of verpligting;

“**munisipale tarief**” beteken ’n tarief vir dienste wat deur die munisipaliteit gestel word vir die voorsiening van ’n diens aan die plaaslike gemeenskap, soos ’n tarief gestel vir hoofdienste of ’n ondergeskikte tarief, en sluit in ’n bokoste op sodanige diens;

“**munisipaliteit**” beteken die Hessequa Munisipaliteit en sluit enige politieke struktuur, politieke ampsbekleër, raadslid, behoorlik gemagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan in handelende ingevolge hierdie verordening uit hoofde van ’n bevoegdheid wat in die munisipaliteit berus en gedelegeer of gesubdelegeer is aan sodanige politieke struktuur, politieke ampsbekleër, raadslid, agent of werknemer;

“**markwaarde**” met betrekking tot ’n eiendom, beteken die waarde van die eiendom soos bepaal ooreenkomstig artikel 46 van die Wet op Eienomsbelasting, 2004;

“**okkupeerder**” beteken enige persoon wat enige perseel of ’n gedeelte daarvan okkupeer sonder inagneming van die titel waaronder die persoon die perseel okkupeer, en sluit in—

- (a) enige persoon wat daardie perseel werklik okkupeer;
- (b) enige persoon wat wettiglik daarop geregtig is om die perseel te okkupeer;
- (c) waar so ’n perseel onderverdeel is aan loseerders of verskeie huurders verhuur word, die persoon wat die huurgeld betaalbaar deur sodanige loseerders of huurders ontvang vir die persoon se eie rekening of as agent vir enige persoon wat daarop geregtig is of belange daarby het;
- (d) enige persoon wat in beheer is van of die perseel bestuur, en sluit in die agent van enige sodanige persoon wanneer die persoon nie in die Republiek van Suid-Afrika is nie of indien sy of haar verblyfplek onbekend is; en
- (e) die eienaar van daardie perseel;

“**onbetroubare klient**” sluit in ’n rekeninghouer wat volgens sy of haar betaal rekords in gebreke bly om sy of haar munisipale rekening op die finale betaaldatum te betaal of wat agterstallig is met betalings wat aan die munisipaliteit verskuldig is of wat met die metertoerusting, seëls of die verskaffing van munisipale dienste inmeng of peuter;

“**ondergeskikte tariewe**” beteken alle tariewe, heffings, gelde, huur of boetes wat deur die munisipaliteit gehef of opgelê word ten opsigte van dienste voorsien, anders as hoofdienste, en sluit in dienste bykomstig tot die voorsiening van hoofdienste;

“**openbaar beheer**” beteken besit deur of andersins onder beheer van ’n staatsorgaan, ingesluit ’n openbare entiteit gelys in die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999 (Wet 1 van 1999), ’n munisipaliteit, of ’n munisipale entiteit;

“**openbare diensinfrastruktuur**” beteken openbare beheerde infrastruktuur van die volgende soort—

- (a) nasionale, provinsiale of ander openbare paaie waarop goedere, dienste of arbeid oor beweeg;
- (b) water en rioolpype, kanale en ander leidings, damme, watervoorsiening reservoars, water behandelingsaanlegte of waterpompe wat deel vorm van ’n water of riolering skema wat die publiek bedien;
- (c) kragstasies, krag substasies of kraglyne wat deel vorm van ’n elektrisiteit skema wat die publiek bedien;
- (d) gas of vloeibare brandstof aanlegte of raffinaderye of pyplyne vir gas en vloeibare brandstof wat deel vorm van die skema vir vervoer van sodanige brandstof;
- (e) spoorlyne wat deel vorm van ’n nasionale spoorwegstelsel;
- (f) kommunikasie torings, maste, skakelborde en lyne wat deel vorm van ’n kommunikasiestelsel wat die publiek bedien;
- (g) loopbane of aansitbane by nasionale of provinsiale lughawens;
- (h) breekwater, see walle, kanale, komme, kaai mure, jetties, paaie, spoorweg of infrastruktuur wat gebruik word vir die voorsiening van water, ligte, krag, riolering of soortgelyke dienste van hawens, of navigasie hulpmiddels behelsende vuurtorings, radio navigasie hulpmiddels, boeie, bakens of enige ander toestel of stelsel wat gebruik word om hulp te verleen met die veiligheid en doeltreffende navigasie van skeep;
- (i) enige ander openbare beheerde infrastruktuur soos deur wetgewing voorgeskryf mag word; en

(j) regte van toegang, padserwitute of serwitute met betrekking tot infrastruktuur genoem in paragrawe (a) tot (i);

“**perseel**” beteken enige stuk grond waarop die buitenste oppervlak grense aangedui is op—

- (a) ’n algemene plan of diagram wat ingevolge die Opmetingswet, 1927 (Wet 9 van 1927), of ingevolge die Wet op die Registrasie van Aktes, 1937 (Wet No. 47 van 1937) geregistreer is; of
- (b) ’n deelplan geregistreer ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986) wat binne die regsgebied van die munisipaliteit geleë is; en
- (c) sluit in enige ander grond of gebou of struktuur bokant of onder die oppervlak van enige grond;

“**persoon**” sluit ’n regspersoon en ’n staatsorgaan in;

“**peuter**” beteken enige ongemagtigde inmenging met die munisipaliteit se toevoer, seëls en metertoerusting, en “**peutery**” het ’n soortgelyke betekenis;

“**plaaslike gemeenskap**” of “**gemeenskap**” in verhouding tot die munisipaliteit, beteken daardie liggaam van persone bestaande uit die inwoners van die munisipaliteit, die belastingbetalers van die munisipaliteit, enige burgerlike, nie-regering, private sektor of arbeidsorganisasies of liggame betrokke by plaaslike aangeleenthede van die munisipaliteit, en besoekers en ander persone woonagtig buite die munisipaliteit wie, as gevolg van hul teenwoordigheid in die munisipaliteit, gebruik maak van dienste of fasiliteite voorsien deur die munisipaliteit;

“**Raad**” beteken die raad van die Hessequa Munisipaliteit (of enige diensverskaffer van die munisipaliteit);

“**rekeninghouer**” beteken enige persoon wat ’n munisipale rekening staan te ontvang, insluitende ’n gebruiker van voorafbetaalde elektrisiteit of water;

“**rente**” beteken ’n bedrag wat bereken word teen ’n koers soos bepaal deur die munisipaliteit op ’n agterstallige munisipale rekening;

“**residensiële eiendom**” beteken ’n eiendom ingesluit in die waardasielys as residensieel ingevolge artikel 48(2)(b) van die Wet op Eiendomsbelasting, 2004;

“**staatsorgaan**” beteken ’n staatsorgaan soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet;

“**staatstrustgrond**” beteken grond wat deur die staat besit en in trust gehou word vir persone wat gemeenskaplik die grond bewoon ingevolge ’n tradisionele stelsel van grondbesit, waarvoor grondbesit regte geregistreer of toegestaan is, of wat geormerk is vir wegdoening ingevolge die Wet op die Herstel van Grondregte, 1994 (Wet 22 van 1994);

“**tarief vir hoofdienste**” beteken tariewe gestel vir die voorsiening en verbruik of gebruik van hoofdienste;

“**teiken**” beteken realistiese teikens wat deur die munisipaliteit gestel mag word;

“**toelaatbare gebruik**” met betrekking tot eiendom, beteken die beperkte doeleindes waarvoor die eiendom gebruik mag word ingevolge enige beperkings opgelê deur ’n titelvoorwaarde, ’n bepaling van die munisipaliteit se stadsbeplanning of grondgebruikskema, of enige wetgewing van toepassing op enige spesifieke eiendom of eiendomme, of enige versagting van enige sodanige beperkings;

“**verbruiker**” beteken enige okkupeerder van enige perseel waartoe of waarop die munisipaliteit onderneem het om munisipale dienste te voorsien, of reeds voorsien, of, indien daar geen okkupeerder is nie, enige persoon met wie die munisipaliteit ’n diensooreenkoms aangegaan het vir die voorsiening van munisipale dienste tot sodanige perseel, of, indien daar geen sodanige persoon is nie, die eienaar van die perseel, en “**huishoudelike verbruiker**” of “**huishoudelike gebruiker**” van munisipale dienste beteken die persoon of huishouding waaraan munisipale dienste ten opsigte van residensiële eiendom voorsien word;

“**verbruikersprysindeks**” beteken die verbruikersprysindeks (VPIX) soos bepaal en gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde;

“**voorkeur klant**” beteken ’n persoon aan wie die munisipaliteit spesiale toegewings mag maak.

HOOFSTUK I

KLANTESORG BEGINSELS, OOGMERKE EN IMPLEMENTERING, EN ONDERSKEIDING

2. Klantesorg beginsels en oogmerke

(1) Die munisipaliteit se oogmerk is—

- (a) om progressief te beweeg na die sosiale en ekonomiese opheffing van die gemeenskap in harmonie met sy natuurlike omgewing;
- (b) om basiese dienste wat bekostigbaar is aan al sy mense en spesifiek aan die armes en minderbevoorregtes te voorsien, op voorwaarde dat waar van toepassing diensgelde, eiendomsbelasting, gemeterde dienste, ander munisipale koste, heffings, gelde, boetes, rente, belastings of enige ander bedrag of bedrae verskuldig voortspruitend uit enige ander aanspreeklikheid of verpligting, betaal word;
- (c) om die gemeenskap aktief te betrek by die sake van die munisipaliteit, in besonder by beplanning, dienslewering en prestasiebestuur;
- (d) om effektiewe, doelmatige en deursigtige administrasie wat in ooreenstemming is met grondwetlike beginsels, te voorsien;
- (e) om te verseker dat die munisipaliteit finansiële en ekonomies volhoubaar is; en
- (f) om ’n samewerkende verhouding tussen die munisipaliteit en die gemeenskap te skep deur die erkenning van wedersydse regte en pligte.

(2) Die munisipaliteit formuleer, reguleer oor en implementeer ingevolge hierdie verordening ’n klantesorg en bestuurstelsel soos beoog in artikel 95 van die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Stelsels, 2000.

3. Munisipale bestuurder verantwoordelike beampte

Die munisipale bestuurder—

- (a) is aan die Uitvoerende Burgemeester verantwoordelik vir die implementering en uitvoering van die bepalings van hierdie verordening;
- (b) moet, vir die doeleindes van paragraaf (a), die nodige stappe doen om die bepalings van hierdie verordening te implementeer en uit te voer;
- (c) is aan die Uitvoerende Burgemeester verantwoordelik vir die ooreengekome prestasie teikens soos deur die munisipaliteit goedgekeur, en vir hierdie doeleindes moet—
 - (i) aan die Uitvoerende Burgemeester verslag doen oor sake betreffende hierdie verordening, insluitende maar nie beperk tot—

- (aa) die doeltreffendheid van administratiewe meganismes, hulpbronne, prosesse en prosedures om gelde wat aan die munisipaliteit verksuldig en betaalbaar is, in te vorder;
- (bb) rekening inligting, insluitende die aantal rekeninghouers, toename, kontantvloei en klantebestuur;
- (cc) die tevredenheid vlakke van rekeninghouers betreffende gelewerde dienste; en
- (dd) die doeltreffendheid van die munisipaliteit se armoedeverligting maatreëls; en
- (ii) rekeninghouers aanmoedig en op druk uitoefen, waar nodig, om uitstaande rekeninge te vereffen binne die strekking van hierdie verordening; en
- (iii) met die instemming van 'n rekeninghouer, 'n ooreenkoms met die rekeninghouer se werkgewer aangaan om van die salaris of loon van die rekeninghouer af te trek—
 - (aa) enige uitstaande bedrag soos ooreengekom; of
 - (bb) sodanige gereelde maandelikse bedrae soos ooreengekom, en mag spesiale aansporings vir werkgewers voorsien om sodanige ooreenkomste aan te gaan, en werknemers om in te stem tot sodanige ooreenkomste.

4. Onderskeiding tussen klante en vrystellings

(1) Ooreenkomstig die beginsels vervat in die Grondwet en die bepalings van artikels 6 en 8 van die Wet op Eiendomsbelasting, 2004 en artikels 74(3) en 75 van die Wet op Plaaslike Regering; Munisipale Stelsels, 2000 mag die munisipaliteit onderskei tussen verskillende kategorieë van gebruikers en verbruikers ten opsigte van die tariewe wat gehê word, kategorieë van belastingbetalers, rekeninghouers, klante, debiteure, belastings, dienste, diensstandaarde en ander aangeleenthede, met dien verstande dat sodanige onderskeidings te alle tye redelik is en volledig in elke jaarlikse begroting openbaar gemaak word.

(2) Die munisipaliteit mag 'n rekeninghouer, kategorie van rekeninghouers of ander persone skriftelik van die nakoming van 'n bepaling van hierdie verordening vrystel, onderhewig aan enige voorwaardes wat dit mag opleë, indien die toepassing of uitvoering van daardie bepaling onredelik blyk te wees, met dien verstande dat die munisipaliteit of sy gemagtigde agent nie vrystelling van enige bepaling van hierdie verordening mag verleen nie wat aanleiding mag gee tot—

- (a) die verkwisting of buitensporige gebruik van water of elektrisiteit;
- (b) die vermyding of ontduiking wat water- of elektrisiteitsbeperkings;
- (c) betekenisvolle negatiewe uitwerking op openbare gesondheid, veiligheid of die omgewing;
- (d) die nie-betaling van dienste;
- (e) die installering van pype en bybehorels wat nie aanvaarbaar is ingevolge die munisipaliteit se voorgeskrewe standarde nie; of
- (f) nie-nakoming van enige Wet of enige regulasie daarvolgens uitgevaardig.

(3) Die munisipaliteit of sy gevormagtigde agent mag te enige tyd nadat ten minste 30 dae skriftelike kennis gegee is, enige vrystelling wat kragtens subartikel (2) toegestaan is, terugtrek.

HOOFSTUK 2

VERSKAFFING VAN MUNISIPALE DIENSTE

Deel 1

Aansoek vir voorsiening van dienste en diensooreenkomste, deposito's, rekeninge en betaling en beëindiging van diensooreenkomste

5. Aansoek vir voorsiening van munisipale dienste en diensooreenkomste

(1) Enige aansoek vir enige voorsiening van dienste aan enige perseel moet by die munisipale kantore gedoen word ten minste vier werksdae, of sodanige korter periode soos vir die munisipaliteit aanvaarbaar mag wees, voordat die dienste verlang word en moet voldoen aan die voorwaardes bepaal deur die munisipale bestuurder.

(2) Na in werkingstelling van hierdie verordening mag slegs die eienaar van 'n eiendom of sy of haar behoorlik gemagtigde agent namens hom of haar aansoek doen vir die voorsiening van munisipale dienste aan 'n eiendom.

(3) Geen dienste sal voorsien word tensy en totdat 'n aansoek deur die eienaar gedoen is en 'n diensooreenkoms in die formaat voorgeskryf deur die munisipaliteit aangegaan is en 'n deposito soos voorsien in artikel 6, betaal is.

6. Deposito's

(1) By goedkeuring van die aansoek en voordat die diens beskikbaar gestel word, mag die munisipaliteit van die aansoeker vereis—

- (a) om by die munisipaliteit 'n som geld te deponeer vir munisipale dienste;
- (b) om enige ander vorm van sekuriteit te voorsien; of
- (c) om in te stem tot spesiale voorwaardes betreffende die betaling van die munisipale rekening, en gelde as sodanig by die munisipaliteit gedeponeer dien as sekuriteit.

(2) Die munisipale bestuurder behou die reg voor om die som geld gedeponeer of die bedrag waarvoor addisionele sekuriteit verlang word, te hersien.

(3) Die munisipale bestuurder mag ten opsigte van voorkeur klante, verslapping van die voorwaardes van toepassing op deposito's soos uiteengesit in subartikels (1) en (2), oorweeg.

(4) By beëindiging van die diensverskaffing moet die bedrag van sodanige deposito's, minus enige betalings verksuldig aan die munisipaliteit, aan 'n rekeninghouer terugbetaal word.

7. Rekeninge en betaling

(1) Die rekeninghouer moet alle bedrae aan die munisipaliteit verksuldig soos aangedui op die munisipale rekening, betaal en die onus is op die rekeninghouer om die akkuraatheid van sodanige rekening te verifieer.

- (2) 'n Rekeninghouer moet betaal vir gemeterde dienste en moet die eiendomsbelasting, ander munisipale koste, heffings, tariewe, boetes, rente, belastings of enige ander aanspreeklikheid of verpligting vanaf die datum van oorsprong van sodanige munisipale tariewe tot die geskrewe beëindiging van die dienste, betaal.
- (3) 'n Rekeninghouer—
- (a) moet, waar moontlik, een rekening gelewer word waarop die finale datum vir vereffening van die totale bedrag verskuldig uiteengesit word, onderhewig aan die bepalings van subartikel (14); en
- (b) moet maandeliks in siklusse van ongeveer 30 dae gefatureer word.
- (4) Betaling moet op of voor sluitingstyd op die finale dag vir betaling ontvang word.
- (5) Betaling wat deur middel van die elektroniese media of enige van die diensverskaffers deur die munisipaliteit aangestel om betalings namens dit te ontvang gemaak word, moet binne ten minste vier werksdae voor die finale datum gemaak sodat die betaling geprosesseer kan word, en rente word gehef indien die munisipaliteit betaling ontvang na die finale datum vir betaling.
- (6) Waar die rekeninghouer 'n rekening deur middel van 'n diensverskaffer betaal binne vier of meer werksdae voor die finale datum vir betaling, en sodanige diensverskaffer versuim om die munisipaliteit van die betrokke betalingsbesonderhede te voorsien, mag sodanige diensverskaffer aanspreeklik gehou word vir alle koste wat deur die munisipaliteit aangegaan is om die agterstallige bedrag wat verkeerdlik op die rekening van die rekeninghouer verskyn te verhaal, asook vir rente heffings.
- (7) Die munisipaliteit mag die hoeveelheid gemeterde dienste wat in 'n tydperk of tydperke binne die interval tussen werklik agtereenvolgende lesings voorsien is beraam, welke interval nie 4 maande mag oorskry nie, en mag 'n rekening aan die rekeninghouer lewer vir die hoeveelheid gemeterde dienste wat aldus beraam is.
- (8) Indien 'n rekeninghouer ontevrede is met 'n rekening wat gelewer is vir gemeterde dienste wat deur die munisipaliteit verskaf is, mag sodanige rekeninghouer, voor die finale datum vir betaling wat daarop verskyn, beswaar aanteken teen die rekening, met redes uiteengesit vir sodanige ontevredeheid.
- (9) Indien enige dispuut ontstaan ten opsigte van die bedrag wat deur 'n rekeninghouer verskuldig is, en onderworpe aan die bepalings van artikel 102 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), moet die rekeninghouer ten spyte van sodanige dispuut voortgaan om gereelde betalings te maak teen die finale datum vir betaling, gebaseer op die berekening van die gemiddelde munisipale rekening vir die voorafgaande drie maande voor ontstaan van die dispuut, met in aanmerking geneem rente op die rekening asook die jaarlikse wysigings van tariewe van die munisipaliteit.
- (10) 'n Fout of weglating op enige rekening of versuim om 'n rekening te lewer stel nie die rekeninghouer vry van die verpligting om teen die finale datum te betaal nie.
- (11) Indien 'n rekeninghouer water of elektrisiteit gebruik vir 'n gebruikskategorie anders as wat deur die munisipaliteit voorsien word en as gevolg waarvan geen koste gehef word vir water of elektrisiteit sodanig gebruik, of koste gehef word vir die water of elektrisiteit teen 'n tarief laer as waarvoor die rekeninghouer aangeslaan moet word, is die rekeninghouer aanspreeklik vir die bedrag wat verskuldig is aan die munisipaliteit ooreenkomstig die voorgeskrewe koste ten opsigte van—
- (a) die hoeveelheid water of elektrisiteit wat die rekeninghouer gebruik het en waarvoor koste nie teen die rekeninghouer gehef is nie; of
- (b) die verskil tussen die koste van die water of elektrisiteit wat deur die rekeninghouer gebruik is teen die tarief wat teen die rekeninghouer gehef is en die koste van die water of elektrisiteit teen die tarief wat teen die rekeninghouer gehef moes word.
- (12) 'n Rekeninghouer is nie geregtig op 'n vermindering in die bedrag wat betaalbaar is vir gemeterde dienste wat verlore gegaan het as gevolg van 'n foutiewe meter nie, tot tyd en wyl die voorwaardes van artikel 13(8)(c) nagekom is.
- (13) Die munisipaliteit mag—
- (a) enige afsonderlike rekeninge van 'n rekeninghouer wat vir betaling aan die munisipaliteit verskuldig is, konsolideer; en
- (b) enige betaling deur 'n rekeninghouer krediteer teen enige skuld van so 'n rekeninghouer.
- (14) Die eienaar van eiendom mag 'n ooreenkoms met die munisipaliteit aangaan ingevolge waarvan betaling van eiendomsbelasting jaarliks geskied, in welke geval betaling gemaak moet word voor of op die datum bepaal deur die munisipaliteit.

8. Beëindiging van diensooreenkoms

- (1) Die voorneme om 'n diensooreenkoms te beëindig moet skriftelik aan die ander party oorgedra word.
- (2) Waar 'n eiendom verkoop is, mag 'n eienaar 'n diensooreenkoms beëindig deur nie minder nie as vier werksdae skriftelike kennisgewing aan die munisipaliteit te gee.
- (3) Die munisipaliteit mag deur skriftelike kennisgewing van nie minder nie as vier werksdae, 'n rekeninghouer in kennis stel van die beëindiging van die ooreenkoms vir die lewering van munisipale dienste indien—
- (a) die rekeninghouer hierdie verordening oortree het en nagelaat het om sodanige oortreding reg te stel; of
- (b) die munisipaliteit nie kan voortgaan om munisipale dienste aan die rekeninghouer te voorsien nie, as gevolg van 'n ooreenkoms met 'n ander owerheid wat in die toekoms sodanige dienste aan die rekeninghouer moet voorsien.

Deel 2

Nie-betaling van munisipale rekeninge

9. Reëlings vir betalings

- (1) Sou 'n rekeninghouer, voordat enige van die stappe ingevolge artikel 11 geneem is, nie in staat wees om die munisipale rekening ten volle te betaal nie, mag die rekeninghouer die munisipaliteit nader met die doel om korttermyn reëlings te tref vir die vereffening van die rekening.
- (2) Indien 'n rekeninghouer, nadat enige stappe ingevolge artikel 13 geneem is, probleme ondervind om die munisipale rekening te betaal, mag die rekeninghouer die munisipaliteit nader met die doel om reëlings te tref vir die vereffening van die rekening, en die rekeninghouer moet 'n skriftelike ooreenkoms met die munisipaliteit aangaan om die uitstaande en verskuldigde bedrag aan die munisipaliteit te vergoed volgens die voorwaardes en op die basis bepaal deur die munisipale bestuurder.
- (3) Die skriftelike ooreenkoms moet namens die munisipaliteit deur 'n behoorlik gemagtigde beampte onderteken word.

(4) In die geval waar reëlins vir betaling getref is mag die munisipaliteit—

- (a) die deposito hersien;
- (b) van die rekeninghouer vereis om per stoporder of debietorder te betaal;
- (c) van die rekeninghouer vereis om oor te skakel na 'n voorafbetaalde meterstelsel; of
- (d) enige ander vorm van sekuriteit vereis, ingesluit persoonlike borgtog deur die direkteure of lede van 'n maatskappy, beslote korporasie, trust of beheerliggaam.

10. Rente op agterstallige munisipale rekeninge

- (1) Die munisipaliteit mag rente hef of verhaal teen 'n koers deur dit bepaal ten opsigte van enige agterstallige bedrae wat verskuldig en betaalbaar is.
- (2) Ongeag die rede vir nie-betaling, of waar 'n reëling getref is ingevolge artikel 9, is rente verskuldig indien 'n rekening onbetaal is.
- (3) Rente word maandeliks bereken teen die rentekoers wat deur die munisipaliteit goedgekeur is, en 'n gedeelte van 'n maand word gereken as 'n maand.
- (4) Rente is betaalbaar indien betaling nie by 'n kantoor van die munisipaliteit ontvang word of tot die krediet van die bankrekening van die munisipaliteit teen die sluiting van besigheid op die finale betaaldatum.

11. Meganismes vir skuldinvordering

- (1) Waar toepaslik, moet die munisipaliteit te alle tye poog om 'n rekeninghouer in kennis te stel van voornemens om 'n diens te diskonnekteer of te beperk, en die volgende meganismes mag gebruik word indien 'n rekeninghouer versuim om 'n rekening te betaal teen die finale betaaldatum:
 - (a) aflewering of pos van 'n finale aanmaning met 'n verduideliking aan die rekeninghouer van die stand van die rekening en die gevolge van nie-betaling of 'n reëling nie getref is nie;
 - (b) die rekeninghouer woordeliks, skriftelik, telefonies of elektronies in kennis stel van die agterstallige bedrag en die voorneme om dienste te beëindig of te beperk;
 - (c) beëindiging of beperking van die verskaffing van munisipale dienste aan die perseel en diening van 'n beëindigings- of beperkingskennisgewing aan die rekeninghouer; of
 - (d) die munisipale rekening van die rekeninghouer debiteer met al die betrokke heffings en boetes goedgekeur deur die munisipaliteit.
- (2) Waar die gemeterde gebruik beëindig of beperk is, en indien die rekeninghouer steeds versuim om die rekening te betaal, mag die perseel met gereelde tussenposes herbesoek word om te verseker dat die gemeterde verskaffing beëindig of beperk bly, en indien daar gevind word dat die dienste wat voorheen beëindig of beperk is, weer herstel is—
 - (a) het die munisipaliteit die reg om enige stappe te doen wat vereis word ingevolge artikel 30, en die rekeninghouer is verantwoordelik vir die betrokke heffings of koste of skade wat gelyk is;
 - (b) mag die munisipaliteit weier om dienste te verskaf vir 'n tydperk soos deur die munisipaliteit bepaal; en
 - (c) mag die munisipaliteit in die geval van die gebruik van 'n voorafbetaalde meettoestel, die verdere verkoop van voorafbetaalde dienste staak.
- (3) Waar 'n behoorlik gemagtigde beampte van die munisipaliteit die perseel besoek het met die doel om die dienste te beëindig of te beperk en belemmer of verhinder is om sodanige beëindiging of beperking uit te voer, word 'n bedrag gelyk aan die voorgeskrewe koste vir 'n heraansluiting betaalbaar vir elke besoek wat nodig is vir die doel van sodanige beëindiging of beperking, onderhewig aan 'n maksimum van twee sodanige besoeke waartydens beëindiging of beperking nie uitgevoer kon word nie.
- (4) Die munisipaliteit mag enige een of meer van die volgende meganismes gebruik om volle betaling van enige verskuldigde bedrae te verseker:
 - (a) van die rekeninghouer vereis om na 'n ander meterstelsel oor te skakel;
 - (b) toewysing van 'n gedeelte van enige voorafbetaalde betalings na ander skulde;
 - (c) publikasie van 'n lys van rekeninghouders wat in verstek bly;
 - (d) weerhouding van betaling van 'n hulptoelae en onderworpe aan die bepalings van artikel 32, die rekeninghouer uitsluit van die tenderproses;
 - (e) weerhouding van betaling op kontrakte vir die vereffening van die munisipale rekening;
 - (f) hersiening en wysiging van die voorwaardes van die diensooreenkoms;
 - (g) instelling van geregtelike stappe vir invordering van die skuld;
 - (h) die rekeninghouer klassifiseer as 'n onbetroubare klant;
 - (i) gebruik maak van eksterne skuldinvordering spesialiste of agente;
 - (j) aandringing op omskakeling na 'n voorafbetaalde meettoestel op koste van die rekeninghouer; of
 - (k) enige ander metodes deur die munisipaliteit soos van tyd tot tyd gemagtig om agterstallige bedrae in te vorder.
- (5) Die koste van invordering, waar van toepassing, is vir die rekening van die rekeninghouer.
- (6) Onderhewig aan die bepalings van artikels 28 en 29 van die Wet op Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004), bly die reg van krag om dienste te weier, te beperk, af te sluit of te beëindig weens die nie-betaling van enige eiendomsbelasting, gemeterde dienste, ander munisipale koste, heffings, tariewe, boetes, rente, belastings of enige ander bedrag of bedrae wat betaalbaar is voortspruitend uit enige aanspreeklikheid of verpligting, nietaenstaande die feit dat—
 - (a) betaling bedoel was vir enige spesifieke diens; of
 - (b) die persoon wat 'n diensooreenkoms vir die verskaffing van dienste met die munisipaliteit aangegaan het en die eenaar verskillende entiteite of persone is, soos die geval mag wees.

*Deel 3**Metertoerusting en meting van dienste***12. Algemene betalings**

Die munisipaliteit mag verskeie metertoerusting bekendstel en mag 'n rekeninghouer aanmoedig om na 'n stelsel oor te skakel wat tot voordeel van die munisipaliteit en rekeninghouders sal wees.

13. Metertoerusting en meting van verbruik

- (1) Die munisipaliteit moet, op koste van die verbruiker by wyse van 'n direkte heffing of voorgeskrewe gelde, toepaslike tarief metertoerusting by die metingspunt vir die meet van gemeterde dienste voorsien, installeer en onderhou.
- (2) Die munisipaliteit behou die reg om gemeterde dienste na 'n blok winkels, woonstelle, deelhuise en soortgelyke geboue vir die gebou as 'n geheel, of vir 'n individuele eenheid, of vir 'n groep eenhede, te voorsien.
- (3) Waar enige gebou waarna in subartikel (2) verwys word deur die munisipaliteit as 'n geheel van gemeterde dienste voorsien word—
 - (a) mag die eienaar, op eie koste, toepaslike sub-metertoerusting vir elke winkel, woonstel of deelhuis verskaf en installeer; of
 - (b) mag die munisipaliteit, op koste van die eienaar, vereis dat 'n meter vir elke eenheid op enige perseel wat afsonderlik bewoon word, geïnstalleer word, ten einde die hoeveelheid gemeterde dienste wat aan elke eenheid verskaf word, te bepaal.
- (4) Waar die elektrisiteit wat deur verbruikers gebruik word teen verskillende tariewe gehef word, moet die verbruik afsonderlik vir elke tarief gemeet word.
- (5) Waar sub-metertoerusting geïnstalleer is, moet voorsiening apart van die munisipaliteit se metertoerusting gemaak word, waar toepaslik.
- (6) Behalwe in die geval van voorafbetaalde meters, word die hoeveelheid gemeterde dienste wat deur 'n verbruiker gebruik word gedurende enige meetperiode bepaal deur lesing van die toepaslike meter of meters wat deur die munisipaliteit verskaf en geïnstalleer is, op die begin en einde van sodanige meetperiode, behalwe waar die metertoerusting foutief gevind is.
- (7) Vir doeleindes van berekening van die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is vir die hoeveelheid gemeterde dienste wat gebruik is, word geag dat dieselfde bedrag vir gemeterde dienste verbruik is gedurende elke tydperk van 24 uur tussen lesings.
- (8) Die volgende is van toepassing ten opsigte van die akkuraatheid van meting:
 - (a) 'n meter word afdoende geag om akkuraat te registreer indien sy foute, wanneer getoets op die wyse voorgeskryf in subartikel (13), binne perke van die fout is soos voorsien in die toepaslike standaardspesifikasies;
 - (b) die munisipaliteit het die reg om sy metertoerusting te toets, en indien deur middel van toetsing of andersins vasgestel word dat sodanige metertoerusting foutief is, moet die munisipaliteit—
 - (i) in die geval van 'n kredietmeter, die rekening gelewer regstel; of
 - (ii) in die geval van voorafbetaalde meters:
 - (aa) 'n rekening lewer waar die meter onderregistreer; of
 - (bb) 'n gratis bewys uitreik waar die meter oorreregistreer; en
 - (c) die verbruiker is geregtig om die metertoerusting deur die munisipaliteit te laat toets by betaling van die voorgeskrewe gelde, en indien gevind word dat die metertoerusting nie voldoen aan die vereistes vir stelsel akkuraatheid soos in die toepaslike standaardspesifikasies voorsiening gemaak word nie, moet 'n regstelling ingevolge paragraaf (b) en subartikel (7) gemaak word en die voornoemde gelde moet terugbetaal word.
- (9) Geen veranderinge, herstelwerk, toevoegings of aansluitings van enige aard mag aan die verskaffing kant van die metingspunt aangebring word nie, tensy spesifiek skriftelik deur die munisipale bestuurder goedgekeur.
- (10) Alvorens die munisipaliteit enige opwaartse aanpassing van 'n rekening ingevolge subartikel (8)(b) maak, moet die munisipaliteit—
 - (a) die verbruiker skriftelik in kennis stel van die geldwaarde van die aanpassing wat gemaak gaan word en die redes daarvoor;
 - (b) in sodanige kennisgewing voldoende besonderhede voorsien om die verbruiker in staat te stel om vertoë daarop te rig;
 - (c) in sodanige kennisgewing die verbruiker versoek om binne 21 dae of sodanige langer tydperk wat die munisipaliteit mag toegelaat, dit van skriftelike redes, indien enige, te voorsien waarom die rekening nie aangepas moet word soos aangedui nie, en indien die verbruiker versuim om enige vertoë gedurende die tydperk te rig is die munisipaliteit geregtig om die rekening aan te pas soos aangedui in paragraaf (a).
- (11) Die munisipaliteit moet enige vertoë oorweeg wat ingevolge subartikel (10) deur die verbruiker voorsien is en mag die rekening toepaslik aanpas.
- (12) Indien die munisipale bestuurder besluit dat sodanige vertoë nie bewys lewer wat 'n wysiging van die geldwaarde bepaal ingevolge subartikel (15) geregverdig nie, is die munisipaliteit geregtig om die rekening aan te pas soos ingevolge subartikel (10)(a) aangedui, en het die verbruiker die reg om appèl aan te teken teen die besluit van die beampte ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 2000 (Wet 32 van 2000).
- (13) Meters word getoets op die wyse voorsien in die toepaslike standaardspesifikasies.
- (14) Wanneer 'n aanpassing gemaak word aan die verbruik geregistreer op 'n meter ingevolge subartikel (8)(b) of (8)(c), word sodanige aanpassing gebaseer op die foutpersentasie van die meter soos bepaal deur die toets waarna in subartikel (13) verwys word, of op 'n berekening deur die munisipaliteit van verbruiksdata in sy besit, en waar van toepassing, moet toegewings gemaak word vir seisoenale of ander variasies wat verbruik mag beïnvloed, waar moontlik.
- (15) Wanneer 'n aanpassing gemaak is soos beoog in subartikel (14), mag die aanpassing nie 'n tydperk van ses maande voor die datum waarop die metertoerusting as onakkuraat bevind is, oorskry nie, met dien verstande dat die toepassing van hierdie subartikel nie 'n verbruiker verhoed om oorbetalings terug te eis vir enige langer tydperk waar die verbruiker in staat is om die eis te bewys deur middel van die normale regsproses nie.
- (16) Die munisipaliteit mag wegdoen met die gebruik van 'n meter in die geval van—
 - (a) 'n outomatiese sprinkelbrandinstallasie; of

- (b) spesiale omstandighede wat sodanige wegdoening mag regverdig.
- (17) Die munisipaliteit mag by kennisgewing—
- (a) die verbruik van gemeterde dienste verbied of beperk—
- (i) vir spesifieke of nie-spesifieke doeleindes;
 - (ii) gedurende gespesifiseerde ure van die dag of op gespesifiseerde dae of andersins dan gedurende gespesifiseerde ure van die dag of op gespesifiseerde dae; en
 - (iii) in 'n gespesifiseerde of nie-gespesifiseerde wyse
- (b) bepaal en oplê—
- (i) perke op die hoeveelheid gemeterde dienste wat oor 'n gespesifiseerde periode verbruik mag word;
 - (ii) koste addisioneel tot daardie voorgeskryf ten opsigte van die voorsiening van gemeterde dienste bokant die perk beoog in subparagraaf (i); en
 - (iii) 'n algemene bo-koste op die voorgeskrewe kostes ten opsigte van die voorsiening van gemeterde dienste; en
- (c) beperkings of voorbehoude oplê op die gebruik of wyse van gebruik of dispoisie van 'n toestel by wyse waarvan gemeterde dienste gebruik of verbruik word, of op die aansluiting van sodanige toestel.
- (18) Die munisipaliteit mag die toepassing van die bepalings van 'n kennisgewing gepubliseer ingevolge subartikel (17) beperk tot gespesifiseerde gebiede en klasse van rekeninghouers, persele en aktiwiteite, en mag voorsiening maak vir die munisipaliteit om afwykings en vrystellings van, en die verslapping van enige van die bepalings, toe te laat.
- (19) Ten einde voldoening aan 'n kennisgewing gepubliseer ingevolge subartikel (17) te verseker, mag die munisipaliteit neem, of per skriftelike kennis van 'n rekeninghouer op die rekeninghouer se koste vereis om te neem, sodanige maatreëls, ingesluit die installering van metingstoestelle en toestelle vir beperking van die vloei van gemeterde dienste, soos nodig mag wees.
- (20) Addisioneel tot die persoon deur wie se handeling of versuim 'n oortreding van, of gebrek om te voldoen aan, die terme van 'n kennisgewing gepubliseer ingevolge subartikel (17) werklik begaan is, word dit vermoed dat die rekeninghouer ten opsigte van die persele waaraan gemeterde dienste voorsien is, ook die oortreding begaan het of versuim het om daaraan te voldoen, tensy bewys gelewer word dat die rekeninghouer alle redelike stappe geneem het om sodanige oortreding of versuim deur enige ander persoon te voorkom, met dien verstande dat die feit dat die rekeninghouer opdrag aan die ander persoon gegee het nie in sigself aanvaar sal word as voldoende bewys dat die rekeninghouer alle sodanige stappe geneem het nie.
- (21) Die bepalings van hierdie artikel is ook van toepassing ten opsigte van gemeterde dienste wat direk deur die munisipaliteit aan rekeninghouers buite sy regsgebied voorsien word, nieteenstaande enigiets tot die teendeel in die voorwaardes wat sodanige voorsiening beheer, tensy andersins gespesifiseer in die kennisgewing gepubliseer ingevolge subartikel (17).
- (22) Indien handeling as 'n saak van dringendheid nodig is om die vermorsing van gemeterde dienste, vullis of riolering, skade aan eiendom, lewensgevaar of waterbesoedeling te voorkom, mag die munisipaliteit—
- (a) sonder vooraf kennis die voorsiening van gemeterde dienste aan enige perseel diskonnekteer; en
 - (b) sodanige perseel betree en noodsaaklike werk verrig, soos dit mag goeddink, en addisioneel per skriftelike kennisgewing van die rekeninghouer vereis om binne 'n gespesifiseerde periode sodanige verdere werk te verrig soos wat die munisipaliteit mag nodig ag.
- (23) Die munisipaliteit mag van die rekeninghouer die koste van enige werk onderneem ingevolge subartikel 22(b) verhaal waar sodanige werk onderneem was as gevolg van 'n onwettige handeling of versuim deur die rekeninghouer.
- (24) Voordat enige gemeterde of voorafbetaalde gemeterde voorsienings wat gediskonnekteer of beperk was weens nie-betaling herstel word, moet 'n rekeninghouer alle gelde en koste soos deur die munisipaliteit bepaal, betaal.
- (25) Die munisipaliteit mag op die skriftelike versoek van 'n rekeninghouer en op die datums versoek deur die rekeninghouer—
- (a) die toevoer van gemeterde dienste na die rekeninghouer se perseel diskonnekteer; en
 - (b) by betaling van die voorgeskrewe koste vir herstelling, die toevoer vir die voorsiening van sodanige dienste herstel.
- (26) Na diskonnektering vir nie-betaling van 'n rekening of 'n oortreding van enige van die bepalings van hierdie verordening, moet die voorgeskrewe gelde betaal word voordat 'n heraansluiting gemaak word.
- (27) Die volgende is van toepassing by die lees van krediet meters:
- (a) tensy andersins voorgeskryf, word krediet meters normaalweg gelees met intervalle van ongeveer een maand en die vaste of minimum koste verskuldig ingevolge die tarief word dienoreenkomstig bereken, en die munisipaliteit is nie verplig om enige aanpassings te maak ten opsigte van sodanige koste nie;
 - (b) indien die kredietmeter nie gelees kan word nie, vir watter rede ook al, mag die munisipaliteit 'n beraamde rekening lewer, en die beraamde verbruik moet aangepas word in 'n daaropvolgende rekening ooreenkomstig die hoeveelheid wat werklik verbruik is;
 - (c) wanneer 'n rekeninghouer 'n perseel ontruim en 'n finale lesing van die meter nie moontlik is nie, mag 'n beraming van die verbruik gemaak word en die finale rekening dienoreenkomstig gelewer word;
 - (d) indien 'n spesiale lesing van die meter deur 'n verbruiker verlang word, kan dit verkry word teen betaling van die voorgeskrewe gelde; en
 - (e) indien enige berekening, lesing of metingsfout gevind word ten opsigte van enige rekening wat aan 'n verbruiker gelewer is—
 - (i) moet die fout in daaropvolgende rekenings reggestel word;
 - (ii) is enige sodanige regstelling slegs van toepassing ten opsigte van rekeninge vir 'n tydperk van ses maande wat die datum waarop die fout op die rekeninge ontdek is, voorafgaan;
 - (iii) word die regstelling gebaseer op die werklike tariewe van toepassing gedurende die periode; en
 - (iv) verhoed die toepassing van hierdie artikel nie 'n verbruiker om oorbetalings vir enige langer tydperk terug te eis waar die verbruiker in staat is om die eis deur middel van die normale regsproses te bewys nie.

(28) Die volgende is van toepassing op voorafbetaalde metering:

- (a) geen terugbetaling van die bedrag wat aangebied is vir die koop van krediet vir elektrisiteit of water word by die verkooppunt gegee nadat die proses in aanvang geneem het vir die uitreiking van die voorafbetaalde meterbewys, met dien verstande dat hierdie artikel nie van toepassing sal wees op Standaard Oordrag Spesifikasie toerusting (SOS bewyse);
- (b) afskrifte van voorheen uitgereikte bewyse vir die oordrag van krediet na die voorafbetaalde meter mag op versoek van die verbruiker uitgereik word;
- (c) wanneer 'n rekeninghouer enige perseel ontruim waar 'n voorafbetaalde meter geïnstalleer is, word geen terugbetaling vir die oorblywende krediet op die meter deur die munisipaliteit aan die eienaar gemaak nie;
- (d) die munisipaliteit is nie aanspreeklik vir die herstelling van krediet op 'n voorafbetaalde meter wat verlore gegaan het weens peustering met, of die verkeerde gebruik of die misbruik van, voorafbetaalde meters of bewyse nie;
- (e) waar 'n rekeninghouer enige eiendomsbelasting, gemeterde dienste, ander munisipale koste, heffings, gelde, boetes, rente, belastings of enige ander bedrag of bedrae aan die munisipaliteit verskuldig is voortspruitend uit enige aanspreeklikheid of verpligting, mag die munisipaliteit 'n persentasie van die bedrag wat deur die rekeninghouer aangebied word, aftrek ter afflossing van die bedrag wat aan die munisipaliteit verskuldig is; en
- (f) die munisipaliteit mag verkopers aanstel vir die verkoop van krediet vir voorafbetaalde meters en waarborg nie die voortgesette bedryf van enige verkoper nie.

14. Herverkoop van water of elektrisiteit

- (1) Geen rekeninghouer aan wie gemeterde dienste ingevolge hierdie verordening voorsien word, mag water of elektrisiteit verkoop of voorsien aan enige ander persoon of persone vir sodanige gebruik op enige perseel anders as daardie ten opsigte waarvan sodanige ooreenkoms gemaak is, of toelaat of aanbied dat sodanige herverkoop of voorsiening gemaak word, tensy vooraf toestemming van die munisipaliteit verkry is.
- (2) Indien die munisipaliteit die toestemming ingevolge subartikel (1) verleen, mag dit die maksimum bedrag waarteen die water of elektrisiteit verkoop mag word bepaal en enige sodanige ander voorwaardes op lê soos wat dit nodig ag.
- (3) Die toestemming bedoel in subartikel (1) mag te enige tyd teruggetrek word
- (4) Waar water of elektrisiteit herverkoop word vir gebruik op dieselfde perseel, moet sodanige herverkoop in ooreenstemming wees met die tarief en onderhewig aan sodanige voorwaardes soos die munisipaliteit mag op lê.

Deel 4

Maatreëls vir armoedeverligting

15. Vereistes vir bystand aan hulpbehoewendes

- (1) Om te kwalifiseer vir hulpverlening moet die volgende vereistes nagekom word:
 - (a) die aansoeker moet 'n rekeninghouer wees;
 - (b) die aansoeker moet voor 'n datum soos deur die munisipaliteit bepaal, jaarliks, of met sodanige intervalle soos deur die munisipaliteit bepaal, aansoek doen vir die status om as 'n arm huishouding geklassifiseer te word, en vir hierdie doel moet—
 - (i) die voorgeskrewe vorms voltooi en onderteken; en
 - (ii) enige ander dokumentasie soos deur die munisipaliteit vereis, voorsien.
 - (c) die aansoeker mag nie die eienaar van meer as een eiendom wees nie en hy of sy moet die perseel okkupeer; en
 - (d) die gesamentlike huishoudelike inkomste mag nie die bedrag soos deur die munisipaliteit ingevolge subartikel (2) bepaal, oorskry nie;
- (2) Ten einde die gesamentlike huishoudelike inkomste soos beoog in subartikel (1)(d) te bepaal, mag die munisipaliteit 'n bedrag stipuleer, of 'n maksimum bedrag bepaal, gebaseer op een of meer van die volgende:
 - (a) waterverbruik;
 - (b) elektrisiteitsverbruik; of
 - (c) die munisipale waardasie van die eiendom, welke waardasie nie die waarde soos deur die munisipaliteit bepaal, mag oorskry nie.
- (3) In die geval van 'n huurder—
 - (a) moet die huurder persoonlik aansoek doen en mag slegs kwalifiseer vir die koste van elektrisiteit, water en vullis en rioleringsgelde, vir welke koste hy of sy 'n munisipale rekening moet ontvang; en
 - (b) die persoon wat die huur betaalbaar deur die huurder ontvang, hetsy vir die persoon se eie rekening of as agent vir enige ander persoon wat daarop geregtig is of 'n belang daarby het, is verantwoordelik vir eiendomsbelasting.
- (4) In die geval waar die rekeninghouer oorlede is, moet die bestaande en toekomstige rekeninge van die huishouding ingevolge die maatreëls vir bystand aan hulpbehoewendes aanvaar word, op voorwaarde dat slegs die oorlewende eggenoot of afhanklike kinders aansoek mag doen of baat.

16. Kredietverlening

- (1) Huishoudings wat kwalifiseer vir armoedeverligting maatreëls mag 'n krediet ontvang vir sommige of al die volgende soos bepaal deur die munisipaliteit:
 - (a) 'n hoeveelheid elektrisiteit plus basiese tarief;
 - (b) 'n hoeveelheid water plus basiese tarief;
 - (c) vullisverwyderingsgelde;
 - (d) rioleringsgelde;

- (e) belasting; of
 - (f) enige ander diensgelde, belasting of koste benewens die gelewerde dienste.
- (2) Die munisipaliteit het die reg om 'n aansoek vir armoedeverligting op 'n gereelde basis te heroorweeg en die eiendom gemeld in artikel 15(1)(c) te enige redelike tyd te besoek vir die doel om die inligting wat in die aansoek verstrekk is, te verifieer.
- (3) Die normale belasting, gelde en tariewe en die vereiste om 'n rekening te betaal sal van toepassing wees indien 'n huishoudelike rekening die verleende kredietperke soos deur die munisipaliteit goedgekeur, oorskry.
- (4) Waar dit vasgestel is dat armoedeverligting verleen is op die basis van die voorsiening van vals of bedrieglike inligting, mag die munisipaliteit sodanige verligting met onmiddellike effek terugtrek.

HOOFTUK 3

TARIEWE

Deel 1

Algemene beginsels, berekening van tariewe vir hoofdienste

17. Algemene beginsels

- (1) Die munisipaliteit aanvaar, onderhewig aan subartikel (14), artikels 20(3)(d) en (e) en 21(5)(d), 'n tweeledige tariefstruktuur bestaande uit 'n vaste beskikbaarheidsgeld gekoppel aan 'n geld gebaseer op verbruik welke tariewe gedurende die finansiële jaar aangepas mag word wanneer sodanige aanpassing vereis of goedgekeur word ingevolge nasionale of provinsiale wetgewing.
- (2) By die vasstelling van sy jaarlikse tariewe moet die munisipaliteit te alle tye in ag neem van die—
- (a) tariewe elders van toepassing in die ekonomiese streek; en
 - (b) impak wat sy eie tariewe op plaaslike ekonomiese ontwikkeling mag hê
- (3) Met die uitsondering van armoedeverligting maatreëls goedgekeur deur die munisipaliteit, moet dienste tariewe opgelê deur die munisipaliteit gesien word as gebruikersgelde en nie belasting nie, en die vermoë van die betrokke verbruiker of gebruiker van die dienste waarop sodanige tariewe betrekking het om vir sodanige dienste te betaal, mag nie as relevante kriteria beskou word nie.
- (4) Die munisipaliteit moet verseker dat sy tariewe eenvormig en billik regdeur die munisipale gebied toegepas word.
- (5) Tariewe vir die volgende dienste deur die munisipaliteit gelewer moet sover moontlik die koste verhaal wat met die lewering van elke betrokke diens gepaard gaan en, waar wenslik, 'n surplus lewer soos vasgestel in elke jaarlikse begroting:
- (a) elektrisiteitsvoorsiening;
 - (b) watervoorsiening;
 - (c) sanitasie dienste, ingesluit riool en afvalwater wegdoeningsdienste; en
 - (d) vullis (vaste afval) verwyderingsdienste; of
 - (e) enige ander dienste gelewer deur die munisipaliteit.
- (6) Die tarief wat 'n spesifieke verbruiker of gebruiker betaal, moet direk in verband staan met die standaard van die diens ontvang en die hoeveelheid van die betrokke diens gebruik of verbruik.
- (7) Die munisipaliteit moet jaarliks sy armoedeverligting maatreëls hersien soos beoog in artikels 15 en 16, en moet uiteensit die—
- (a) munisipaliteit se kosteverhalingsbeleid ten opsigte van die tariewe wat dit op geregistreerde hulpbehoewendes hef; en
 - (b) die implikasies van sodanige beleid vir die tariewe wat dit op ander gebruikers en verbruikers in die munisipale gebied oplê.
- (8) (a) Die munisipaliteit se tariefbeleid moet deursigtig wees.
- (b) Die mate waarin daar kruissubsidiëring tussen kategorieë van verbruikers of gebruikers is moet duidelik wees vir alle verbruikers of gebruikers van die betrokke diens.
- (9) Die munisipaliteit onderneem om—
- (a) te verseker dat sy tariewe verduidelik word aan en verstaan word deur alle verbruikers en gebruikers wat deur hierdie verordening geaffekteer word; en
 - (b) sy dienste koste-effektief te lewer ten einde die bes moontlike koste van dienslewering te verseker.
- (10) In die geval van direkte meetbare dienste, naamlik elektrisiteit en water, moet die verbruik van sodanige dienste behoorlik deur die munisipaliteit gemeter word, en meters moet waar omstandighede dit redelikerwys toelaat, op 'n maandelikse basis gelees en die gelde wat op verbruikers gehef word moet proporsioneel wees tot die hoeveelheid van die dienste wat deur hulle verbruik.
- (11) By die oorweging van die koste van sy water, elektrisiteit en rioleringsdienste, moet die munisipaliteit die hoë kapitaalkoste vir die instelling en uitbreiding van sodanige dienste en die gevolglike hoë vastekoste, teenoor die veranderlike bedryfskoste van daardie dienste, in aanmerking neem.
- (12) (a) Die munisipaliteit se tariewe vir elektrisiteitsdienste word vasgestel ten einde te verseker dat daardie verbruikers wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir spitsaanvraag en gevolglik vir die aangaan van die gepaardgaande aanvraaggelde van Eskom deur die munisipaliteit, die koste verbonde aan daardie gelde dra;
- (b) Vir doeleindes van paragraaf (a), moet die munisipaliteit aanvraag meters installeer om die maksimum vraag van sodanige verbruikers tydens sekere periodes te meet;
 - (c) Sodanige verbruikers moet die betrokke aanvraaggelde sowel as 'n diensgeld wat direk in verband staan met hul werklike verbruik van elektrisiteit gedurende die betrokke meteringperiode, betaal.

18. Berekening van tariewe vir hoofdienste

Ten einde die tariewe te bereken wat hef moet word vir die voorsiening van die dienste beoog in artikel 17(5), moet die munisipaliteit alle bedryfskoste van die betrokke ondernemings identifiseer, met spesifieke insluiting van die volgende:

- (a) koste van grootmaat aankope in die geval van water en elektrisiteit;
- (b) distribusie koste;
- (c) distribusie verliese in die geval van water en elektrisiteit;
- (d) depresiasie uitgawes;
- (e) onderhoud van infrastruktuur en ander vaste bates;
- (f) administrasie en dienskoste, insluitend—
 - (i) diensgelde hef deur ander departemente soos finansies, menslike hulpbronne en regsdiens;e;
 - (ii) billike algemene oorhoofse koste, soos die koste verbonde aan die kantoor van die munisipale bestuurder;
 - (iii) voldoende bydraes vir die voorsiening van slegte skulde en voorraad in onbruik; en
 - (iv) alle ander normale bedryfsuitgawes verbonde aan die betrokke diens, ingesluit in die geval van die elektrisiteitsdiens, die koste vir die voorsiening van straatbeligting in die munisipale gebied; en
- (g) die koste van armoedeverligting maatreëls.

Deel 2

Tariefstrukture vir hoofdienste, ondergeskikte tariewe

19. Tariefstrukture

- (1) Die munisipaliteit mag—
 - (a) die kilowatt-ure van elektrisiteit per maand en die kiloliter van water wat gratis voorsien sal word aan 'n verbruiker wat as 'n hulpbehoewende geregistreer is ingevolge artikel 15(1)(b), bepaal; en
 - (b) verligting oorweeg ten opsigte van die tariewe vir riolering en vullisverwydering vir sodanige geregistreerde hulpbehoewende in die mate waarin die raad sodanige verligting bekostigbaar beskou ingevolge elke jaarlikse begroting, met dien verstande dat sodanige verligting nie minder mag wees as 'n afslag soos bepaal deur die munisipaliteit nie.
- (2) Die tarief vir 'n voorafbetaalde meter is dieselfde as die gewone verbruikerstariewe hef op die kategorie van verbruiker betrokke, en geen beskikbaarheidsgelde word hef op 'n eiendom waar 'n voorafbetaalde meter geïnstalleer is nie.

20. Elektrisiteit

- (1) Die verskeie kategorieë van elektrisiteitsverbruikers, soos uiteengesit in subartikel (3), word hef teen die toepaslike tariewe, soos goedgekeur deur die munisipaliteit in elke jaarlikse begroting.
- (2) Onderhewig aan artikel 17(1), is tarief aanpassings effektief ten opsigte van Julie rekeninge elke jaar.
- (3) Kategorieë van verbruikers en gelde is soos volg:
 - (a) met die uitsondering van 'n geregistreerde hulpbehoewende, moet 'n verbruiker gefaktureer word vir alle elektrisiteit verbruik teen die tarief van toepassing op die kategorie waarin die betrokke verbruiker val;
 - (b) die tarief vir huishoudelike verbruik van elektrisiteit mag nie sodanige persentasie per kilowatt-ure, soos deur die munisipaliteit bepaal, van die tarief van toepassing op ander verbruikers oorskry nie en alle ander verbruikers, ingesluit besighede, nywerhede en institusionele verbruikers, moet dieselfde tarief per kilowatt-uur betaal;
 - (c) 'n huishoudelike elektrisiteitsverbruiker van die munisipaliteit wat as 'n hulpbehoewende by die munisipaliteit geregistreer is, moet die hoeveelheid kilowatt-ure van elektrisiteit soos bepaal ingevolge artikel 19(1), gratis ontvang;
 - (d) 'n huishoudelike elektrisiteitsverbruiker anders as 'n geregistreerde hulpbehoewende en sub-ekonomiese (Staatsgesubsidiëerde behuising) verbruiker moet addisioneel 'n beskikbaarheidsgeld per geïnstalleerde meter, gefaktureer word;
 - (e) 'n kommersiële, nywerheid en ander nie-huishoudelike eiendom moet addisioneel 'n maandelikse beskikbaarheidsgeld per geïnstalleerde meter, en waar van toepassing, 'n aanvraaggeld toepaslik tot sy onderskeie vlakke van verbruik, gefaktureer word.

21. Water

- (1) Die kategorieë van water verbruikers, soos uiteengesit in subartikel (5), word hef teen die toepaslike tariewe, soos goedgekeur deur die munisipaliteit in elke jaarlikse begroting.
- (2) Onderhewig aan artikel 17(1), is tarief aanpassings effektief ten opsigte van Julie rekeninge elke jaar.
- (3) Die tarief hef vir huishoudelike verbruik van water vermeerder in ooreenstemming met die volume water verbruik, en sal gebaseer word op 'n maandelikse verbruik soos bepaal deur die munisipaliteit.
- (4) Die tarief vir nie-huishoudelike water verbruik word gebaseer op 'n enkeltarief per kiloliter verbruik, ongeag van die volume van verbruik betrokke.
- (5) Kategorieë van verbruikers en gelde is soos volg:
 - (a) 'n huishoudelike water verbruiker geregistreer as 'n hulpbehoewende by die munisipaliteit moet die eerste ses kiloliter water verbruik gratis ontvang;
 - (b) alle ander verbruikers word vir werklike water verbruik teen 'n traptarief per kiloliter hef soos bepaal deur die munisipaliteit;
 - (c) die tarief van toepassing op huishoudelike verbruik van water mag nie sodanige persentasie per kiloliter, soos deur die munisipaliteit bepaal, van die tarief van toepassing op ander verbruikers oorskry nie en alle ander verbruikers, ingesluit besighede, nywerhede en institusionele verbruikers, moet die tarief beoog in subartikel (4) betaal;

(d) 'n beskikbaarheidsgeld per watermeter, soos bepaal deur die munisipaliteit, word gehef op 'n waterverbruiker.

22. Vullisverwydering

(1) Die kategorieë van vullisverwydering gebruikers, soos uiteengesit in subartikel (3), word gehef teen die toepaslike tariewe, soos goedgekeur deur die munisipaliteit in elke jaarlikse begroting.

(2) Onderhewig aan artikel 17(1), is tarief aanpassings effektief ten opsigte van Julie rekening elke jaar.

(3) 'n Aparte vaste maandelikse vullisverwyderingsgeld is van toepassing op elk van die volgende kategorieë van gebruikers, gebaseer op die koste van die diens betrokke:

- (a) huishoudelike en ander gebruikers, waar vullis deur die munisipaliteit eenmaal per week verwyder word; en
- (b) besighede en ander gebruikers, waar vullis deur die munisipaliteit twee maal per week verwyder word;
- (c) besighede en ander gebruikers, waar vullis deur die munisipaliteit drie maal per week verwyder word;
- (d) besighede en ander grootmaat gebruikers.

(4) 'n Geregistreeerde hulpbehoewende mag 'n afslag op sy gelde ontvang in die mate waarin die munisipaliteit dit bekostigbaar beskou wanneer elke jaarlikse begroting goedgekeur word, welke afslag nie minder mag wees as die persentasie, soos bepaal deur die munisipaliteit, van die maandelikse bedrag gefaktureer as 'n vullisverwyderingsgeld.

23. Riolering

(1) Die kategorieë van riolering gebruikers, soos uiteengesit in subartikel (3), word per maand gehef teen die toepaslike tariewe soos goedgekeur deur die munisipaliteit in elke jaarlikse begroting.

(2) Onderhewig aan artikel 17(1), is tarief aanpassings effektief ten opsigte van Julie rekening elke jaar.

(3) Kategorieë van verbruikers en gelde is soos volg:

- (a) 'n beskikbaarheidsgeld word per maand of jaarliks gehef vir 'n onontwikkelde erf, ongeag sy toelaatbare of voorgestelde gebruik;
- (b) 'n vaste maandelikse geld gebaseer op die koste van die diens word gehef per emmerverwydering vir 'n huishoudelike gebruiker, met dien verstande dat 'n geregistreeerde hulpbehoewende sodanige afslag op sy gelde mag ontvang in die mate waarin die munisipaliteit dit bekostigbaar beskou wanneer elke jaarlikse begroting goedgekeur word, welke afslag nie minder mag wees as die persentasie, soos bepaal deur die munisipaliteit, van die maandelikse bedrag gefaktureer vir die diens;
- (c) 'n vaste maandelikse geld gebaseer op die koste van die diens word gehef vir 'n huishoudelike gebruiker, met dien verstande dat 'n geregistreeerde hulpbehoewende sodanige afslag op hierdie gelde mag ontvang in die mate waarin die munisipaliteit dit bekostigbaar beskou wanneer elke jaarlikse begroting goedgekeur word, welke afslag nie minder mag wees as die persentasie, soos bepaal deur die munisipaliteit, van die maandelikse bedrag gefaktureer vir die diens;
- (d) 'n vaste maandelikse geld gebaseer op die koste van die diens per rioleringspunt of toilet word gehef op alle besighede, nywerhede en instusionele gebruikers;
- (e) 'n afvoergeld is betaalbaar deur 'n fabriek en ander nywerheidsgebruiker waar die afvalwater afkomstig van sodanige gebruiker spesiale purifikasie maatreëls deur die munisipaliteit vereis, en die geld word gebaseer op die toksiese inhoud van die afvalwater betrokke en die koste van die purifikasie;
- (f) 'n geld, gebaseer op die koste van die diens vir die leegmaak van 'n septiese tenk, sal gehef word vir elke besoek om die septiese tenk leeg te maak op die perseel van 'n persoon wat sodanige diens vereis.

24. Ondergeskikte tariewe

(1) Alle ondergeskikte tariewe word gestandaardiseer binne die munisipale gebied.

(2) Alle ondergeskikte tariewe word deur die munisipaliteit goedgekeur in elke jaarlikse begroting en word, wanneer geag toepaslik te wees deur die munisipaliteit, gesubsidieer deur eiendomsbelasting en algemene inkomste, veral wanneer die—

- (a) tariewe onekonomies is wanneer gehef om die koste van die diens betrokke te dek;
- (b) koste nie akkuraat bepaal kan word nie; of
- (c) tariewe ontwerp is om bloot te reguleer in plaas van om die gebruik van die betrokke diens of gerief te finansier.

(3) Tensy daar afdwingende redes is waarom sodanige aanpassing nie ingestel kan word nie, word alle ondergeskikte tariewe waaroor die munisipaliteit volle beheer het en wat nie direk in verband staan met die koste van 'n bepaalde diens nie, jaarliks ten minste met die heersende verbruikersprysindeks, aangepas.

(4) Die volgende dienste is gesubsidieerde dienste, en die tariewe gehef dek 50%, of so na as moontlik aan 50%, van die jaarlikse begrote bedryfsuitgawes vir die betrokke diens:

- (a) begrawing dienste en die voorsiening van begraafplase; en
- (b) die voorsiening van munisipale sportfasiliteite vir gebruik teen gelde.

(5) Die volgende dienste word geag gemeenskapsdienste te wees, en geen tariewe word vir die gebruik daarvan gehef nie:

- (a) 'n munisipale swembad;
- (b) 'n munisipale museum en kunsgalery;
- (c) die wegdoening van tuinvullis by die munisipale stortingsterrein;
- (d) 'n munisipale verwysingsbiblioteek;
- (e) 'n munisipale leningsbiblioteek, behalwe vir boetes bepaal;
- (f) 'n munisipale botaniese tuin, ander parke en openbare ruimtes;

- (6) Die volgende dienste word geag ekonomiese dienste te wees, en die tariewe gehef dek 100%, of so na as moontlik aan 100%, van die jaarlikse begrote bedryfsuitgawes vir die betrokke diens:
- die instandhouding van grafte, tuine van herinnering en krematoria teen betaling van gelde;
 - die beskikbaarstelling van 'n huis teen betaling van 'n behuisingshuur;
 - onderhewig aan subartikel (9), die gebruik van 'n munisipale saal en ander persele teen betaling van gelde;
 - die voorsiening van 'n bouplan teen betaling van gelde;
 - die verkoop van—
 - plastiese vullissakke;
 - vullishouers; of
 - lewendehawe en plante;
 - die skoonmaak van pawiljoene teen betaling van gelde;
 - die aansluiting van elektrisiteit, water en riolering teen betaling van aansluitingsgelde;
 - die fotostatering van afskrifte teen betaling van gelde; en
 - die uitreiking van 'n uitklaringsertifikaat teen betaling van gelde.
- (7) Die volgende gelde en tariewe word geag as regulerend of straffend, en word bepaal soos toepaslik in elke jaarlikse begroting:
- boetes vir verlore of laat biblioteekboeke;
 - advertensieteken gelde;
 - skutgelde;
 - diskonneksie en heraansluiting gelde vir elektrisiteit en water;
 - straf en ander gelde opgelê ingevolge Hoofstukke 1 en 2; en
 - strafgelde vir die voorlegging van geweierde, verouderde, vooruitgedateerde of andersins onaanvaarbare tjeks.
- (8) Die verhuring van munisipale eiendom moet mee gehandel word ingevolge die munisipaliteit se Voorkeurverkryging Bestuur Regulasies of Beleid.
- (9) Indien die munisipale bestuurder tevrede is, in die geval van 'n huur vir die gebruik van 'n munisipale saal en perseel, dat die saal of perseel benodig word vir nie-winsmaking doeleindes en vir die voorsiening van 'n diens aan die gemeenskap, mag die munisipale bestuurder die betrokke huur kwytsteld.
- (10) Die munisipale bestuurder moet bepaal of 'n vrywaring of waarborg voorsien moet word, of 'n deposito betaal moet word, vir die huur van die munisipale saal, persele of sportgronde, en moet in sodanige bepaling gelei word deur die moontlikheid dat die munisipaliteit skade mag lei as gevolg van die gebruik van die betrokke fasiliteite.
- (11) Die koste van die demokratiese proses in die munisipaliteit soos, maar nie beperk nie tot, alle uitgawes gepaardgaande met die politieke strukture van die munisipaliteit, vorm deel van die uitgawes wat uit eiendomsbelasting en algemene inkomste gefinansier moet word, en word nie ingesluit in die koste van die hoofdienste van die munisipaliteit nie.

HOOFSTUK 4

EIENDOMSBELASTING

25. Heffing van eiendomsbelasting

- (1) Die munisipaliteit moet, as deel van elke jaarlikse bedryfsbegrotingskomponent, 'n belasting in die rand op die waarde van alle belasbare eiendom soos aangeteken in die munisipaliteit se waardasielys en aanvullende waardasielys, oplê.
- (2) Wanneer die belasting vir elke finansiële jaar opgelê word, moet die munisipaliteit behoorlik ag neem van die—
- gesamentlike las van belasting en diensgelde op eienaars van eiendom in die verskillende kategorieë van eiendomseienaarskap; en
 - mate waarin hierdie las kompetend is of bly met die vergelykbare laste in ander munisipaliteite binne die plaaslike ekonomiese gebied.

26. Korting op eiendomsbelasting

- (1) Die munisipaliteit mag kortings toestaan ter erkenning van die volgende faktore:
- die onvermoë van eienaars van residensiële eiendom om die las van belasting te verplaas, teenoor die vermoë van die eienaars van besighede, kommersiële, industriële en sekere ander eiendomme om sodanige belasting te verhaal as deel van die uitgawes met betrekking tot die goedere en dienste wat hulle produseer;
 - die nodigheid om hulpbehoewendes en minder goeie pensionarisse te akkommodeer;
 - die dienste voorsien aan die gemeenskap deur openbare diensorganisasies;
 - die waarde van landbou aktiwiteite tot die ekonomie gekoppel aan die beperkte munisipale dienste beskikbaar aan sodanige aktiwiteite, maar ook in aanmerking geneem die munisipale dienste wat voorsien word aan munisipale inwoners wat in sodanige aktiwiteite se diens is;
 - die nodigheid om die kulturele erfenis van die plaaslike ekonomie te bewaar;
 - die nodigheid om die uitbreiding van openbare diensinfrastruktuur aan te moedig; en
 - die onmisbare bydrae wat eiendom ontwikkelaars maak, veral met betrekking tot kommersiële en industriële eiendomsontwikkeling, tot plaaslike ekonomiese ontwikkeling, en die voortgesette nodigheid om sodanige ontwikkeling aan te moedig.
- (2) Die munisipale bestuurder moet, onderhewig aan artikels 15(3) en 15(4) van die Wet op Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004), verseker

dat kortings aangetoon word op die belasting rekeninge wat aan elke eiendom gestuur word.

(3) Die munisipaliteit mag eiendomme kategoriseer en kortings soos deur dit bepaal, toestaan.

(4) By vasstelling of 'n eiendom deel vorm van 'n bepaalde kategorie beoog in subartikel (3), moet die munisipaliteit die werklike gebruik waarvoor die betrokke eiendom aangewend word in aanmerking neem, en in die geval van vakante grond wat nie spesifiek in enige van die kategorieë ingesluit is nie, bepaal die toelaatbare gebruik van die eiendom die kategorie waarin dit ressorteer.

(5) Die kortings toegestaan ingevolge subartikel (3) is van toepassing addisioneel tot die bepalings van artikel 17(1)(h) van die Wet op Eiendomsbelasting, 2004.

(6) (a) Onderhewig aan die bepalings van artikel 9 van die Wet op Eiendomsbelasting, 2004, word 'n eiendom, anders as 'n eiendom vermeld in artikel 17(1)(h)(i) van daardie Wet, belas op die waarde toegewys aan elke komponent, en ontvang die korting van toepassing op sodanige komponent.

(b) Waar een komponent op gemiddelde 'n hoër persentasie, as dit bepaal deur die munisipaliteit, van die eiendom se werklike grootte verteenwoordig, moet sodanige eiendom belas word asof dit aangewend word vir daardie gebruik alleen.

27. Aanpassing van eiendomsbelasting

(1) Waar die belastings hef op 'n bepaalde eiendom verkeerdlik vasgestel is, of dit as gevolg is van—

(a) 'n fout of oorsig aan die kant van die munisipaliteit;

(b) valse inligting voorsien deur die eienaar van die betrokke eiendom; of

(c) 'n oortreding van die toelaatbare gebruik waarvoor die betrokke eiendom aangewend mag word,

moet die belastings betaalbaar toepaslik aangepas word vir die periode vanaf die datum waarop die fout of oorsig ontdek is terugwerkend tot die datum waarop belastings vir die eerste keer hef is ingevolge die huidige waardasielys.

(2) Waar die fout ontstaan het soos beoog in subartikels (1)(b) en (c), moet rente hef word op die onbetaalde deel van die aangepaste belastings betaalbaar teen die maksimum koers wat toelaatbaar is ingevolge heersende wetgewing.

28. Frekwensie van waardasies

Onderhewig aan die bepalings van artikels 32 en 77 van die Wet op Eiendomsbelasting, 2004 moet die munisipaliteit 'n nuwe waardasielys elke drie jaar, en aanvullende waardasielys elke ses maande, voorberei.

HOOFSTUK 5

UITVOERING

29. Munisipaliteit se bevoegdheid om dienste te beperk of te diskonnekteer

Die munisipaliteit mag, benewens die voorwaardes van enige ander bepalings van hierdie verordening, die voorsiening van water en elektrisiteit beperk of diskonnekteer, of enige ander diens na enige perseel staak indien—

(a) 'n administrasiebevel ten opsigte van 'n rekeninghouer toegestaan word ingevolge artikel 74 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 37 van 1944), met dien verstande verder dat sodanige dienste slegs opgeskort sal word indien die rekeninghouer in gebreke bly om gereelde betalings ten opsigte van die huidige dienste te maak;

(b) 'n rekeninghouer van enige diens versuim om aan 'n voorwaarde vir voorsiening opgelê deur die munisipaliteit te voldoen;

(c) 'n rekeninghouer die doeltreffende voorsiening van elektrisiteit, water of enige ander munisipale diens aan 'n ander rekeninghouer verhinder;

(d) 'n rekeninghouer sodanige munisipale dienste aan enige persoon wat nie daarop geregtig is nie, voorsien of toelaat dat sodanige diens voortgesit word;

(e) 'n rekeninghouer 'n situasie laat ontstaan wat gevaarlik is of 'n oortreding van tersaaklike wetgewing is; of

(f) 'n rekeninghouer onder voorlopige registrasie, likwidasie of geregtelike bestuur geplaas word, of 'n daad van insolvensie pleeg ingevolge die Insolvensiewet, 1936 (Wet 24 van 1936).

30. Peutering, ongemagtigde aansluitings en heraansluitings en wederregtelike gebruik

(1) Die munisipaliteit behou die reg voor om die dienste netwerk te monitor vir tekens van peutering of onreëlmatighede.

(2) Geen persoon mag op enige wyse of vir enige rede met enige meter of metertoerusting of dienste aansluiting of dienstebeskermingsapparaat of toevoer kragpunt of enige ander toerusting van die munisipaliteit peuter of daarmee inmeng nie.

(3) Waar bewys bestaan dat 'n rekeninghouer of enige persoon subartikel (2) oortree het, het die munisipaliteit die reg om die toevoer onmiddellik en sonder vooraf kennisgewing aan die rekeninghouer te diskonnekteer, en die rekeninghouer is aanspreeklik vir alle gelde en koste wat deur die munisipaliteit vir sodanige diskonneksie hef word.

(4) Waar 'n rekeninghouer of enige persoon subartikel (2) oortree en sodanige oortreding het tot gevolg dat die meter minder as die ware verbruik registreer, is die munisipaliteit daarop geregtig om van die rekeninghouer die volle koste van sy of haar beraamde verbruik te verhaal.

31. Uitklaringsertifikaat

Ten einde uitvoering te gee aan die oordrag van enige onroerende eiendom van een geregistreerde eienaar aan 'n ander, vereis die Registrateur van Aktes 'n uitklaringsertifikaat, welke sertifikaat van die munisipale bestuurder verkrygbaar is teen betaling van die voorgeskrewe gelde en onderhewig aan die nakoming van die voorwaardes van artikel 118 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000).

32. Tenders en hulptoelaes

(1) Elke tender wat aan die munisipaliteit voorgelê word moet vergesel wees van 'n sertifikaat deur die munisipaliteit wat verklaar dat die voornemende verskaffer/diensvoorsiener geen agterstallige bedrag wat op die munisipale rekening aangedui word, aan die munisipaliteit verskuldig is nie.

(2) Indien 'n voornemende verskaffer/diensvoorsiener sodanig verskuldig is, mag die munisipaliteit die tender afwys.

(3) Die munisipaliteit mag slegs 'n tender oorweeg wanneer die voornemende verskaffer/diensvoorsiener bevredigende reëlins getref het om die

verskuldigde bedrag te betaal deur middel van paaiemente, of al die agterstallige bedrae ten volle vereffen het.

(4) Die munisipale bestuurder of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die munisipaliteit moet in die kontrakvoorwaardes voorsiening maak vir die aftrekking van gelde wat aan die verskaffer/diensvoorsiener verskuldig is, ten einde enige uitstaande bedrag te vereffen.

(5) Betaling van enige hulptoelae wat deur die munisipaliteit goedgekeur is mag teruggehou word hangende die betaling van enige uitstaande munisipale rekening, of hangende 'n ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die ontvanger van 'n hulptoelae waarin bevredigende reëlins getref word vir die vereffening van die uitstaande munisipale rekening.

33. Bevoegdheid van raad om koste te verhaal

(1) Waar 'n bank enige betaling wat aan die munisipaliteit gemaak is weier, mag die munisipaliteit teen 'n rekening van die wanbetalende rekeninghouer 'n heffing en alle verwante koste en enige administrasiegelde verhaal, en mag die toevoer aan die perseel van sodanige rekeninghouer diskonnekteer of beperk.

(2) Alle regskoste, uitgesluit prokureur-en-kliënt koste wat aangegaan is vir die verhaling van agterstallige bedrae en betaalbaar ingevolge die Wet op Landdroshoue, 1944 (Wet 32 van 1944), moet teen die agterstallige rekening van die rekeninghouer gehel word.

(3) Vir enige stappe geneem om betaling van 'n rekeninghouer te eis of 'n rekeninghouer daaraan te herinner by wyse van telefoon, faks, elektroniese pos, brief of andersins dat betalings verskuldig is, sal gelde gehel word teen die munisipale rekening van die rekeninghouer ingevolge die munisipaliteit se tariefbeleid.

34. Prima facie bewys

'n Sertifikaat wat die bedrag aantoon wat aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is, geteken deur die munisipale bestuurder, is deur die blote toon daarvan prima facie bewys van die skuldels van die persoon wat daarin genoem word.

35. Afskryf van slegte skulde, en volle en finale vereffening van 'n rekening

(1) Voordat die skuldinvorderingsprosedure in enige individuele geval gestaak word, moet die munisipale bestuurder—

- (a) seker maak dat alle skuldinvorderingsmeganismes soos voorsien in artikel 11 redelikerwys benut is;
- (b) 'n oudit rekord in stand hou; en
- (c) die redes vir die staking van die skuldinvorderingsprosedure, insluitende die koste van uitvoering en die nodige finansiële aanpassings, dokumenteer.

(2) Die munisipale bestuurder mag 'n aanbod vir volle en finale vereffening oorweeg, en moet, indien dit in die belang van die munisipaliteit is, skriftelik instem tot die aanvaarding van 'n kleiner bedrag as die volle en finale vereffening van die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is.

(3) Waar die presiese bedrag wat aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is nie ten volle betaal is nie, sal enige kleiner bedrag wat aan enige munisipale werknemer, behalwe die munisipale bestuurder, aangebied en aanvaar is, nie geag word as volle en finale vereffening van sodanige bedrag nie.

36. Reg van toegang en inspeksie

(1) 'n Behoorlik gemagtigde verteenwoordiger van die munisipaliteit mag vir enige rede met betrekking tot die implementering of toepassing van hierdie verordening te alle redelike tye of enige tyd tydens 'n noodgeval, 'n perseel binnegaan, inligting versoek en sodanige inspeksie soos nodig mag wees, uitvoer, en mag vir doeleindes van installering of herstel van enige meter of dienstoeveraansluiting die voorsiening van enige diens diskonnekteer, staak of beperk.

(2) Indien die munisipaliteit dit nodig ag dat werk gedoen moet word ten einde 'n beampte in staat te stel om 'n funksie vermeld in subartikel (1) behoorlik en effektief uit te voer, mag die munisipaliteit—

- (a) per skriftelike kennisgewing van 'n rekeninghouer vereis om op eie onkoste bepaalde werk binne 'n bepaalde tydperk te doen; of
- (b) indien die situasie 'n saak van dringendheid is, sonder vooraf kennisgewing en op die koste van die rekeninghouer sodanige werk doen of laat doen.

(3) Indien die werk vermeld in subartikel (2) verrig word vir die uitsluitlike doel om vas te stel of 'n oortreding van hierdie verordening begaan is en geen sodanige oortreding plaasgevind het nie, moet die munisipaliteit die koste daaraan verbonde dra tesame met die koste om die perseel tot sy vorige staat te herstel.

37. Magtiging en betekening van bevel, kennisgewings en ander dokumente

(1) Enige bevel, kennisgewing of ander dokument wat deur die munisipaliteit gemagtig moet word, moet deur die munisipale bestuurder geteken word, en wanneer uitgereik deur die munisipaliteit ingevolge hierdie verordening, word dit geag behoorlik uitgereik te wees indien dit geteken is deur 'n beampte deur die munisipaliteit daartoe gemagtig.

(2) Enige kennisgewing of ander dokument wat op 'n persoon beteken word deur 'n behoorlik gemagtigde beampte van die munisipaliteit ingevolge hierdie verordeninge, word as beteken geag—

- (a) wanneer dit persoonlik aan daardie persoon gelewer is;
- (b) wanneer dit by daardie persoon se woonplek of sakeperseel binne die Republiek gelaat is by 'n persoon wat oënskynlik ouer as sestig jaar is;
- (c) wanneer dit per geregistreerde of gesertifiseerde pos na daardie persoon se laaste bekende woon- of sakeadres binne die Republiek versend is en 'n erkenning van so 'n versending van die posdienste verkry is;
- (d) indien so 'n persoon se adres binne die Republiek onbekend is, wanneer dit op daardie persoon se agent of verteenwoordiger binne die Republiek beteken is op die wyse soos voorsien in paragrafe (a), (b) of (c);
- (e) indien daardie persoon se adres en agent of verteenwoordiger binne die Republiek onbekend is, wanneer dit op 'n opsigtelike plek op die eiendom of perseel, indien enige, waarop dit betrekking het, geplaas is;
- (f) in die geval van 'n beheerliggaam, wanneer dit by die geregistreerde kantoor van die sakeperseel van sodanige beheerliggaam aan 'n persoon oënskynlik ouer as 16 jaar gelewer is;
- (g) wanneer dit, op versoek van 'n persoon, aan daardie persoon se elektroniese posadres gelewer is.

(3) Wanneer enige kennisgewing of enige dokument op die eienaar, 'n rekeninghouer of die houer van enige eiendom of reg in enige eiendom, beteken moet word, is dit voldoende indien daardie persoon in die kennisgewing of ander dokument as die eienaar, rekeninghouer of houer van die eiendom of reg betrokke, beskryf word, en is dit nie nodig om die naam van daardie persoon te noem nie.

(4) Betekening van 'n afskrif word geag die betekening van die oorspronklike te wees.

(5) Enige regsproses word effektief en voldoende op die munisipaliteit beteken wanneer dit aan die munisipale bestuurder of 'n persoon aanwesig in die kantoor van die munisipale bestuurder, gelewer is.

HOOFSTUK 6 ALGEMENE BEPALINGS

38. Reg tot appèl

'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit van die munisipaliteit mag teen sodanige besluit appelleer ingevolge artikel 62 die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) deur skriftelike kennisgewing van die appèl en die redes daarvoor binne 21 dae vanaf die datum van bekendmaking van die besluit, aan die munisipale bestuurder te gee.

39. Misdrywe en strawwe

'n Persoon is, by skuldigebevinding, en onderhewig aan die strawwe voorgeskryf in enige ander wet, aanspreeklik vir 'n boete, of by gebrek van betaling tot gevangenisstraf, of tot sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of beide sodanige boete en gevangenisstraf, en in die geval van 'n opvolgende of herhaalde oortreding, tot 'n boete vir elke dag wat sodanige oortreding voortduur, of by gebrek van betaling daarvan, tot gevangenisstraf, indien hy of sy—

- (a) versuim om toegang aan 'n beampte te verleen ingevolge artikel 36;
- (b) 'n beampte verhinder of belemmer in die uitvoering van sy of haar magte of die uitoefening van funksies of pligte kragtens hierdie verordening;
- (c) die munisipaliteit se toerusting vir die verbruik van dienstevoorsiening gebruik of daarmee inmeng;
- (d) versuim of weier om sodanige inligting aan die munisipaliteit of 'n beampte te voorsien wat redelikerwys deur die munisipaliteit of die beampte vereis mag word in die uitvoering van die magte of funksies ingevolge hierdie verordening, of valse of misleidende inligting aan die munisipaliteit of die beampte voorsien in die wete dat dit vals of misleidend is;
- (e) versuim om te voldoen aan die voorwaardes van 'n kennisgewing wat op hom of haar beteken is ingevolge hierdie verordening; of
- (f) peuter met of enige seël op 'n meter of op enige toerusting wat aan die munisipaliteit behoort, breek of vir enige rede veroorsaak dat 'n meter nie die dienste behoorlik registreer nie, en die persoon sal verder aangeslaan word vir die gebruik van water of elektrisiteit, soos die geval mag wees.

40. Herroeping van verordeninge

Die volgende verordeninge word hiermee herroep:

- (a) Enige verordeninge voorheen uitgevaardig deur die munisipaliteit of enige van die afgeskafde munisipaliteite wat nou by die munisipaliteit ingelyf is, in so ver dit betrekking het op enige aangeleenthede waarvoor in hierdie verordeninge voorsiening gemaak word; en
- (b) enige verordening voorheen uitgevaardig deur die munisipaliteit of enige van sy voorgangers, in so ver dit van toepassing gemaak is op die munisipaliteit deur die magtiging vir die uitoefening van magte en funksies ingevolge artikel 84(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998).

40. Korttitel en inwerkingtrede

Hierdie verordening mag aangehaal word as die Klantesorg en Inkomstebestuur Verordening en tree in werking op die datum van publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

16 Januarie 2009

33469

HESSEQUA MUNICIPALITY FIREWORKS BY-LAW

Under the provisions of section 156 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, the Hessequa Municipality, enacts as follows:—

Table of contents

1. Definitions
2. Principles and objectives
3. Designation of places
4. Discharge of fireworks
5. Seizure of fireworks
6. Offences and penalties
7. Revocation of by-laws
8. Short title and commencement

1. Definitions

In this By-law, unless the context indicates otherwise:

“designated area” means a place designated as such in terms of Section 3;

“**fireworks**” shall have the meaning assigned thereto in the Explosives Act, Act 26 of 1956, as amended, and the Regulations framed there under, and shall include any article or thing commonly recognized as a firework;

“**municipality**” means the Hessequa Municipality, and includes any political structure, political office bearer, duly authorised agent thereof, or a service provider fulfilling a responsibility under this by-law assigned to it in terms of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) or any other law, as the case may be, or any employee thereof acting in connection with this by-law by virtue of a power vested in the municipality and delegated, to such political structure, political office bearer, agent or employee;

“**peace officer**” shall have the meaning assigned thereto in the Criminal Procedure Act 51 of 1977, in respect of persons authorized by the municipality to enforce the provisions of this By-law;

“**public place**” means any square, park, recreation ground, beach, sports ground, sanitary lane or open space which has—

- (a) been provided, reserved or set apart for use by the public or at any time been dedicated to the public;
- (b) been used by the public without interruption for a period of at least thirty years; or at any time been declared or rendered such by the municipality or other competent authority; and

“**street**” means any street, road, cycle path, thoroughfare or any other place, including—

- (a) the verge of any such road, street or thoroughfare;
- (b) any footpath, sidewalk or similar pedestrian portion of a road reserve;
- (c) any bridge, ferry or drift traversed by any such road, street or thoroughfare;
- (d) any other object belonging to such road, street or thoroughfare, which has at any time been—
 - (i) dedicated to the public;
 - (ii) used without interruption by the public for a period of at least thirty years;
 - (iii) declared or rendered such by the municipality or other competent authority, or
 - (iv) constructed by a local authority, and
 - (v) any land, with or without buildings or structures thereon, which is shown as a street on—
 - (aa) any plan of subdivision or diagram approved by the municipality or other competent authority and acted upon, or
 - (bb) any general plan as defined in the Land Survey Act, 1927, registered or filed in a deeds registry or Surveyor General’s office; unless such land is on such plan or diagram described as a private street.

2. Principles and objectives

The municipality, aware of its duty to provide a safe and healthy environment, in this by-law regulates the discharge of fireworks with the aim of safeguarding its residents and property and to minimize the effects of fireworks on animals and pets.

3. Designation of places and conditions

- (1) The municipality may designate any public place or street or any part thereof within the municipal area as the only place at which fireworks may be discharged.
- (2) The municipality may, on application of the owner of lawful occupier of any Private Open Space as defined in the applicable Zoning Scheme Regulations in its area of jurisdiction, designate such Private Open Space as a place where fireworks may be discharged.
- (3) The list of places designated in terms of subsections (1) and (2) or any amendment thereof must be published by the municipality in terms of its communication strategy.
- (4) The municipality may impose conditions as to the dates on which, periods of time and hours when the discharge of fireworks may take place in any designated area and may further impose conditions as to the manner of discharge.
- (5) A person who fails to comply with any condition imposed in terms of subsection (4) commits an offence.

4. Discharge of fireworks

- (1) No person may discharge any fireworks outside an area designated by the municipality in terms of Section 3.
- (2) A person who contravenes subsections (1) commits an offence.

5. Seizure of fireworks

HOOFSTUK 5: BEVOEGDHEDE VAN GEMAGTIGDE BEAMPTES

13. Bevoegdhede van gemagtigde beamptes

14. Delegasie van bevoegdhede

15. Verwydering van bote van riviere

HOOFSTUK 6: HUISBOTE

16. Huisbote

HOOFSTUK 7: BESONDERE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN SEKERE RIVIERE

17. Bestuursplanne vir riviere

HOOFSTUK 8: ALGEMENE BEPALINGS

18. Vrystelling van aanspreeklikheid
 19. Vrystelling van bepalings
 20. Appèl
 21. Strawwe
 22. Herroeping van verordeninge
 23. Kort titel en inwerkingtrede

BYLAE 1: TOERUSTING WAT OP BOTE EN VAARTUIE MOET WEES

1. In hierdie verordeninge, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

“boot” of “vaartuig” enige vervoer wat op of in water kan dryf of ontwerp is om op of in water te navigeer, insluitende, maar nie beperk nie tot, ’n seilboot, seilbord, waterponie, vissersboot, platboomskuit, pont, huisboot, plesierboot, waterfiets en vlot;

“boeg” die voorkant van die vaartuig;

“verordening” hierdie verordening en enige wysigings daaraan;

“keerdatum” 30 Junie van elke jaar of sodanige ander datum soos deur die munisipaliteit bepaal;

“stuurman” ’n persoon wat ’n boot of vaartuig stuur of in beheer is daarvan;

“huisboot” enige vaartuig of boot, ongeag of dit op eie krag aangedryf word, wat deur meer as een persoon geokkupeer kan word, toegerus is met akkommodasiegeriewe vir die dag of nag en waarop geriewe vir die voorbereiding van kos asook toilette of wasgeriewe voorsien word, maar sluit ’n seilboot en ’n kajuitboot wat nie met ablusie- of kookgeriewe toegerus is nie, uit;

“gelisensieërde” die persoon in wie se naam ’n boot of vaartuig geregistreer is soos deur hierdie verordening vereis;

“gemagtigde beampte” enige persoon wat deur die munisipaliteit gemagtig is om die funksies van ’n gemagtigde beampte ingevolge hierdie verordening uit te oefen or ’n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie;

“munisipaliteit” beteken die Hessequa Munisipaliteit wat ingevolge Artikel 12 van die Wet op Munisipale Strukture, 117 van 1998, daargestel is en sluit alle politieke strukture, politieke ampsdraers, raadslede, behoorlik gemagtigde agente of alle werknemers in wat ingevolge hierdie verordening optree uit hoofde van ’n bevoegdheid wat by die munisipaliteit berus en aan sodanige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid, agent of werknemer gedelegeer of gesubdelegeer is;

“munisipale bestuurder” die munisipale bestuurder van die munisipaliteit;

“omgewing van die rivier” eiendom langs of in die onmiddellike omgewing van die rivier;

“gebruik” of “beheer” of enige soortgelyke uitdrukking ten opsigte van ’n boot of vaartuig, om ’n boot of vaartuig te water te laat, te gebruik, te seil, te navigeer, te dok of om ’n boot of vaartuig op ’n rivier te hê of om toe te laat dat ’n boot of vaartuig op ’n rivier is;

“toestemming” die geskrewe toestemming van die munisipaliteit;

“plesierboot” enige vaartuig of boot ongeag of dit op eie krag aangedryf word, wat deur meer as een persoon geokkupeer kan word, wat gebruik word vir die vermaak van passasiers by wyse van skemervaarte, onthale of enige ander vorm van vermaak;

“bakboord” die linkerkant van die boot of vaartuig soos beskou vanaf die boeg;

“kragboot” enige boot of vaartuig wat aangedryf word deur ’n motor of ander meganiese apparaat, hetsy binne- of buiteboord en ongeag of sodanige motor of apparaat die hoof kragbron is;

“publiseer” ten opsigte van die bepalings van artikel 17(1)—

(a) om in die Provinsiale Gazette en ’n plaaslike koerant te publiseer; en

(b) om die kennisgewing wat gepubliseer is op die munisipaliteit se kennisgewingborde te vertoon;

“geregistreeerde boot” ’n boot of vaartuig wat ingevolge artikel 6 van hierdie verordening van ’n identifikasienommer voorsien is;

“rivier” die Breede Rivier, die Goukou Rivier, die Gouritz Rivier, die Duiwenhoks Rivier of enige ander rivier in die munisipaliteit se jurisdiksiegebied;

“roeiboot” ’n boot of vaartuig wat ontwerp is om aangedryf te word deur middel van spane sonder enige meganiese bystand;

“seil” of “onderweg” die stand van ’n boot of vaartuig wat nie ge-anker of gedok is nie of op droë grond is;

“seilboot” enige boot of vaartuig wat deur die middel van seile deur die wind aangedryf kan word;

“SAMV” die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsgeesag (South African Maritime Safety Authority);

“stuurboord” die regterkant van die boot of vaartuig soos beskou vanaf die boeg;

“stewe” die agterkant van ’n boot of vaartuig;

“sigbaar” sigbaar vir iemand met redelike sig tydens ’n donker nag met ’n skoon atmosfeer;

“watergebied” die gebied tussen die hoogwatermerk op beide banke van die rivier en sy monding op enige gegewe tyd;

“waterski” om in die water te ski of skaats met of sonder enige bystand van enige soort skitoerusting en waar die waterskiër deur ’n boot of vaartuig gesleep word aan ’n sleeptou;

“water-skiër” of “skiër” ’n persoon wat waterski.

HOOFSTUK 1: BESTUUR VAN BOTE EN DIE GEBRUIK VAN RIVIERE

2. Gebruik van bote op riviere

- (1) Niemand mag ’n boot met ’n masjien van meer as 15 perdekrags op ’n rivier gebruik of in beheer daarvan wees nie, tensy—
 - (a) so ’n boot deur die munisipaliteit geregistreer en gelisensieër is nie;
 - (b) ’n tydelike permit vir sodange boot uitgereik is vir die bepaalde rivier waarop die boot gebruik gaan word nie; en
 - (c) die persoon wat die boot beheer in besit is van ’n geldige skipperslisensie of ’n sertifikaat van bekwaamheid wat deur die SAMV uitgereik is.
- (2) ’n Persoon onder die ouderdom van 15 jaar mag slegs in beheer wees van ’n boot met ’n masjien van 15 perdekrags of minder terwyl so ’n persoon vergesel is van ’n persoon wat in besit is van ’n geldige sertifikaat van bekwaamheid.
- (3) Waar enige lisensiehouer van ’n boot soos bedoel in subartikel (1) toelaat dat enige ander persoon, wat nie in besit is van ’n sertifikaat soos bedoel in subartikel (2) nie, ’n boot gebruik of beheer, of wat na die mening van die gemagtigde beampte nie bevoeg is om ’n boot met die nodige respek vir die omgewing te gebruik of in beheer daarvan te wees nie, mag so ’n gemagtigde beampte die gelisensieerde instruksie gee om nie so ’n ander persoon toe te laat om sodanige boot te gebruik of in beheer daarvan te wees nie.
- (4) Enige persoon wat ’n bepaling van hierdie artikel oortree, pleeg ’n misdryf.

3. Verbode gedrag

- (1) Geen persoon mag ’n boot of vaartuig op ’n rivier gebruik—
 - (a) op ’n roekelose of nalatige wyse nie;
 - (b) terwyl hy onder die invloed van drank of dwelmmiddels is, of terwyl die alkohol persentasie in sy bloed 0.05 of meer, uitgedruk in gram per 100 milliliters bloed;
 - (c) terwyl hy aan ’n siekte of swakheid lei wat hom ongeskik maak of dit te doen nie;
 - (d) op ’n wyse wat deur die gemagtigde beampte beskou word gevaarlik te wees vir die publiek of die insittendes van so ’n boot of vaartuig of op ’n wyse wat bereken is om eiendom of geriewe in gevaar te stel of te beskadig, met inagneming van al die omstandighede van die geval;
 - (e) op ’n wyse wat na die mening van die gemagtigde beampte ’n oorlas daarstel;
 - (f) sonder redelike inagneming van die regte van ander persone wat so ’n rivier gebruik;
 - (g) terwyl dit olie, petrol, besoedelende of enige ander toksiese of aanstootlike middele lek;
 - (h) indien die vrag of die aantal persone aan boord die dravermoë van die vaartuig oorskrei, soos aangedui op die vaartuig se registrasiesertifikaat of soos gemeld op die lisensie;
 - (i) indien die boot of vaartuig nie by die munisipaliteit geregistreer en gelisensieër is soos in hierdie verordening vereis word en indien die identifikasienommer wat ten opsigte van die boot of vaartuig uitgereik is nie permanent aangebring is op ’n wyse deur die munisipaliteit bepaal nie; en
 - (j) in stryd met enige gebruiksone op ’n rivier soos deur die munisipaliteit bepaal is nie.
- (2) Geen persoon mag in die watergebied sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit—
 - (i) teen vergoeding of vir wins enige vertoning of vermaak aanbied of enige besigheid of enige ambag bedryf of enige boor of vaartuig verhuur nie;
 - (ii) enige boot of vaartuig vir die vervoer van passassiers of goedere teen vergoeding aanhou of gebruik nie;
 - (iii) enige visvangkompetisie reël of aanbied nie; of
 - (iv) enige wedren, vergadering of regatta reël of aanbied nie.
- (3) Wanneer die munisipaliteit goedkeuring verleen ingevolge subartikel (2) mag dit enige voorwaardes stel wat dit in die lig van die omstandighede van elke geval goedgevind ten einde die publiek se veiligheid te beskerm.
- (4) Terwyl in ’n watergebied, mag geen persoon—
 - (a) onweloweglike, aanstootlike of onbehoorlike taal gebruik nie;
 - (b) homself op ’n aanstootlike, onbehoorlike of wanordelike wyse gedra nie;
 - (c) opsetlik of nalatiglik enige iets doen wat ongerief van ander gebruikers van die watergebied mag veroorsaak, of wat die vreedzaamheid mag versteur nie.
- (5) Niemand mag—
 - (a) van enige brug af of binne 20 meter aan enige kant van ’n sleephelling visvang nie
 - (b) sonder ’n permit scubaduik, vis skiet of visnette, behalwe ’n land- of gooinet, gebruik nie;
 - (c) in enige rivier swem waar bootry toegelaat word nie, tensy dit in ’n gebied is wat vir swem gereserveer is en indien dit as sulks deur ’n kennisgewingbord aangedui word;
 - (d) sonder ’n lisensie visvang nie;
 - (e) enige skeertuig, straalaangedrewe watertuig (insluitende, maar nie beperk nie tot waterponies) of seevliegtuig gebruik of enige valskeermaktiwiteite beoefen op enige deel van die watergebied van ’n rivier nie; of

- (f) enige obstruksie op of naby 'n rivier se oppervlak plaas nie.
- (6) Die munisipaliteit mag die grootte beperk van enige motor wat op enige rivier of gedeelte van 'n rivier gebruik word.
- (7) Die munisipaliteit mag aan enige rivier of gedeelte daarvan gebruiksones toeken vir die beskerming van die omgewing of vir veiligheidsoorwegings.
- (8) Die bepalings van subartikel (1)(i) is slegs van toepassing op 'n boot bedoel in artikel 2(1).
- (9) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

4. Toerusting aanboord 'n boot of vaartuig

- (1) Geen persoon mag enige boot of vaartuig op 'n rivier gebruik nie tensy die toerusting wat in Bylae 1 gelys is aanboord so 'n boot of vaartuig is nie.
- (2) Alle lewensreddingstoerusting aan boord van 'n boot of vaartuig moet in 'n goeie, werkende toestand en binne maklike reikafstand wees vir onmiddellike en effektiewe gebruik.
- (3) Die batterye en brandstof van enige boot of vaartuig moet in afsonderlike kompartemente gehou word en geen brandstoftoevoerpyp mag deur 'n batterykompartement loop nie. Beide kompartemente moet behoorlik geventileer wees.
- (4) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

5. Reëls vir die gebruik van bote

- (1) Niemand mag 'n boot of vaartuig sonder toesig in die watergebied laat tensy dit behoorlik ge-anker, vasgemeer of na droeë grond tot 'n veilige hoogte bo die watervlak verwyder is nie.
- (2) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (1), mag geen boot of vaartuig in 'n watergebied vir 'n langer tydperk as 24 ure sonder toesig gelaat word nie.
- (3) Geen boot of vaartuig mag vasgemeer of te water gelaat word op enige plek wat nie 'n plek is wat deur die munisipaliteit aangedui of goedgekeur is nie, en 'n gemagtigde beampte of die munisipaliteit mag enige boot of vaartuig sonder die toestemming van die eienaar skuif, of dit op 'n ander plek vasmeer indien dit in openbare belang geag word en sodanige beweging sal gedoen word op die risiko van die eienaar van die boot of vaartuig.
- (4) Geen boot of vaartuig mag vasgemeer word aan enige ander boot of vaartuig of aan 'n merker, boei of ander navigasiehulpmiddel.
- (5) Die stuurman van enige boot of vaartuig moet seker maak dat hy te alle tye volle beheer oor die boot of vaartuig kan uitoefen terwyl dit onderweg is.
- (6) Die stuurman van enige boot of vaartuig wat 'n lyn, kabel of tou vir enige doeleindes sleep, moet seker maak dat geen ander persoon in gevaar gestel of verontrief word nie.
- (7) Geen persoon mag 'n boot of vaartuig gebruik of toelaat dat dit gebruik word op so 'n wyse dat dit gevaar of oorlas veroorsaak vir enige ander boot of vaartuig of die insittendes daarvan of vir ander persone of eiendom of installasies in die water of aan die rand van die water of vir enige bote of vaartuie wat by 'n kaai vasgemeer is nie.
- (8) Geen kragboot wat onderweg is en geen persoon wat in 'n watergebied waterski mag nader as 10 meter gaan aan 'n plek waar mense swem of nader as 10 meter van die kant van 'n rivier of nader as 10 meter van enige ander boot of vaartuig of sodanige ander afstand soos deur die munisipaliteit bepaal, tensy:
 - (a) omstandighede sodanig is dat die gemelde afstande nie gehandhaaf kan word nie;
 - (b) bystand verleen word in 'n noodsituasie; of
 - (c) die kragboot gebruik word om vis te vang of enige waterskiër wat deur dit getrek word besig is om aan land te gaan of dit te verlaat;

Met dien verstande dat waar die voorgeskrewe afstande nie gehandhaaf word nie, moet die kragboot onmiddellik sy spoed na minder as 10 km per uur verminder.

- (9) Niemand mag op die boeg, voordek of boordwand van enige kragboot wat onderweg is wees nie tensy voldoende veiligheidsreëlings aangebring is, en geen persoon mag vanaf enige kragboot wat onderweg is spring of duik nie tensy hulp verleen word in 'n noodgeval of tensy dit nodig is om die boot te water te laat of aan land te bring.
- (10) Waar moontlik, moet 'n kragboot so geloods word dat die mediaanlyn van die water altyd aan die bakboordkant van die boot is en kragbote moet anti-klokgewys beweeg en aan die regterkant van die watergebied hou.
- (11) 'n Kragboot moet weghou van seilbote en bote of vaartuie wat deur roeispane of spane aangedryf word.
- (12) In die geval van kragbote, wanneer twee bote kop-aan-kop of naastenby kop-aan-kop nader, moet elkeen sy koers so na stuurboord verander sodat hulle mekaar aan die bakboordkant verbygaan en, onderworpe aan die bepalings van subartikel (8), op so 'n afstand en teen so 'n spoed dat die kielwater van enige van die vaartuie nie die ander in gevaar stel nie.
- (13) In die geval van kragbote, mag geen boot 'n ander boot wat in dieselfde rigting beweeg verbygaan nie tensy dit veilig is om so te doen. So 'n boot moet, wanneer 'n ander boot verbygesteek word, sodanige boot aan die bakboordkant verbygaan tensy dit ooglopend onveilig is of indien daar genoegsame ruimte is om te manuevre en, onderworpe aan die bepalings van subartikel (8), op so 'n afstand en teen so 'n spoed dat die kielwater nie die ander vaartuig of 'n skiër in gevaarstel nie. Stadiger verkeer moet dus nader aan die regterkant van die watergebied hou ten einde soveel ruimte moontlik aan die bakboordkant te laat.
- (14) 'n Boot wat verbygegaan word moet sy spoed en rigting hanhaaf totdat die verbyganende boot veilig verby is.
- (15) In die geval van kragbote, wanneer twee bote mekaar nader op 'n ander wyse as vermeld in subartikels (12) en (13), moet die boot wat die ander boot aan sy bakboordkant het sy spoed en rigting handhaaf en die boot wat die ander boot aan sy stuurboordkant het moet koers na stuurboord verander sodat hy agter die ander boot verbygaan en moet, indien nodig, stop of agteruitbeweeg ten einde 'n botsing te voorkom.
- (16) Wanneer twee seilbote mekaar nader op 'n wyse wat die risiko van 'n botsing inhou, geld die volgende reg van weg reëls:
 - (a) indien elkeen die wind aan 'n verskillende kant kry, moet die seilboot wat die wind aan bakboordkant kry die weg oophou deur koers te verander sodat hy agter die ander boot verbygaan, of deur om die ander boot te gaan of te stop; en

- (b) indien beide die wind aan dieselfde kant kry, moet die seilboot wat aan die loefsy (wind-op) is wegbly van die vaartuig wat aan die lykant (wind-af) is;
- (c) Vir die doeleindes van hierdie subartikel is die loefsy die teenoorgestelde kant van die kant waar die hoofseil gedra word.
- (17) Ten einde botsings te vermy, moet 'n kragboot die reg van weg gee aan ander klasse bote of vaartuie, en 'n roeiboot of kano moet die reg van weg gee aan 'n seilboot wanneer omstandighede dit vereis, niestandaard die bepalings van subartikels (11), (12), (13), (14) en (15), met dien verstande dat hierdie verordening nie aan enige stuurman die reg gee om onnodig die rigting van 'n ander vaartuig te blokkeer of daarmee in te meng nie. Dit is die plig van elke gebruiker van die watergebied om alle moontlike stappe te neem ten einde 'n ongeluk te voorkom, ongeag wie die reg van weg het soos bepaal in hierdie verordening.
- (18) Die stuurman van enige boot of vaartuig moet 'n veilige en versigtige spoed handhaaf in gebiede waar mense swem, bote of vaartuie vasgemaak is, waar visgevang word of waar boeie geplaas is en moet te alle tye, en veral wanneer sigbaarheid deur mis of ander oorsake belemmer word, die boot so hanteer dat mense, ander bote of vaartuie of ander eiendom nie in gevaar gestel word nie.
- (19) Geen boot of vaartuig mag nader as 100 meter in die kielwater van 'n waterskiër volg nie en dieselfde geld vir 'n boot of vaartuig wat 'n skiër trek
- (20) Bote en vaartuie wat 'n sleepstelling of jettie verlaat moet die reg van weg verleen aan inkomende of verbygaande bote of vaartuie.
- (21) Geen boot, vaartuig of ander voertuig wat by wyse van 'n skroefprop bokant die water, of by wyse van 'n waterstraal aangedryf word, mag in die watergebied gebruik word nie.
- (22) Tensy in 'n noodsituasie, mag geen vliegtuig in die watergebied land of opstyg nie.
- (23) Geen boot of vaartuig mag op 'n sleepstelling gelaat word nie, tensy dit vir die doeleindes van herstelwerk is.
- (24) Geen persoon mag 'n boot gebruik, of toelaat dat dit gebruik word, op 'n wyse dat buitensporig groot branders geskep word nie.
- (25) Niemand mag agter 'n boot gesleep word op enige aparatuur wat na die mening van die gemagtigde beampte 'n gevaar vir die gebruiker of ander gebruikers van die rivier inhou nie.
- (26) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

6. Reëls vir waterski, waar toegelaat

- (1) Niemand mag waterski tensy hy of sy 'n effektiewe lewensgordel of ski-frokkie of goedgekeurde drywingsapparaat aanhet nie.
- (2) Geen staal of ander metaalkabel of draad mag gebruik word om 'n waterskiër te sleep nie.
- (3) Die stuurman van enige boot of vaartuig wat 'n waterskiër sleep moet, voordat die waterskiër gesleep word, seker maak dat die waterskiër kennis dra van die noodsein vir waterskiërs, naamlik die trek van die hand oor die keel, sowel as ander standaard kommunikasietekens wat in waterski gebruik word.
- (4) Waterski word nie tussen sonsondergang en sonop toegelaat nie en die munisipaliteit mag ook waterski op enige ander tyd of in sekere sones verbied.
- (5) Geen boot of vaartuig mag 'n waterskiër sleep tensy 'n tweede persoon wat ouer as 16 jaar is in die boot teenwoordig is om die waterskiër dop te hou nie.
- (6) Geen waterskiër mag 'n ski uitskop behalwe op 'n plek waar 'n ski wat so uitgeskop is nie 'n gevaar vir enige ander gebruiker van die rivier sal inhou nie.
- (7) Sodra 'n waterskiër die sleeptou laat val, moet die boot stop totdat die observeerder of 'n ander passasjer die sleeptou aanboord geneem het. Die boot moet dan stadig na die plek beweeg vanwaar die sleep voortgesit sal word of die skiër aanboord gebring sal word, of om terug te keer na die plek waar die skiër aan wal gegaan het, wat ookal die geval mag wees.
- (8) Waterski word slegs in afgebakende gebiede toegelaat.
- (9) Die bestuurder van 'n boot wat 'n skiër sleep moet 'n rooi vlag met 'n minimum afmeting van 500mm by 500mm vertoon ten einde die volgende toestande aan te dui:
- (a) Wanneer 'n skiër geval het of wil begin ski;
- (b) wanneer 'n sleeptou vanaf die boot in die water is; en
- (c) wanneer 'n ski in die water in die omgewing van die boot is.
- (10) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

HOOFSTUK 2: REGISTRASIE EN LISENSIËRING VAN BOTE

7. Registrasie en lisensiëring van bote

- (1) Enige persoon wat van plan is om 'n kragboot, huisboot of plesierboot op 'n rivier te gebruik moet skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die munisipaliteit aansoek doen om registrasie en die lisensie vir so 'n boot en die aansoek moet die grootte van die boot, die metode van aandrywing, die masjiengrootte, die voorgenome gebruik en die veiligheidstoerusting op die boot aandui.
- (2) Enige sodanige aansoek moet vergesel gaan van die fooie, soos deur die munisipaliteit bepaal, vir die rivier waarop die aansoeker van voorneme is om die boot te gebruik en die fooie sal terugbetaalbaar wees indien die aansoek nie goedgekeur word nie.
- (3) 'n Boot ten opsigte waarvan 'n aansoek om 'n lisensie gebring is moet beskikbaar gestel word vir inspeksie deur 'n gemagtigde beampte op 'n datum, plek en tyd vasgestel deur die gemagtigde beampte tensy die aansoeker deur die gemagtigde beampte in kennis gestel word dat sodanige inspeksie nie nodig is nie.
- (4) Die munisipaliteit mag, in belang van veiligheid en omgewingsvolhoubaarheid of ten einde voldoening aan hierdie verordening te verseker, die aantal bote op 'n rivier beperk deur die aantal lisensies te beperk wat in enige gegewe jaar ten opsigte van enige rivier uitgereik word.
- (5) Die munisipaliteit mag, in belang van veiligheid of ten einde voldoening aan hierdie verordening te verseker, enige aansoek goedkeur of afkeur

en mag, wanneer so 'n aansoek goedgekeur word, voorwaardes oplê rakende die wyse van gebruik of van herstelwerk of alterasies aan so 'n boot soos dit mag nodig vind.

(6) Die munisipaliteit moet weier om 'n aansoek goed te keur indien dit van mening is dat die gebruik van die boot—

- (a) 'n bron van besoedeling in 'n rivier of in die omgewing van 'n rivier sal wees;
- (b) oorlas sal veroorsaak;
- (c) 'n gevaar vir die persone wat dit gebruik of die publiek of 'n deel van die publiek sal daarstel;
- (d) onvanpas sal wees in die gebied en die aard van die rivier; of
- (e) kielwater of branders sal veroorsaak wat 'n oorlas vir oewerbewoners sal wees of 'n onaanvaarbare risiko van skade aan die omgewing inhou.

(7) Die registrasie van 'n boot is nie oordraagbaar van een persoon na 'n ander nie of van een boot na 'n ander nie tensy 'n lisensiehouer van 'n boot wat ingevolge hierdie verordening geregistreer is sy registrasienommer en lisensie met die skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit oordra na 'n ander boot wat aan hom behoort.

(8) Die registrasie moet die lisensiehouer, die maksimum getal persone wat deur die boot gedra mag word, die tipe en lengte van die boot, die maksimum krag van die motor en die identifikasienommer wat aan die boot toegeken is spesifiseer.

(9) Waar die munisipaliteit weier om 'n boot te registreer of te lisensieer, moet dit redes vir die weiering verstrek.

(10) Die munisipaliteit behou die reg voor om die aantal registrasies per lisensiehouer te beperk.

(11) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree of 'n vals verklaring maak, pleeg 'n misdryf.

8. Geldigheid van lisensies, uitreik van tydelike permitte en die vertoon van tekens

(1) Die lisensie van 'n boot verval soos deur die munisipale bestuurder bepaal vir elke rivier.

(2) Ten einde 'n boot op 'n rivier te gebruik waar so 'n boot nie gelisensieer is nie en anderssins nie in terme van hierdie verordening gebruik mag word nie, mag 'n aansoek tot die munisipaliteit gerig word vir die uitreiking van 'n tydelike permit vir die rivier ten opsigte waarvan die aansoeker van plan is om die boot te gebruik en sodanige tydelike permit sal van krag wees vir 'n tydperk soos deur die munisipaliteit goedgekeur teen betaling van die voorgeskrewe fooi. Geen sodanige tydelike permit sal vir meer as dertig dae geldig wees nie.

(3) Die lisensiehouer van 'n boot moet onverwyld die lisensie of tydelike permit op die boot aanbring of laat aanbring op 'n wyse wat vir die munisipaliteit aanvaarbaar is.

9. Outomatiese verval en kansellering van lisensies en registrasies

(1) 'n Lisensie en 'n boot se registrasie verval outomaties indien so 'n boot deur of op gesag van die munisipaliteit verwyder is ingevolge artikel 15(4) as gevolg van die veroorsaking van besoedeling deur die vrystelling van petrol of olie in die rivier.

(2) Indien die munisipaliteit van mening is dat 'n boot nie langer vir registrasie ingevolge hierdie verordening of ingevolge enige voorwaardes waarop 'n lisensie toegestaan is kwalifiseer nie, mag die lisensie gekanselleer word nadat dertig dae kennis te dien effekte aan die gelisensieëerde gegee is by die adres wat op die lisensie verskyn.

10. Kansellering van lisensie

(1) Die munisipaliteit mag enige lisensie kanselleer indien—

- (a) dit tevrede is dat die boot ten opsigte waarvan so 'n lisensie uitgereik is nie meer seewaardig is nie, of 'n bron van besoedeling in die omgewing van die rivier is, of op 'n wyse gebruik word wat 'n oorlas of gevaar vir ander vaartuie of die publiek of 'n deel van die publiek daarstel;
- (b) die boot oorgedra, verkoop of mee weggedoen is of indien die munisipaliteit oortuig is dat die lisensiehouer nie meer beheer of toesig oor die boot uitoefen nie;
- (c) die lisensiehouer skuldig bevind is aan 'n oortreding wat verband hou met die gebruik van of beheer oor 'n boot ingevolge hierdie verordening; of
- (d) enige inligting wat op die aansoekvorm verstrek is verkeerd is.

(2) Indien die munisipaliteit enige lisensie ingevolge hierdie verordening kanselleer, moet 'n gemagtigde beampte die lisensiehouer onverwyld skriftelik, by die adres wat op die aansoekvorm verskaf is, van sodanige kansellering in kennis stel.

HOOFSTUK 3: VASSTELLING VAN TARIWE EN FOOIE

11. Vasstelling van tariewe, fooie en heffings

(1) Die munisipaliteit mag tariewe, fooie en heffings vasstel vir die registrasie en lisensiering van bote en die verskaffing van skyfies en tekens ten opsigte van riviere of enige besonderse rivier.

(2) By die vasstelling van tariewe, fooie en heffings ingevolge subartikel (1) mag die munisipaliteit onderskei tussen verskillende klasse bote en vaartuie wat van 'n rivier of enige geriewe gebruik maak, ten opsigte van hul grootte, metode van aandrywing of gebruik, of dit mag enige and onderskeid tref wat, na die mening van die munisipaliteit, relevant is tot die daarstelling van sodanige tariewe of fooie.

(3) Enige aansoek vir die lisensiering van 'n boot en die gebruik van geriewe deur 'n boot of vaartuig moet vergesel gaan van die voorgeskrewe fooie deur die munisipaliteit bepaal.

(4) Alle inkomste wat gegenereer word uit permitte wat uitgereik word ingevolge hierdie verordening vir ontspanningsaktiwiteite moet toegewys word aan die beheer van ontspanningsaktiwiteite of die onderhoud van openbare infrastruktuur en en om die rivier ten opsigte waarvan die inkomste gegenereer is of beide die beheer en onderhoud.

HOOFSTUK 4: BESOEDILING VAN RIVIERE

12. Besoedeling van riviere

- (1) Niemand mag, behalwe met die goedkeuring van die munisipaliteit en in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op die Beheer oor Strandgebiede, 1935 (Wet 21 of 1935), toelaat dat enige rioolpyp of—tenk in 'n rivier uitloop nie of toelaat dat enige ander afvalwater van enige bron in die rivier beland nie.
- (2) Daar mag van geen stof soos petrol, olie of enige giftige of aanstootlike stof in 'n rivier mee weggedoen word nie.
- (3) Niemand mag enige bottels kanne, afval of vullis van enige aard in die water of op enige aangrensende grond of gerief gooi nie, behalwe in hours wat vir daardie doel voorsien word.
- (4) Niemand mag deur enige handeling of versuim, hetsy direk of indirek, 'n oorlas toelaat of toelaat dat 'n bron van gevaar geskep of voortgesit word, of enige inmenging met die gemak of gerief van persone in die omgewing van 'n rivier toelaat nie.
- (5) Niemand mag enige visafval in 'n rivier stort nie.
- (6) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

HOOFSTUK 5: BEVOEGDHEDE VAN GEMAGTIGDE BEAMPTES

13. Bevoegdhede van gemagtigde beamptes

- (1) Enige persoon wat 'n ongelisensieerde boot op 'n rivier gebruik of enige bepaling van hierdie verordening oortree, mag deur 'n gemagtigde beampte aangesê word om so 'n ongelisensieerde boot sonder verwyd van die rivier te verwyder of om sodanige oortreding te staak en nie-nakoming van so 'n bevel is 'n misdryf.
- (2) Enige gemagtigde beampte het die reg om te eniger tyd aan boord 'n vaartuig te gaan en dit te inspekteer ten einde te vas te stel of die bepalings van hierdie verordening nagekom word.
- (3) Enige gemagtigde beampte mag in die watergebied—
 - (a) enige boot of vaartuig of enige toerusting daarop ondersoek en toets ten einde te bepaal of die boot of vaartuig geskik is vir navigasie op of in die water en of die bepalings van hierdie verordening nagekom word;
 - (b) enige inligting ten opsigte van die boot of vaartuig van die stuurman versoek, en indien die stuurman nie in staat is om die inligting te verstrek nie, hom beveel of die boot of vaartuig onverwyld van die water te verwyder tot tyd en wyl daar aan die versoek voldoen kan word;
 - (c) van die stuurman vereis om sy naam en adres asook die naam en adres van die lisensiehouer te verstrek asook enige ander inligting wat vir identifikasiedoeleindes vereis word;
 - (d) van enige ander persoon op die boot of vaartuig, buiten die stuurman, vereis om sy naam en adres asook enige ander inligting wat vir die identifikasie van die stuurman of lisensiehouer vereis word te verstrek;
 - (e) indien dit vir hom voorkom dat die stuurman van enige boot of vaartuig as gevolg van enige fisieke of geestelike toestand, ongeag die oorsprong daarvan, nie in staat is om die boot of vaartuig te stuur of in beheer daarvan te wees nie, die stuurman tydelik verbied om aan te hou stuur of in beheer van die boot of vaartuig en hy mag reëlins tref wat na sy mening nodig en aan te beveel is vir die veilige besorging van die boot of vaartuig;
 - (f) indien dit vir hom voorkom dat die vraag of die aantal persone wat in enige boot of vaartuig vervoer word meer is as wat op die registrasiesertifikaat aangedui word, die stuurman verbied om met die vaart voort te gaan totdat die vraag of die getal persone op die wyse verminder is as wat hy nodig en aan te beveel vind;
 - (g) indien dit vir hom voorkom dat enige boot of vaartuig of deel daarvan nie-navigeerbaar in of op die water is, die stuurman beveel om die boot of vaartuig onverwyld uit die watergebied te verwyder tot tyd en wyl die boot of vaartuig of gedeelte daarvan navigeerbaar gemaak is;
 - (h) indien dit vir hom voorkom dat enige van die toerusting wat deur hierdie verordening voorgeskryf word nie aan boord die boot of vaartuig is nie of nie in 'n goeie werkende toestand is of maklik beskikbaar is vir onmiddellike gebruik nie, die stuurman beveel om die boot of vaartuig onverwyld uit die watergebied te verwyder tot tyd en wyl daar aan al die bepalings van hierdie verordening voldoen word;
 - (i) enige visstok of—lyn wat onbewaak gelaat word van 'n rivier verwyder, indien sodanige stok of lyn 'n gevaar vir die veiligheid van ander persone.
- (4) Niemand mag—
 - (a) met 'n gemagtigde beampte inmeng in die uitvoering van sy pligte nie of hom belemmer om sy werk te doen nie; of
 - (b) weier om sy naam of korrekte adres op versoek van 'n gemagtigde beampte te vertrek nie.
- (5) Enige persoon wat 'n bepaling van subartikel (4) oortree, pleeg 'n misdryf.

14. Delegasie van bevoegdhede

Die munisipaliteit mag enige bevoegdhede wat aan dit opgedra is ingevolge hierdie verordening, met die uitsondering van die bevoegdheid om fooie te hef of vas te stel, aan enige persoon, persone of organisasies deleger of oordra.

15. Verwydering van bote van die rivier

- (1) Indien die eienaar van 'n ongelisensieerde boot versuim om so 'n boot van die rivier te verwyder nadat hy aangesê is om dit te doen deur die munisipaliteit of enige gemagtigde beampte, mag die munisipaliteit sodanige boot onverwyld verwyder.
- (2) (a) Waar die munisipaliteit enige lisensie kanselleer, of indien enige lisensie verstryk of verval in terme van hierdie verordening, moet die eienaar van die boot waarvan die lisensie verval of verstryk het so 'n boot onverwyld van die rivier verwyder;
- (b) Indien die eienaar van 'n boot waarvan die lisensie verval of verstryk het of dit gekanselleer is, versuim om sodanige boot binne dertig dae nadat die lisensie verval of verstryk het of na kennisgewing dat dit gekanselleer is te verwyder, mag die munisipaliteit sodanige boot onverwyld verwyder.

- (3) Enige boot in of op 'n rivier waarvan die fooie soos voorgeskryf deur die munisipaliteit vir meer as dertig dae agterstallig is, mag van die rivier verwyder word deur die munisipaliteit nadat skriftelik kennis gegee is aan die eienaar of lisensiehouer.
- (4) Waar die munisipaliteit gemagtig is om 'n boot of vaartuig te verwyder, mag 'n gemagtigde beampte enige reëling tref wat hy nodig vind ten einde seker te maak dat so 'n boot of vaartuig verwyder word en die munisipaliteit mag die koste verbonde aan sodanige verwydering van die eienaar of lisensiehouer verhaal.
- (5) Indien 'n boot of vaartuig wat ingevolge subartikel (4) van 'n rivier verwyder is ingevolge die bepalings van subartikels (1), (2)(b) of (4) nie binne negentig dae na sodanige verwydering geëis word nie, of in die geval van 'n boot of vaartuig waarna verwys word in subartikel (2)(b) of (4), binne negentig dae nadat sodanige kennis gegee is en nadat alle agterstallige fooie betaal is, mag die munisipaliteit op sodanige boot of vaartuig ingevolge 'n hofbevel beslag lê ten einde die agterstallige fooie te verhaal.

HOOFSTUK 6: HUISBOTE

16. Huisbote

- (1) Niemand mag 'n huisboot binne die watergebied aanhou of gebruik sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit nie.
- (2) Die eienaar van enige huisboot wat sodanige boot op 'n rivier wil gebruik moet skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die munisipaliteit aansoek doen teen betaling van die voorgeskrewe fooi. Die aansoek moet volle besonderhede bevat van die konstruksie, grootte van die boot, die metode van aandrywing, die voorgenome gebruik en die gebied waar dit gebruik sal word. Voorts moet die aansoeker die munisipaliteit tevrede stel dat die huisboot voldoende geriewe aan boord het vir die bewaring van vullis, afval of riool wat aan boord gegenereer mag word.
- (3) Die munisipaliteit mag sodanige verdere besonderhede ten opsigte van die huisboot versoek wat dit nodig mag ag om dit in staat te stel om te besluit of die aansoek goedgekeur moet word of nie.
- (4) Die huisboot ten opsigte waarvan die aansoek gedoen word moet beskikbaar gestel word vir 'n ondersoek deur 'n gemagtigde beampte van die munisipaliteit op 'n datum, plek en tyd deur die beampte aangedui.
- (5) By die verlening van magtiging om 'n huisboot aan te hou of te gebruik op 'n rivier, mag die munisipaliteit sodanige voorwaardes stel as wat dit nodig vind in die belang van veiligheid of om die impak van die huisboot op ander gebruikers van die rivier te beperk.
- (6) Die munisipaliteit het volle diskresie om die aantal huisbote op 'n rivier te beperk.
- (7) Enige magtiging wat deur die munisipaliteit verleen is sal vir 'n tydperk van 12 maande geldig wees en daarna verval dit outomaties, waarna die eienaar van die huisboot weer 'n aansoek moet indien ingevolge hierdie verordening.
- (8) Die eienaar van 'n huisboot wat op 'n rivier gebruik word moet seker maak dat alle persone wat die huisboot gebruik oor die nodige vaardighede beskik om dit te beheer.
- (9) Geen huisboot mag vir langer as 24 uur sonder die skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit op enige plek in die rivier voor anker lê nie.
- (10) Elke huisboot moet die nodige veiligheidssertifikaat van die SAMV bekom.

HOOFSTUK 7: BESONDERE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN SEKERE RIVIERE

17. Bestuursplanne vir riviere

- (1) Die munisipaliteit sal bestuursplanne vir die beheer en gebruik van die volgende riviere in sy jurisdiksiegebied daarstel en publiseer—
- Brede Rivier;
 - Goukou Rivier;
 - Gouritz Rivier; and
 - Duiwenhoks Rivier.
- (2) Die bestuursplanne bedoel in subartikel (1) moet vir reëls voorsiening maak, maar is nie tot die volgende beperk nie—
- die gebruik van bote en vaartuie op die riviere en die groottes en getalle wat toegelaat sal word;
 - veiligheid op die riviere;
 - besoedeling van die riviere;
 - die oprigting van strukture en geriewe;
 - die afbakening van gebiede vir gebruik;
 - die reël van openbare geleenthede en regattas; en
 - die beskerming van die vis-, dier en plantlewe.
- (3) Die bestuursplanne bedoel in subartikel (1) moet aan 'n openbare deelnameproses onderwerp word en gemeenskappe en belangegroepes moet betrek word.
- (4) Enige persoon wat versuim om te voldoen aan enige voorskrifte, voorwaardes of reëls wat in 'n bestuursplan bedoel in subartikel (1) vervat is, pleeg 'n misdryf.

HOOFSTUK 8: ALGEMENE BEPALINGS

18. Vrystelling van aanspreeklikheid

- (1) Ongeag die oorsaak daarvan sal die munisipaliteit nie aanspreeklik wees vir enige besering opgedoen deur enige persoon wat 'n rivier of enige ander geriewe gebruik of vir skade aan enige eiendom daarop nie.
- (2) Die munisipaliteit as geheel, individuele raadslede, enige persoon in diens van die munisipaliteit of enige organisasie aan wie die munisipaliteit

enige bevoegdheids gedelegeer het ingevolge artikel 13 van hierdie verordening sal nie, behalwe in die geval van enige opsetlike handeling of verzuim deur die munisipaliteit of sodanige persoon of organisasie, vir enige verlies of skade aanspreeklik wees wat veroorsaak is of spruit uit of in verband met enigiets wat ter goeder trou gedoen in die uitvoering van enige bevoegdheid of verpligting wat in terme van hierdie verordening opgelê is nie.

19. Vrystelling van bepalings

(1) Enige persoon mag by wyse van 'n skriftelike aansoek waarin die redes vir die aansoek ten volle aangedui word, by die munisipaliteit aansoek doen om vrystelling van die bepalings van hierdie verordening.

(2) Die munisipaliteit mag:

(a) 'n vrystelling skriftelik verleen en die voorwaardes, indien enige, en die tydperk waarvoor die vrystelling verleen word, moet daarin uiteengesit word;

(b) enige vrystelling of voorwaarde in 'n vrystelling wysig of kanselleer; of

(c) weier om vrystelling te verleen.

(3) 'n Vrystelling is nie van krag voordat die aansoeker skriftelik onderneem het om aan al die voorwaardes wat ingevolge subartikel (2) gestel is na te kom nie, met dien verstande dat indien 'n aktiwiteit onderneem word voordat so 'n onderneming by die munisipaliteit ingedien is, verval die vrystelling.

(4) Indien enige voorwaarde van 'n vrystelling nie nagekom word nie, verval die vrystelling onmiddellik.

20. Appèl

Iemand wie se regte geraak word deur 'n besluit van die munisipaliteit mag ingevolge Artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 200 (Wet 32 van 2000) teen die besluit appèl aanteken by wyse van skriftelike kennisgewing van die appèl en die redes daarvoor aan die Munisipale Bestuurder binne 21 dae van die datum van kennisgewing van die besluit.

21. Strawwe

Iemand wat 'n misdryf ingevolge hierdie verordening begaan het, is by skuldigbevinding aanspreeklik vir 'n boete of, indien die boete nie betaal word nie, gevangenisstraf of sodanige gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete, of sowel die boete as sodanige gevangenisstraf en, in die geval van 'n opeenvolgende of volgehoue misdryf, vir 'n boete vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur, of indien die boete nie betaal word nie, tot bykomende gevangenisstraf.

22. Herroeping van verordeninge

Die bepalings van enige verordening wat voorheen deur die munisipaliteit of by enigeen van die ontbinde munisipaliteite wat nou in die munisipaliteit geïnkorporeer is, afgekondig is, word hiermee herroep insoverre hulle betrekking het op sake waarvoor daar in hierdie verordening voorsiening gemaak word en insoverre dit op die munisipaliteit van toepassing gemaak is deur die magtiging vir die uitvoering van magte en funksies ingevolge Artikel 84(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998.

23. Kort titel en inwerkingtrede

Hierdie verordening word die Verordening insake die Bestuur en Gebruik van Riviere genoem en tree in werking op die datum van die publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

BYLAE 1

(Artikel 4)

Toerusting vereis	Tipe boot of vaartuig
1. 'n Lewensgordel	Enige boot of vaartuig, uitsluitende 'n kanoe, roei-ski, wielstoomboot of roeiboort.
2. Lewensboei of ander drywende voorwerp	
3. Voldoende roeispane of pale of alternatiewe aandrywingsapparaat om 'n boot of vaartuig te land	Enige boot of vaartuig
4. 'n Pomp of ander skepparaat	Enige boot of vaartuig, tensy die boot of vaartuig ontwerp is om te dryf met die aantal persone aan boord self indien dit vol water is
5. 'n Water-ski truspieël	Kragboot wat gebruik word om 'n waterskiër te trek
6. Fluit of sirene wat gebruik moet word om ongelukke te vermy	Kragboot Huisboot
7. Brandblusser	
8. Vlamvasvanger vir elke vergasser van enige petrolienjin op 'n boot of vaartuig, behalwe 'n buiteboordmasjien	
9. Knaldemper op die uitlaatstelsel	Enige masjiengedrewe boot of vaartuig
10. Ligte wat vir ten minste 200m sigbaar moet wees indien die boot of vaartuig tussen sonsondergang en sonop gebruik word:	Kragbote en seilbote voor anker Kragbote en seilbote terwyl onderweg Vaartuie anders as 'n kragboot
(a) whitle lig sigbaar vanuit alle hoeke	
(b) bakboord en stuurboord ligte sigbaar vir 112.5 grade	
(c) lantern of flitsende lig wat gewys word om botsings te voorkom	
11. Vullishouer	Enige boot of vaartuig, behalwe 'n kanoe, roei-ski of seilplank
12. Anker met ten minste 30 meter ankerlyn	Enige boot of vaartuig, behalwe 'n kanoe, roei-ski, waterponie of seilplank

SOUTH AFRICA FIRST –
**BUY SOUTH AFRICAN
MANUFACTURED GOODS**

SUID-AFRIKA EERSTE –
KOOP SUID-AFRIKAANS
VERVAARDIGDE GOEDERE

The “Provincial Gazette” of the Western Cape

appears every Friday, or if that day is a public holiday, on the last preceding working day.

Subscription Rates

R140,30 per annum, throughout the Republic of South Africa.

R140,30 + postage per annum, Foreign Countries.

Subscriptions are payable in advance.

Single copies are obtainable at Room 9-06, Provincial Building, 4 Dorp Street, Cape Town 8001, at R3,00 per copy.

Advertisement Tariff

First insertion, R19,80 per cm, double column.

Fractions of cm are reckoned as a cm.

Notices must reach the Director-General not later than 10:00 on the last working day but one before the issue of the *Gazette*.

Whilst every effort will be made to ensure that notices are published as submitted and on the date desired, the Administration does not accept responsibility for errors, omissions, late publications or failure to publish.

All correspondence must be addressed to the Director-General, P.O. Box 659, Cape Town 8000, and cheques, bank drafts, postal orders and money orders must be made payable to the Department of the Premier.

Die “Provinsiale Koerant” van die Wes-Kaap

verskyn elke Vrydag of, as die dag ’n openbare vakansiedag is, op die laaste vorige werkdag.

Tarief van Intekengelde

R140,30 per jaar, in die Republiek van Suid-Afrika.

R140,30 + posgeld per jaar, Buiteland.

Intekengeld moet vooruitbetaal word.

Los eksemplare is verkrygbaar by Kamer 9-06, Provinsiale-gebou, Dorpstraat 4, Kaapstad 8001, teen R3,00 per eksemplaar.

Advertensietarief

Eerste plasing, R19,80 per cm, dubbelkolom.

Gedeeltes van ’n cm word as een cm beskou.

Kennisgewings moet die Direkteur-generaal uiterlik om 10:00 op die voorlaaste werkdag voor die uitgawe van die *Koerant* bereik.

Hoewel alle pogings aangewend sal word om te sorg dat kennisgewings soos ingedien en op die verlangde datum gepubliseer word, aanvaar die Administrasie nie verantwoordelikheid vir foute, weglatings, laat publikasies of versuim om dit te publiseer nie.

Alle briefwisseling moet aan die Direkteur-generaal, Posbus 659, Kaapstad 8000, gerig word en tjeks, bankwissels, posorders en poswissels moet aan die Departement van die Premier betaalbaar gemaak word.

CONTENTS—(Continued)**INHOUD—(Vervolg)**

	Page		Bladsy
Stellenbosch Municipality: Amendment of Klapmuts structure plan, approval of the development framework plan, rezoning, subdivision and departures	11	Stellenbosch Munisipaliteit: Wysiging van die Klapmuts struktuurplan, goedkeuring van die ontwikkelingsraamwerk plan, hersonering, onderverdeling, afwykings.....	11
Swellendam Municipality: Rezoning and departure.....	8	Swellendam Munisipaliteit: Hersonering en afwyking.....	8
Swellendam Municipality: Consent use	10	Swellendam Munisipaliteit: Vergunningsgebruik.....	10
Western Cape Provincial Department of Health: General Notice	11	Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid: Algemene kennisgewing	11
Western Cape Gambling and Racing Board: General Notice	12	Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne: Algemene kennisgewing	12